At present two major problems confront the gold mining industry—the increase of temperature with increase in depth, and the incidence of pressure-bursts which also are becoming more frequent as mining goes deeper. The Council's Mechanical Engineering Research Unit is concerned in both these problems. A climatic chamber, which enables human subjects to be exercised under various conditions of temperature and humidity closely similar to those likely to be encountered underground, has been designed and will be used by the Chamber of Mines research team to find out the limit



Apparaat vir differensiële termiese ontleding wat gebruik word vir navorsing i.v.m. kleiminerale.

Apparatus for the differential thermal analysis used in research on clay minerals.

vogtigheidsstoestand wat baie na aan die ondergrondse is, te laat werk, is ontwerp en sal deur die navorsingspan van die Kamer van Mynwese gebruik word om uit te vind wat die perk van menslike uithouvermoë is wat 'n beheerende faktor in diepvlakontginning sal wees. Terselfdertyd is die Eenheid besig met navorsing na die lugreëling in myne wat uiteindelik mag lei tot doeltreffender ondergrondse verkoeling. Aansienlike vordering is gedurende die afgelope jaar gemaak t.o.v. die oplossing van die probleem van rotsstortings wat nie slegs huidige verliese aansienlik sal verminder nie maar miskien ook die effektiewe lewensduur van goudmyne met baie jare mag verleng.

In medewerking met die Geologiese Opname, het die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium die ondersoek van kleinerslae van potensiele ekonomiese belang in baie dele van die Unie voortgesit. 'n Groot neerslag van attapulgit of Fullersaarde wat baie nywerheidsgebruike besit, b.v. as 'n „draer” van insekdoende bestuivingsmiddels, is op die Springbokvlakte aangetref. Werk i.v.m. 'n veelbelowende proses vir die produksie van chroom uit Suid-Afrikaanse ertse, is gedurende die jaar voortgesit.

Vervoer

Doeltreffende vervoer is 'n moderne noodsaaklikheid. Elke jaar word sowat £1,135,000 bestee aan die bou en onderhoud van die bitumineuse bolae van ons nasionale en provinsiale paaie en van die 16,300,000 gelling teer en bitumens wat vir hierdie doel gebruik word, word sowat 10,700,000 in Suid-Afrika vervaardig. Navorsing na die verbetering van die plaaslik-vervaardigde bolaagemateriaal wat deur die Navorsingseenheid vir Bitumineuse Bindstof onderneem word, is potensieel dus van groot praktiese belang. Gedurende die afgelope jaar het die Eenheid twee grootskaalse padleggingsproewe onderneem wat nuttige inligting sal verstrek waarop die ontwerp van beter paaie gebaseer kan word.

Van minder onmiddellike belang op die oomblik maar van aansienlike waarde vir die toekoms, is werk in verband met die ontwikkeling van die gasturbine wat deur die Navorsingseenheid vir Werktuigkundige Ingenieurswese onderneem word. Vir Suid-Afrika het hierdie soort masjien die dubbele voordeel dat dit nie groot hoeveelhede water verbruik soos stoomlokomotiewe nie en dat dit verder ook aangepas kan word vir die brand van steenkool waarmee Suid-Afrika ryk bedeele is. Gedurende die afgelope jaar het die Eenheid 'n toestel ontwerp bekend as 'n termo-akoestiese ossilleerder wat dit moontlik maak om vergruisde steenkool met veel groter doeltreffendheid te gebruik as in die verbrandingskamer van 'n gewone gasturbine. Die gerief van passasiers wat per trein reis, kan verhoog word deur die gebruik van nuwe soorte ventilators wat aanvaar is na toetse wat deur die Eenheid in sy windtunnel uitgevoer is.

of human endurance which will be a controlling factor in mining at deeper levels. At the same time the Unit is conducting research into mine ventilation which may eventually result in more efficient cooling underground. Considerable progress was made during the last year towards the solution of the pressure-burst problem, which will not only reduce current losses considerably but may have the result of extending the effective life of the gold mines by many years.

In co-operation with the Geological Survey the National Chemical Research Laboratory continued to examine clay deposits of potential economic importance in many parts of the Union. A large deposit of attapulgit or fullers' earth which has many industrial uses, such as a "carrier" for insecticide dusts, was found on the Springbok Flats. Work was continued during the year on a promising process for producing chromium from South African ores.

Transport

Efficient transport is a modern essential. Each year some £1,135,000 is spent on constructing and maintaining the bituminous surfacings on our national and provincial roads, and of the 16,300,000 gallons of tars and bitumens used for this purpose some 10,700,000 is produced in South Africa. The research into the improvement of these locally produced road surfacing materials undertaken by the Bituminous Binder Research Unit is therefore potentially of considerable practical importance. During the past year this unit has conducted two large-scale road-laying experiments which will provide useful information on which the design of better roads can be based.

Of less immediate interest, but of considerable future importance, is work being undertaken by the Mechanical Engineering Research Unit on the development of the gas turbine. For South Africa this type of machine has the double advantage that it does not consume large quantities of water as do steam engines and it can be adapted to burn coal of which we have ample supplies. During the past year the Unit has invented a device known as a thermo-acoustic oscillator which makes it possible to use pulverised coal much more efficiently than in the combustion chamber of a gas turbine of conventional design.


The comfort of railway passengers may be improved by the use of new types of coach ventilators selected after tests by the Unit in its wind tunnel.

Kommunikasie-middele

Kommunikasie-middele in die moderne wêreld vertoon 'n toenemende neiging om op die radio te steun. Die Telekommunikasie-navorsingslaboratorium van die W.N.N.R. het 'n nuwe soort kristalbeheerde ontvang-toestel ontwerp wat 'n groot verbetering is op die bestaande apparaat. Gedurende die afgelope jaar het die Laboratorium die beginsel van kristalbeheer uitgebrei tot 'n frekwensieopwekker wat 'n besonder noukeurige beheer van radiosenders moontlik maak. Opwekkers van hierdie ontwerp is met groot sukses deur die Postkantoor gebruik en is ook van belang vir die Suid-Afrikaanse Uitsaai-korporasie en die Afdeling Burgerlike Lugvaart.

Communications

Communications in the modern world tend more and more to rely on radio. The C.S.I.R.'S. Telecommunications Research Laboratory has developed a new type of crystal-controlled receiver which is a considerable advance on anything in existence. During the past year the Laboratory has extended the principle of crystal control to a frequency generator which makes possible the very accurate control of radio transmitters. Generators of this design have been used with considerable success by the Post Office, and are also of importance to the South African Broadcasting Corporation and the Department of Civil Aviation.



'n Kristalbeheerde frekwensieopwekker wat deur die Telekommunikasie Navorsingslaboratorium ontwikkel is vir gebruik by radiosenders.

A crystal-controlled precision frequency generator invented by the Telecommunications Research Laboratory for use with radio transmitters.

Die Laboratorium handhaaf 'n maandelikse radio-frekwensie en voorspellingsdiens wat die owerhede verantwoordelik vir radioverbindinge, die uitsaaidienste en lugvaartowerhede in staat stel om die beste golflengtes te bepaal vir 'n radio-uitsending op 'n bepaalde tyd. Gedurende die afgelope jaar was die Laboratorium besig met 'n opname van die aardkonstantes wat die beweging van radiogolwe beïnvloed oor die hele Unie en Suidwes-Afrika. Die opname sal aansienlik bydra tot die daarstelling van gekoördineerde uitsaaidienste

The Laboratory maintains a monthly radio frequency prediction service which helps the authorities responsible for radio communications, the broadcasting services, and aviation authorities to decide on the best wavelengths to use for radio transmission at a particular time. During the past year it was engaged in a survey covering the whole of the Union of South Africa and South West Africa of the ground constants which affect the travel of radio waves. This survey will aid considerably in setting up co-ordinated broadcasting systems to

wat nie alleen 'n beter ontvangs vir burgerlike uitsending sal waarborg nie maar ook van groter hulp sal wees vir die lugvaart.

Direkte Dienste aan die Nywerheid en die Regering

Dit is in hierdie verband dat die W.N.N.R. miskien die meeste kan doen om die volk van diens te wees. In 'n nuut-geïndustrialiseerde land soos die Unie van Suid-Afrika, is navorsing op 'n doeltreffende skaal gewoonlik bokant die vermoë van individuele firmas aangesien dit fynafgewerkte en dikwels duur toerusting vereis sowel as die dienste van hoog-opgeleide wetenskaplikes. Hierdie fasiliteite is egter beskikbaar in die laboratoriums van die W.N.N.R. en word gebruik vir die oplossing van probleme waarmee die Nywerheid sowel as Regeringsdepartemente te kampe het.

Die werksaamhede van die laboratoriums raak byna elke aspek van nywerheidsproduksie. Gedurende die afgelope jaar het hulle meer as 1,000 navrae om wetenskaplike en tegniese inligting en raad behandel. Die tydperk is gekenmerk deur die toenemende hoeveelheid ondersoekingswerk wat onder kontrak gedoen is en die verhoogde gebruik van ander dienste soos die yking van wetenskaplike instrumente. Die toenemende bedrae wat jaarliks aan die W.N.N.R. toegeken word vir ondersteunde navorsing in die vorm van beurse, toelae en ondersoeke onder kontrak sowel as vir tegniese dienste wat deur die laboratoriums onderneem word, lewer afdoende bewys hiervan :

1946/47	£3,880
1947/48	£14,230
1948/49	£20,628
1949/50	£24,920
1950/51	£27,690
1951/52	£48,179
1952/53	£73,479

Hierdie enkele voorbeelde toon hoedat die werksaamhede van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad die lewens van die Suid-Afrikaanse volk verryk. 'n Deel van die werk wat tans gedoen word, sal 'n byna onmiddellike invloed op ons daaglikse lewe hê; baie daarvan sal egter eers oor baie jare vrugte afwerp en 'n klein deel daarvan sal waarskynlik niks meer doen as om ons kennis te verryk nie.

In die stukke wat volg, word vollediger verslae deur elk van die nasionale laboratoriums en die ander afdelings van die Raad gegee.

give better reception, not only for entertainment broadcasting, but also for navigational aids to aviation.

Direct Services to Industry and Government

It is here that the C.S.I.R. can perhaps do most to serve the nation. In a newly industrialized country like the Union of South Africa, research on a worthwhile scale, needing elaborate and often expensive equipment and the services of highly trained scientists, is generally beyond the means of individual firms. These facilities, however, are available in the C.S.I.R.'s laboratories and are used for the solution of the problems encountered by both industry and Government departments.

The activities of these laboratories have touched on almost every aspect of industrial production. During the past year they dealt with over 1,000 enquiries for scientific and technical information and advice. The period was marked by the increasing amount of investigational work done on contract and the increased use of other services such as the calibration of scientific instruments. This is well illustrated by the increasing amounts subscribed annually to the C.S.I.R. for sponsored research in the form of fellowships, grants-in-aid and contract investigations, and for technical services undertaken by the laboratories :

1946/47	£3,880
1947/48	£14,230
1948/49	£20,628
1949/50	£24,920
1950/51	£27,690
1951/52	£48,179
1952/53	£73,479

These few examples illustrate how the activities of the Council for Scientific and Industrial Research are enriching the lives of the people of South Africa. Some of the work now being done will have an almost immediate effect on our daily lives, much of it will not bear fruit for many years to come, and a little will perhaps do no more than extend the bounds of knowledge.

In the sections which follow detailed reports are given by each of the national laboratories and the Council's other divisions.

Die Bouprogram

Opeenhoping in die huidige huisvesting van die W.N.N.R. het nou 'n akute stadium bereik. Dit is dus verblydend om aan te kondig dat aansienlike vordering met die geboue op die nuwe perseel, sewe myl oos van Pretoria gedurende die afgelope jaar gemaak is. Die windtonnel was dwarsdeur hierdie tydperk in volle gebruik en aanliggende geboue het huisvesting verskaf aan die Navorsingseenheid vir Werktuigkundige Ingenieurswese.



Die President en Vice-President met 'n model van die rangskikking van geboue op die nuwe terrein van die W.N.N.R.

The President and Vice-President with a model of the arrangement of buildings on the C.S.I.R.'s new site.

Die siklotronsaal is voltooi en 'n begin is gemaak met die installering van die swaarder dele van die siklotron self. Die kernfisikagebou maak goeie vordering en behoort gereed te wees teen die einde van 1954.

Die eerste groot gebou, die een vir die Nasionale Bounavorsingsinstituut, is nou goed op pad en behoort April, 1954 klaar te wees.

Die gebou vir die huisvesting van die Afdeling Akoestiek van die N.F.L. het aan die einde van die tydperk onder bespreking 'n aanvang geneem en tenders sal vroeg in 1954 gevra word vir die biofisikagebou en die hoofgebou van die Nasionale Fisiese Laboratorium.

Planne vir die Hoofkantooradministrasie- en Biblioteekgeboue is tans onder bespreking en daar word gehoop om gedurende 1954 met die bou daarvan te begin.

The Building Programme

Congestion in the present accommodation of the C.S.I.R. has now reached the acute stage, so that it is gratifying to record that considerable progress has been made during the past year in connection with the building programme on the new site seven miles east of Pretoria. The wind tunnel has been in full use throughout the period and adjacent buildings have provided accommodation for the Mechanical Engineering Research Unit.

The cyclotron hall has been completed and a start has been made with the installation of the heavier parts of the cyclotron itself. The nuclear physics building is making good progress and should be ready for occupation towards the middle of 1954.

The first of the major buildings, that for the National Building Research Institute is now well on the way and should be completed in April, 1954.

The building to house the Acoustics Section of the N.P.L. was commenced at the end of the period under review and tenders for the biophysics building and the main National Physical Laboratory building will be invited early in 1954.

Plans for the Headquarters Administration, Library and Central Workshops buildings are at present under discussion and it is hoped that it will be possible to commence building during 1954.

Skakelafdeling

Hoof van die Afdeling: MNR. D. G. KINGWILL.

Oorsese Kantore

Die werksaamhede van die Skakelafdeling in Pretoria, is geïntegreer met dié van die Wetenskaplike Skakelkantore in Londen en Washington deur die uitruiling van beamptes tussen hierdie afdelings. Daar is op die oomblik beamptes in Londen en Washington met verskeie jare van skakelondervinding in Pretoria terwyl daar drie beamptes in Pretoria is met ondervinding van die oorsese kantore. Baie nut word getrek uit hierdie uitruilings en die kantoor in Pretoria ondersoek tans wyse waardeur die dienste van oorsese beamptes makliker toeganklik gemaak kan word vir Suid-Afrikaanse wetenskaplikes en tegnoloë.

Internasionale Wetenskaplike Unies

Suid-Afrikaanse nasionale korrespondente is aangestel vir verskeie van die internasionale wetenskaplike unies en hulle samestellende verenigings. Die eerste vergadering van die Nasionale Komitee van die Internasionale Sterrekundige Unie is op 17 Junie 1953 in die Raadsaal van die W.N.N.R. gehou.

NYWERHEIDSKAKEL

Die vertrek van dr. R. G. Shuttleworth om die Washingtonse kantoor oor te neem en dié van mnr. A. M. Schady om by die personeel van die Londense kantoor aan te sluit en hulle vervanging deur mnr. T. F. W. Harris (teruggekeer van die Londense kantoor in November 1952) en mnr. G. C. Hide (aangestel by die Skakelafdeling in Oktober 1952), het gelei tot 'n tydelike periode van heraanpassing in die afdeling wat aan die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium verbonde is. Mnr. Hide het die probleem van swawelproduksie in hersiening geneem terwyl mnr. Harris besig is om inligting in te samel aangaande nywerheidsmikrobiologie.

Hierdie afdeling word voortdurend besiggehou met navrae wat wissel van onbenullighede tot sake wat besoeke aan fabriëke vereis en kontrakte meebring. Navrae wat ondergeskikte *ad hoc* ondersoeke vereis, neem steeds toe.

Mnr. G. B. M. Ballot, 'n werktuigkundige ingenieur, is in April by die Nasionale Fisiese Laboratorium aangestel.

Industriële Navorsingsinstitute

Die jaarlikse, gekombineerde vergadering van die direkteure van die industriële navorsingsinstitute en die W.N.N.R.-laboratoria, is op 31 Julie 1953 gehou.

Liaison Division

Head of Division: MR. D. G. KINGWILL

Overseas Offices

The activities of the Liaison Division, Pretoria, have been integrated with those of the Scientific Liaison Offices in London and Washington. Through the exchange of officers between these sections, there are now officers in London and Washington with several years' liaison experience in Pretoria and three officers in Pretoria with experience in the offices overseas. Much has been gained by these exchanges and the Pretoria office is exploring means of making the services of the offices overseas more readily available to South African scientists and technologists.

International Scientific Unions

South African national correspondents have been appointed for several of the international scientific unions and their constituent associations. The first meeting of the National Committee of the International Astronomical Union was held in the C.S.I.R. Board Room on June 17th, 1953.

INDUSTRIAL LIAISON

The departure of Dr. R. G. Shuttleworth to take over the Washington Office and of Mr. A. M. Schady to join the staff of the London Office and their replacement by Mr. T. F. W. Harris (returned from the London Office in November, 1952) and Mr. G. C. Hide (appointed to the Liaison Division in October, 1952) resulted in a temporary period of re-adjustment in the section attached to the National Chemical Research Laboratory. Mr. Hide has been reviewing the question of sulphur production and Mr. Harris is collecting information on industrial microbiology.

This section is fully occupied in dealing with inquiries ranging from minor matters to those which necessitate visits to factories and lead to contracts. Inquiries which require minor *ad hoc* investigations are increasing.

Mr. G. B. M. Ballot, a mechanical engineer, was appointed in April on attachment to the National Physical Laboratory.

Industrial Research Institutes

The annual combined meeting of directors of industrial research institutes and directors of C.S.I.R. laboratories was held on July 31st, 1953.



Mnr. S. Stephenson, Voorsitter van die Natalse Streeksnavorsingskomitee van die W.N.N.R.

Mr. S. Stephenson, Chairman of the C.S.I.R. Natal Regional Research Committee.

Voorstelle vir koöperatiewe navorsing is met die verteenwoordigers van verskeie nywerhede bespreek. Die W.N.N.R. het sy bereidwilligheid te kenne gegee om operasionele navorsing onder 'n navorsingsvereniging te ondersteun en het die saak met die Navorsingskomitee van die Gefedereerde Kamer van Nywerhede bespreek.

Die Hoof van die Afdeling het die Raad verteenwoordig op vergaderings van die beheerrade en navorsingsadvieskomitees van verskillende navorsingsinstitute.

Streeksnavorsingskomitee

Die Middellandse Streeksnavorsingskomitee het begin met 'n skema om die aandag van die individu te vestig op publikasies wat in *W.N.N.R. Inligting* verskyn en het steeds gesorg dat die Skadelafdeling in noue aanraking met nywerheidsontwikkelings in die Kaapse Middellande bly.

Drie vergaderings van die Natalse Streeksnavorsingskomitee is onder voorsitterskap van mnr. S. Stephenson gehou en die komitee het aanbeveel dat die W.N.N.R. 'n streekskakeelbeampte vir Natal aanstel. Die mening van die komitee is dat baie voordele wat moontlik kon voortgespruit het uit toesprake deur senior W.N.N.R.-

Proposals for co-operative research have been discussed with representatives of several industries.

The C.S.I.R. has announced its willingness to support operational research under the research association scheme and this has been discussed with the Research Committee of the Federated Chamber of Industries.

The Head of the Division has represented the Council at meetings of the boards of control and research advisory committees of the various research institutes.

Regional Committees

The Midland Regional Research Committee has initiated a scheme of drawing the attention of individuals to publications listed in *C.S.I.R. Information* and has at all times kept the Liaison Division in close touch with industrial developments in the Cape Midlands.

Three meetings of the Natal Regional Research Committee have been held under the chairmanship of Mr. S. Stephenson, and the committee recommended that the C.S.I.R. should appoint a regional liaison officer to Natal. Its view is that many of the benefits which may have resulted from addresses by senior



Mr. H. Schauder, Chairman of the C.S.I.R. Midland Regional Research Committee.

Mnr. H. Schauder, Voorsitter van die Middellandse Streeksnavorsingskomitee van die W.N.N.R.

personcellede, verlore gegaan het weens gebrek aan genoegsame benutting. Die Raad het toegestem om 'n Skakelbeampte vir 'n proeftydperk van een maand na Durban te stuur.

Vrystelling van Inkomstebelasting

Daar was minder aansoeke om besoeke aan fabrieke en geen besonder moeilike gevalle het voorgekom nie.

PATENTE

Gedurende hierdie tydperk is twee volledige patent-spesifikasies in die Unie ingevul en in elke geval is ooreenstemmende aansoeke in 'n aantal oorsese lande gedoen. Hierby is tien uitvindings wat deur beamptes van die Raad gedoen is sowel as 'n uitvinding deur die houer van 'n W.N.N.R.-navorsingsbeurs deur voorlopige patent aansoeke gedek. Die meeste van die Raad se voorlopige spesifikasies is deur die Nasionale Korporasie vir Navorsingsontwikkeling in Groot-Brittanje en die Kanadese Patente en Ontwikkeling Beperk getakseer. Die Raad is baie dank verskuldig aan hierdie organisasies vir hulle raad en bystand.

Verskeie van die gepatenteerde uitvindings of prosesse is nou gereed vir eksplorasie en pogings word aangewend om hulle aan nywerheidsondernemings te lisensieër.

OPENBARE INLIGTING

Navorsingsoorsig

Afgesien van 'n gekleurde buiteblad en illustrasies, bly die publikasiebeleid onveranderd.

Keur van Wetenskaplike Nuus

Gedurende Junie het die Skakelafdeling begin met 'n weeklikse publikasie van opsommings van die meer interessante wetenskaplike en tegniese persverklarings van oorsee, wetenskaplike nuusverslae ens., wat van die skakelkantore in Londen en Washington ontvang word. Hierdie stof gee 'n aanduiding van die navorsing en ontwikkeling wat tans oorsee onderneem word en van moontlike bronne van wetenskaplike inligting. Die hoofdoel is om hierdie stof onder die aandag van soveel mense as moontlik te bring en daarom word dit hoofsaaklik aan inrigtings versprei sowel as aan koerante sn tydskrifte vir herpublikasie. Dit is nie beskikbaar vir gereelde verspreiding aan die individuele wetenskaplike nie.

Persskakel

Verhouding met die Pers is steeds op besonder goeie voet. Gemiddeld twee nuusverhale word elke maand deur bemiddeling van John T. Baird and Associates vrygestel en hierdie reëling lewer steeds bevredigende resultate. Talryke navrae van die Pers word direk deur die Skakelafdeling hanteer.

C.S.I.R. staff have been lost through the lack of adequate follow-up. The Council agreed to send a liaison officer to Durban for an experimental period of one month.

Remission of Income Tax

There have been fewer applications requiring visits to factories and no cases of special difficulty have arisen.

PATENTS

During this period two complete patent specifications were filed in the Union and in each case corresponding applications made in a number of overseas countries. In addition ten inventions made by officers of the Council and an invention made by the holder of a C.S.I.R. research bursary have been covered with provisional patent applications. Most of the Council's provisional specifications have been appraised by the National Research Development Corporation in Great Britain and Canadian Patents and Development Limited. The Council is most indebted to these organisations for the advice and assistance which they have given.

Several of the patented inventions or processes are now ready to be exploited and efforts are being made to negotiate licences with industrial undertakings.

PUBLIC INFORMATION

Research Review

Apart from adopting a coloured cover and including illustrations, publication policy remains unaltered.

Science News Selections

During June the Liaison Division commenced the weekly publication of summaries of the more interesting overseas scientific and technical press releases, science news reports, etc., received from the liaison offices in London and Washington. This material provides an indication of the research and development currently being undertaken overseas, and of possible sources of scientific information. The primary aim is to bring this material to the attention of as wide a public as possible and it is therefore distributed mainly to institutions and to newspapers and journals for republication. It is not available for regular distribution to the individual scientist.

Press Liaison

Relations with the Press continue to be most cordial. On the average, about two news articles are released each month through the agency of John T. Baird and Associates and this arrangement continues to give satisfactory results. Numerous inquiries from the Press are dealt with directly by the Liaison Division.

Tentoonstellings

Die W.N.N.R. het verantwoordelikheid aanvaar vir die Wetenskapslokaal in die Suid-Afrikaanse Pawiljoen tydens die Rhodes Eeufoes-tentoonstelling in Bulawayo. Die tema is uitgewerk in samewerking met dr. H. B. S. Cooke wat die organisasie van die uitstalling in die fynste besonderhede onderneem het. Met genoeë spreek die Raad sy dank uit aan dr. Cooke en mnr. Hughes van die Departement Anatomie aan die Universiteit van Witwatersrand vir 'n besonder indrukwekkende uitstalling en aan die ander wat stof en artikels op ander maniere bygedra het.

Algemeen

Omvattende artikels oor die W.N.N.R. is voorberei vir die *South African/American Survey* wat jaarliks deur die Suid-Afrikaanse Persattaché in Washington uitgegee word, asook vir die Stad van Pretoria Eeufoes-brosjyre wat aanstaande Oktober sal verskyn. Inligting oor die W.N.N.R. en sy samestellende organisasies is aan C.S.A. verskaf wat besig is met die opstel van 'n *Directory of Research Institutions in Africa*.

WETENSKAPLIKE SKAKELKANTOOR, WASHINGTON

Personeel

Na 'n tydperk van vier jaar as Hoof van die Kantoor het mnr. D. R. Masson gedurende November 1952 uit Washington na Suid-Afrika teruggekeer. Hy is opgevolg deur dr. R. G. Shuttleworth wat in Januarie 1953 in Washington aangekom het. Intussen was mej. J. Kennard in bevel van die kantoor bygestaan wanneer nodig deur beamptes en personeel van die ander eenhede wat deel uitmaak van die Wetenskaplike Kantoor van die Britse Gemenebes maar veral deur die Kanadese Wetenskaplike Skakelkantoor. Met genoeë betuig die Raad sy dank aan die Kanadese Nasionale Navorsingsraad.

Voor sy vertrek na Amerika, het dr. Shuttleworth die geleentheid gehad om 'n besoek te bring aan al die Navorsingsinrigtings en Eenhede met inbegrip van dié wat buite die kring van die W.N.N.R. lê, verskeie Regerings- en semi-Regeringsorganisasies en die Universiteite.

Betrekking met B.C.S.O. en Ambassade

Die Suid-Afrikaanse Skakelkantoor vorm 'n eenheid van die Wetenskaplike Kantoor van die Britse Gemenebes in samewerking met die Wetenskaplike Skakelkantore van Kanada, Australië, Nieu-Seeland en die Verenigde Koninkryk wat almal saam gehuisves is in die Bradfordgebou, K Straat 1800, N.W., Washington, D.C. Hierdie

Exhibitions

C.S.I.R. accepted responsibility for the Hall of Science in the South African Pavilion at the Rhodes Centenary Exhibition, Bulawayo. The theme was worked out in consultation with Dr. H. B. S. Cooke, who undertook detailed organization of the exhibit. The Council has pleasure in recording its thanks to Dr. Cooke and to Mr. A. R. Hughes of the Department of Anatomy, University of the Witwatersrand, for staging a most effective display and to those who contributed materials or assisted in other ways.

General

Comprehensive articles on the C.S.I.R. were prepared for the *South African/American Survey*, published annually by the S.A. Press Attaché in Washington, and for the *City of Pretoria Centenary Brochure*, to be published next October. Information on the C.S.I.R. and its constituent organizations was provided for C.S.A. which is preparing a *Directory of Research Institutions in Africa*.

SCIENTIFIC LIAISON OFFICE, WASHINGTON

Staff

After a period of four years as Head of the Office, Mr. D. R. Masson, left Washington on his return to South Africa during November, 1952, and was replaced by Dr. R. G. Shuttleworth, who arrived in Washington in January, 1953. In the interim the office was in the charge of Miss J. Kennard with assistance, when required, from officers and staff of the other constituent units of the British Commonwealth Scientific Office, but particularly from the Canadian Scientific Liaison Office. It is a pleasure to record the Council's thanks to the Canadian National Research Council.

Before his departure to America, Dr. Shuttleworth was given the opportunity of visiting all Research Institutes and Units, including those outside the C.S.I.R. orbit, various Government and semi-Government organisations, and the Universities.

Relationship with B.C.S.O. and Embassy

The South African Scientific Liaison Office forms one unit of the British Commonwealth Scientific Office in concert with the Canadian, Australian, New Zealand and United Kingdom Scientific Liaison Offices, all of which are housed together in the Bradford Building, 1800 K Street, N.W., Washington, D.C. This associa-



Die Bradfordgebou in Washington D.C. waar die S.A. Wetenskaplike Skakelkantoor gehuisves is.

The Bradford Building in Washington D.C. where the S.A. Scientific Liaison Office is housed.

vereniging is besonder nuttig in die sin dat die Suid-Afrikaanse kantoor 'n beroep kan doen op die ondersteuning van die ander gesantskappe vir die aanknoop van kontakte of om inligting in te win in antwoord op spesifieke of algemene navrae uit Suid-Afrika. Verslae deur beamptes van enige van die Gesantskappe wat van algemene belang mag wees, word as verslae van die Wetenskaplike Kantoor van die Britse Gemenebes gepubliseer en as sulks na alle lande wat lede is, gestuur.

Die betrekking tussen die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike Kantoor en die Suid-Afrikaanse Ambassade verskil nie wesenlik van dié wat tussen ander gesantskappe van die Wetenskaplike Kantoor van die Britse Gemenebes en hulle onderskeie Ambassades bestaan nie: hoofde van Gesantskappe is amptelik verbind aan hulle Ambassades as wetenskaplike attachés, 'n reëling wat van wedersydse voordeel is vir die diplomatieke en wetenskaplike verteenwoordigers van die betrokke Gemenebesregerings. Die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike Skakelkantoor is daagliks in verbinding met die Ambassade wat navrae sowel as tegniese personeel, veral dié van Regeringsdepartemente, na die kantoor aanstuur waar volle verantwoordelikheid vir hulle en hulle reëlings aanvaar word.

Deur bemiddeling van die Ambassade, ontvang die Wetenskaplike Attaché magtiging van die Atoomkragkommissie van die Verenigde State vir die aankoop van radio-isotope en die versending daarvan na Suid-Afrika.

tion is extremely useful in that the South African office can call on the assistance of the other missions in making contacts, or in obtaining information relative to specific or general enquiries from South Africa. Reports by officers of any one mission which may have general value are produced as B.C.S.O. reports, and as such are forwarded to all constituent countries.

The relationship existing between the South African Scientific Liaison Office and the South African Embassy does not differ in any essential respect from that existing between other constituent missions of B.C.S.O. and their respective Embassies: heads of Missions are officially attached to their Embassies as scientific attachés an arrangement which is mutually beneficial to the diplomatic and scientific representatives of the Commonwealth governments concerned. The South African Scientific Liaison Office is in daily contact with the Embassy, which passes enquiries as well as technical personnel, particularly those from Government Departments, on to the office, which then takes over major responsibility for them and their arrangements.

Through the Embassy the Scientific Attaché is accredited to the United States Atomic Energy Commission for the obtaining and transmitting of radio-isotopes to South Africa.

Dokumente

Afgesien van die feit dat voldoen word aan versoeke om mikrofilms, fotostasiese kopieë en dokumente, word die Biblioteek en Inligtingsdiens van 'n aantal gereelde en ongereelde publikasies voorsien namate hulle verskyn.

'n Aantal nuttige reëlings is getref vir die uitruil van dokumente. Melding kan veral gemaak word van die ooreenkoms tussen die Biblioteek van die Mynburo van die Verenigde State en die Biblioteek van die W.N.N.R. Ander roetine-uitruilings is gereël tussen die Verfnwywerheidsnavorsingsinstituut en die National Paint, Varnish and Lacquer Association van die Verenigde State, die Telekommunikasie-navorsingslaboratorium met die Central Radio Propagation Laboratory van die Nasionale Buro vir Standaarde en die Kantoor vir Vlootnavorsing in verband met ionosferiese werk wat onder kontrak by Stanford Universiteit gedoen word. Die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing gaan insgelyks publikasies uitruil met die Human Resources Centres van die Lugmag van die Verenigde State.

Konferensies, Besoeke en Algemene Skakel

Sowat drie-honderd of meer belangrike wetenskaplike konferensies vind elke jaar in die Verenigde State en Kanada plaas. Die funksies van die kantoor sluit in die verkryging en aanstuur van konferensieprogramme, proewe, uittreksels van verrigtinge en ander nuttige inligting. Bywoning van sommige van die konferensies mag lei tot die verkry van inligting 'n jaar of meer voordat dit gepubliseer word, indien dit wel gepubliseer word.

Twee konferensies oor die opruiming van nywerheidsafval is bygewoon en aansoek is gedoen om programme in die geval van ongeveer honderd of meer konferensies van maontlike belang. Spesiale reëlings is in sommige gevalle getref vir die ontvangs van uittreksels, proewe of verrigtinge, terwyl afskrifte van gelewerde verhandelings van die betrokke verenigings of skrywers verkry is in antwoord op versoeke uit Suid-Afrika.

Behalwe 'n reeks besoeke aan navorsings- en verwante organisasies in en om Washington in verband met navrae of vir die aanknoop van waardevolle kontakte, is besoeke gebring aan 'n aantal organisasies in New York. 'n Besoek van sowat 10 dae is aan Kanada gebring om 'n idee te kry van die Kanadese Navorsingsfront oor die algemeen en om in die besonder te let op dinge soos navorsing i.s. melkuitvloei, kalibrering van maatlyne, voedselnavorsing, rotsstortings in mynnavorsing ens.

Besondere aandag is gewy aan watersuiwering en verwante navorsing asook aan voedselnavorsing. In verband met laasgenoemde word reëlings getref om inligting aan Suid-Afrika te verskaf wat afkomstig is

Documents

Apart from fulfilling requests for microfilms, photo-stats and documents, the Office provides the Library and Information Division with a number of regular and irregular publications as they become available.

A number of useful exchange arrangements for documents has been made; worthy of mention is that concluded between the United States Bureau of Mines Library and the C.S.I.R. Library. Other routine exchanges have been arranged between the Paint Industries Research Institute and the U.S. National Paint, Varnish and Lacquer Association, the Telecommunications Research Laboratory with the Central Radio Propagation Laboratory of the National Bureau of Standards and the Office of Naval Research in respect of ionospheric contract work being done at Stanford University. The National Institute for Personnel Research is likewise to exchange publications with the Human Resources Centres of the United States Air Force.

Conferences, Visits and General Liaison

Some three hundred or more major scientific conferences take place in the United States and Canada every year. Among the useful functions which the Office can perform is to obtain and forward conference programmes, preprints, abstracts or proceedings, and other useful information. Attendance at some of these conferences may result in important information going forward up to a year or more before it is published, if at all.

Two conferences on industrial waste disposal were attended, and programmes have been called for in the case of some hundred or more conferences of possible interest. Special arrangements were made in some cases for the receipt of abstracts, preprints or proceedings, while in others copies of papers delivered have been obtained from the societies or from the authors in response to requests from South Africa.

Apart from a series of visits to research and related organisations in and around Washington in connection with enquiries or for the establishment of valuable contacts, visits have been paid to a number of organisations in New York. A visit covering about ten days was paid to Canada for the purpose of surveying the Canadian research scene in general, and in connection with specific matters such as milk effluent research, calibration of measuring tapes, food research, rock-bursts in mines research, and so on.

Special attention has been given to water treatment and related research and to food research. In connection with the latter, arrangements are in train which should make available to South Africa much information

van 'n beampte van die Verenigde Koninkryk wat in Amerika gestasioneer is, om verslag te doen slegs oor die ontwikkelings op hierdie gebied.

Stappe is gedoen om skakel of direkte kontak tussen verskeie laboratoriums en individue en hulle ooreenstemmende beamptes in Amerika te bewerkstellig. Hiervolgens is die Eenheid vir Toegepaste Fisiologie van die Transvaalse Kamer van Mynwese op die adreslyste van etlike Amerikaanse organisasies geplaas en die Afdeling Nywerheidsdiamante van die Verenigde State se Mynburo is ingelig aangaande die Diamantnavorsingslaboratorium, tussen wie 'n hegte skakeling aan die ontwikkel is. Laasgenoemde organisasies is twee van etlike nie-W.N.N.R. organisasies wat hulp ontvang het van die kantoor.

Navrae

Die groter gebruik wat die W.N.N.R. en ander organisasies van die Kantoor maak, kan miskien afgelei word uit die feit dat die aantal spesifieke navrae wat gedurende die afgelope ses maande gehanteer is, sowat 150 beloop het. Deur die beantwoording van navrae sowel as deur die verskaffing van ongevraagde inligting, is so te sê elke afdeling van die W.N.N.R., sy Laboratoriums en Eenhede (met inbegrip van die Mediese Navorsings-eenhede), Navorsingsinstitute ens. bedien; sommige in meer as een opsig. Organisasies buite die sfeer van die W.N.N.R. wat ook bedien is, sluit in die Navorsingslaboratoriums van die Kamer van Mynwese, die Diamantnavorsingslaboratorium, verskeie universiteite, die Bernard Price-instituut, Departement van Handel en Nywerheid, Departement van Gesondheid, Korporasie vir Nywerheidsontwikkeling, Klipfontein Organic Products, Suikerproefstasie, Suid-Afrikaanse Spoorweë, Wattelnavorsingsinstituut en die Korporasie vir Fosfaatontwikkeling.

Besoekende Wetenskaplikes

Aan agt besoekers uit Suid-Afrika is in 'n groter of kleiner mate hulp verleen in verband met hulle besoeke aan die V.S.A. en Kanada.

WETENSKAPLIKE SKAKELKANTOOR, LONDEN

Die werksaamhede van die Wetenskaplike Skakelkantoor kan in twee groot afdelings verdeel word: roetinedienste, administratiewe en verteenwoordigende pligte aan die een kant en wetenskaplike inligting en ondersoek aan die ander. Hoewel die eerste nie onbelangrik is nie, is dit tog eintlik die tweede groep wat die hoofdoel van die kantoor uitmaak, ten spyte van 'n tekort aan personeel weens verskuiwing.

Ten einde die beste gebruik te maak van die tyd wat beskikbaar is vir inligtingsdoeleindes moet twee

collected by a United Kingdom officer stationed in America to report on developments in this field only.

Steps have been taken to establish liaison or direct contact between several laboratories and individuals and their opposite numbers in America. Thus the Applied Physiology Unit of the Transvaal Chamber of Mines has been placed on the mailing lists of a number of organisations in America, and the Industrial Diamonds Section of the U.S. Bureau of Mines has been advised concerning the Diamond Research Laboratory and close liaison is developing. The latter organisations are two of several non-C.S.I.R. organisations which have been assisted by the office.

Enquiries

The greater use which the C.S.I.R. and other organisations are making of the Office can perhaps be gauged from the fact that the number of specific enquiries handled during the past six months has been about 150. In answering enquiries as well as in forwarding unsolicited information, almost every section of the C.S.I.R., its Laboratories and Units (including Medical Research Units), Research Institutes, etc., have been served, some in many instances. Organisations falling outside the C.S.I.R. orbit which have been served include the Chamber of Mines Research Laboratories, the Diamond Research Laboratory, various universities, Bernard Price Institute, Department of Commerce and Industries, Department of Health, Industrial Development Corporation, Messrs. Klipfontein Organic Products, Sugar Experiment Station, South African Railways, Wattle Research Institute and the Phosphate Development Corporation.

Visiting Scientists

Eight visitors from South Africa have been helped to a greater or lesser extent in connection with their visits to the U.S.A. and Canada.

SCIENTIFIC LIAISON OFFICE, LONDON

The activities of the Scientific Liaison Office can be divided into two main groups: routine services, administrative and representational duties on one side, and in the second group scientific intelligence and investigation. Whilst the first is not unimportant, it is the second group which constitutes the essential purpose of the office. In spite of a shortage of staff due to transfers, the office can look back on a year of fruitful activity.

To utilise the time available for intelligence activities to the best advantage, two essential factors are the

belangrike faktore in aanmerking geneem word nl. die doeltreffende verspreiding van inligting afkomstig van die kantoor en 'n hegte skakel tussen die kantoor en navorsingswerksaamhede in Suid-Afrika. Daar is nou grotendeels voldoen aan die twee vereistes hoofsaaklik as gevolg van twee nuwe faktore. Eerstens het die Skakelafdeling nou die stadium bereik waar 'n groot gedeelte van sy personeel ondervinding het van oorsese sowel as van nywerheidskakeltoestande in Suid-Afrika.

Dit het gelei tot 'n beter begrip van en die oplossing van baie probleme van die oorsese skakelkantore. In die tweede instansie is die kantoor tans veel hegte aan die struktuur en werksaamhede van die Skakelafdeling as geheel verbind. Sonder die voortdurende bewustheid van die ontwikkelings en huidige behoeftes in Suid-Afrika, is dit moeilik om die werksaamhede van die kantoor in die kanale te stuur waar skakel die nodige is en waar dit van die grootste nut kan wees. Van belang in hierdie verband is ook die groeiende aantal wetenskaplike organisasies in Suid-Afrika afgesien van die W.N.N.R., wat gebruik maak van die fasiliteite wat deur die kantoor aangebied word vir die verkryging van inligting of vir hulp aan beamptes op besoeke oorsese. As gevolg van hierdie ontwikkelings word gehoop dat dit in die toekoms moontlik sal wees om nog groter klem te laat val op wetenskaplike inligtingen ondersoek.

Navrae wat gedurende die jaar ontvang is, het gewissel van versoeke om spesifieke items van inligting tot wye opnames wat die hele Wes-Europa ingesluit het. Ongeveer vyftig sulke versoeke is gehanteer. Die kantoor het ook op eie houtjie 'n aantal ondersoeke onderneem en 16 skakelverslae is uitgebring.

Ander dienste wat deur die kantoor gelewer is sluit in die onderhoud van 'n klein biblioteek van wetenskaplike rolprente vir verspreiding in die Verenigde Koninkryk; die verteenwoordiging van Suid-Afrika op 'n aantal Komitees en Konferensies en fotokopieringsdienste vir die Afdeling Biblioteek en Inligting; ongeveer 140 sulke versoeke om artikels uit skaars of minder bekende blaaië is op hierdie manier opgespoor en weg-

effective dissemination of information emanating from the office, and closer liaison between the office and research activities in South Africa. These two requirements have now largely been achieved mainly due to two new factors. Firstly, the Liaison Division has now reached the stage where a large proportion of its staff has experience both overseas and in industrial liaison in South Africa. This had led to a greater understanding and the solution of many of the problems of overseas

liaison. Secondly, the office has now been drawn much closer into the structure and activities of the Liaison Division as a whole. Without the constant awareness of the developments and current needs in South Africa it is difficult to direct the activities of the office into those fields where Liaison is most needed and where it would be most effective. Important in this connection also is the growing number of scientific organizations in South Africa, other than the C.S.I.R., which are using the facilities of this office either for the location of information, or for assistance to officers on overseas visits. With these developments it is hoped that in future it will be possible to place even greater emphasis on scientific intelligence and investigation.

Enquiries received during the year ranged from requests for specific items of information to wide surveys embracing the whole of Western

Europe. Approximately fifty such requests were dealt with. The office also independently undertook a number of investigations and 16 liaison reports were issued.

Other services rendered by the office included the maintenance of a small library of scientific films for distribution in the United Kingdom; the representation of South Africa on a number of Committees and Conferences; and photocopying services for the Library and Information Division—approximately 140 such requests for articles from rare, or lesser known journals, being located and despatched in this way. On numerous occasions it was found necessary for the office to assist



Africa House in Londen waar die W.N.N.R. Wetenskaplike Skakelkantoor (Londen) gehuisves is.


Africa House in Londen where the C.S.I.R. Scientific Liaison Office is housed.

gestuur. By talle geleenthede het die kantoor dit nodig gevind om die verskillende laboratoriums by te staan in die lokalisering en verkryging van gespesialiseerde toerusting.

Dank word betuig aan die kantoor van die Hoë Kommissaris in Londen en aan die Wetenskaplike Skaak-kantore van die ander lande van die Gemeenebes vir hulle hulp gedurende die jaar.

the various laboratories in the location and procurement of specialised equipment.

Thanks are due to the Office of the High Commissioner in London and to the scientific liaison offices of the other Commonwealth countries for their assistance during the year.



'n Hoek van die Sentrale Werkplaas van die W.N.N.R. waar gespesialiseerde navorsingstoerusting vervaardig word deur geskoolde tegnisi wat in noue samewerking met die wetenskaplikes in die nasionale laboratoriums verkeer.

A corner of the C.S.I.R. Central Workshops where specialized research equipment is made by skilled technicians working in close association with the scientists in the national laboratories.

Afdeling Biblioteek en Inligting

Hoof van die Afdeling: MEJ. H. MEWS.

Die Afdeling Biblioteek en Inligting van die W.N.N.R. bestaan nou vir sewe jaar en gedurende hierdie belangrike tydperk is daar 'n na-graadse wetenskaplike biblioteek vir die gebruik van die Raad se personeel en 'n nasionale sentrum vir wetenskaplike en tegniese inligting gevorm. Die hoogtepunt van die eerste stadium van die Afdeling se werk sal aanbreek wanneer die nuwe biblioteekgebou op die nuwe bouterrein opgerig word en die boeke en personeel daarheen oorgeplaas word.

Hier volg nou enkele werksaamhede van die Afdeling; behalwe die gewone besonderhede omtrent boekevoorraad, die aantal geklassifiseerde publikasies ens., word inligting ook verstrek betreffende die aktiewe sy van die Afdeling se werk in die beantwoording van navrae, raad aan nywerheidsbiblioteke, die opstelling van boeklyste ens.

Boekevoorraad

Kutikulare materiaal van die Sisalplant (*Agave* spp.).

'n Aantal xerofitiese (teen droogte bestand) plante besit 'n dun, onafgebroke skede van waterafwerende kutikula wat uit was en kutien saamgestel is. Kutien van *Agave americana* is ondersoek; dit bevat 'n poliester waaruit 'n mengsel van hidroksiesure na hidroliese verkry word. Die individuele hidroksiesure word deur 'n metode van teenstroomverdeling afgesonder waarna hulle strukture ondersoek word. Die moontlikheid om die kutien by die verwerking van sisal te herwin, word in gedagte gehou.

Seegrasse

Die seisoenstudies van die bestanddele van bruin (wat algiensuur bevat) en rooi (wat agar bevat) seegrass is byna voltooi. Die Departement Plantkunde van die Universiteit Kaapstad het aan die plantkundige sy van die probleem meegewerk. Aandag word nou gewy aan die agars van *Gracilaria confervoides* en *Gelidium pristoides* wat van kommersiële belang is. Die ondersoek val in twee kategorieë: (a) probleme wat direk uit die kommersiële aanwending voortspuit en (b) fundamentele strukturele en fisies-chemiese studies. 'n Aantal waarnemings is gedoen van die veranderings in viskositeit wat gedurende die verwerking van *Gracilaria* agar waargeneem is. Die fundamentele ondersoek is nog maar in die beginstadium hoewel metodes vir die bepaling van molekuleêre gewig ontwikkel is.

Hout

Oplosbare natuurlike lignien is van die totale houtekstrak van swartbasboomhout (*Acacia mollissima*) geïsoleer, chromatografies gereinig en met behulp van die gebruikelike metodes gekarakteriseer. Deur die goedgevestigtheid van die C.S.I.R.O. van Australië, is 'n eksperimentele suurhidrolise-eenheid vir proewe met bas- en ander houtsoorte verkry. Daar is egter nog geen aanvang met hierdie werk gemaak nie.

Plantaardige Olies

Verdere werk is gedoen op die saadolie van *Ximenia* spp. (suurpruim) en 'n reeks nuwe vetsuurbestanddele

Bitter Principles From the *Cucurbitaceae* (Cucumber Family)

Two structurally related compounds responsible for the toxicity and provisionally named cucurbitacin A and B have been isolated. The structure of cucurbitacin A is under study and collaboration is being maintained with a member of staff of the University of the Witwatersrand who is now studying cucurbitacin B. A collaborate programme of research with the Division of Horticulture has been drawn up so that the plant genetical and plant physiological aspects of the problem will be correlated with the chemical and pharmacological aspects.

Cuticular Material From Sisal Plants (*Agave* spp)

A number of xerophytic (drought resistant) plants have a thin continuous sheath of water-repellent cuticle, composed of wax and cutin. Cutin from *Agave americana* has been investigated; it contains a polyester from which a mixture of hydroxy acids is obtained on hydrolysis. The individual hydroxy acids are being separated out by a counter-current distribution method and their structures are under study. The possibility of recovering the cutin from sisal processing is being kept in mind.

Seaweeds

Seasonal studies of the constituents of brown (alginic acid containing) and red (agar containing) seaweeds are nearly complete. The Department of Botany, Cape Town University, has collaborated on the botanical side of this problem. Attention is now being directed to the agars from *Gracilaria confervoides* and *Gelidium pristoides* which are of commercial interest. The investigations fall into two categories: (a) those arising directly from problems of commercial exploitation, (b) fundamental structural and physico-chemical studies. A number of observations have been made in relation to the changes of viscosity observed during processing of *Gracilaria* agar. The fundamental studies are, as yet, in their initial stages although methods for molecular weight determinations have been developed.

Wood

Pure native lignin obtained chromatographically from the total wood extractives of black wattle wood (*Acacia mollissima*) has been characterised by methods in common use for this purpose. By the courtesy of the Australian C.S.I.R.O. an experimental acid wood hydrolysis unit has been obtained for trials with wattle and other woods, but work on this aspect has not yet been started.

Vegetable Oils

Further work has been carried out on the seed oils of *Ximonia* spp. (suurpruim) and by the application

is geïsoleer deur die aanwending van noukeurige distilleertegnieke. Daar was 'n mate van belangstelling in *Ximenia* spp. as 'n moontlike bron van oliesaad onder droë-land toestande in die Laeveld.

Narrassaad

Gedurende opleiding in die fisies-chemiese tegnieke van proteïen-skeikunde, het 'n beurshouer van die Leernywerheidsnavorsings-instituut 'n studie gemaak van saadproteïene afkomstig van die narras (*Acanthosicyos horrida*, Hook)—'n komkommeragtige plant wat veral naby Walvisbaai in Suidwes-Afrika aangetref word. Die vrug is 'n klein spanspek bestaande uit 'n buitenste skil en ses segmente wat talryke sade bevat. Die vrugte en saad van hierdie plant is vroeër op groot skaal as voedsel deur die woestynbewoners van hierdie gebied gebruik en word nog tot 'n sekere mate gebruik. In die jongste tyd is die saad na Suid-Afrika uitgevoer waar hulle in die lekkergoedbedryf gebruik word.

Plantgomme

Om 'n navorsingswerker van 'n Universiteit te help, is plantgomsoorte deur fisies-chemiese tegnieke ondersoek. Die gom van die Port Jacksonstruik is elektroforeties ondersoek, maar dit het geen teken van heterogeniteit getoon nie. Metings van molekulêre gewig deur osmotiese druk en ligverstrooiing het ooreenstemming getoon maar aangesien laasgenoemde waarde ietwat hoër was, is daar 'n moontlikheid dat molekule met 'n reeks molekulêre gewigte in die gom aanwesig is.

Essensiële Olies

Uit navrae blyk dit dat daar 'n groeiende belangstelling in Suid-Afrika is in verband met die moontlikheid van die plaaslike produksie van 'n verskeidenheid van essentiële olies soos bloekomolie, laventelolie, pepermentolie en malva-olie. 'n Paar monsters is reeds ontvang en 'n mate van hulp met die skeikundige ondersoek daarvan is aangebied.

Plantstowwe (algemeen)

Voortvloeiend uit 'n vergadering van belangstellendes in 1952 en in samewerking met die Afdeling Plantkunde van die Landboudepartement, het die laboratorium begin met die opbou van 'n kaartindeks-sisteem wat verwysings bevat na werk op Suid-Afrikaanse plante wat reeds gepubliseer is en wat nog aan die gang is. Kopieë van hierdie kaartindeks sal op datum ghou word en aan belangstellendes uitgeleen word. Op hierdie manier sal Suid-Afrikaanse werkers voorsien word van 'n maklik bekombare bron van inligting aangaande werk wat op Suid-Afrikaanse plante oedoen is, beide plaaslik en oorsee.

of precision distillation techniques, a series of new fatty acid constituents has been isolated. There has been some interest in *Ximenia* spp. as possibly providing an oil seed crop under dry land conditions in the low veld.

Narras Seed

During a course of training in the physico-chemical techniques of protein chemistry, a research bursar of the Leather Industries Research Institute studied seed proteins derived from the narras (*Acanthosicyos horrida*, Hook)—a cucurbitaceous plant which occurs particularly near Walvis Bay in South West Africa. The fruit is a small melon consisting of an outer rind and six segments which contain numerous seeds. The fruits and the seeds from them were extensively used as foods by the desert dwellers of the area in earlier days, and are still used to some extent. More recently, the seeds have been exported to South Africa where they have found use in the confectionery industry.

Plant Gums

As an aid to a University research worker, plant gums have been examined by physico-chemical techniques. Thus the gum from the Port Jackson willow was examined electrophoretically and gave no sign of heterogeneity. Measurements of molecular weight by osmotic pressure and by light scattering were similar, but, as the latter value was somewhat higher, there is the possibility that molecules with a range of molecular weights are present in the gum.

Essential Oils

From enquiries received, there would appear to be a growing interest in South Africa in the possibility of producing a variety of essential oils locally, e.g., eucalyptus, lavender, peppermint, geranium. A few samples have been received and some help with the chemical examination of these has been given.

Plant Extractives (General)

Following on a meeting of interested parties in 1952, and in collaboration with the Division of Botany of the Department of Agriculture, the laboratory has started to build up card index systems covering references to current and past work on South African plants. These card indexes will be issued on loan to interested persons and kept up to date. In this way South African workers will be provided with a ready source of information on past and current work on South African plants, both here and overseas.

Afgesien van die werk in verband met die *Cucurbitaceae* (sien hierbo) is die plantstowwe van *Euryops floribundis* (harpuisbos) en giftige stowwe uit die wortels van *Neorautanenia ficifolius*, ook bestudeer, maar hierdie ondersoek is eger nog in die beginstadium.

DIEREPRODUKTE

Die Kreef (*Jasus lalandii*)

Ondersoek na die nie-proteïen stikstofhoudende bestanddele van die spiere en hepatopankreas-ekstrakte van die kreef is voortgesit. 'n Breedvoerige kwalitatiewe ontleding van die ekstrakte is gemaak deur verplasing-kromatografie op 'n katioonuitruilings-hars gevolg deur 'n papier-kromatografiese ontleding van die verkreë fraksies. Ondersoek na die kwantitatiewe bepaling van die aanwesige aminosure deur middel van die Moore en Stein-metode is aan die gang.

Haemosianien uit kreefbloed is afgesonder en gesuiwer en sy molekulêre gewig, grootte en vorm deur middel van ligverstrooiing, viskositeit, osmotiese druk en diffusiemetings bepaal.

Wolvesel

As gevolg van reëlings wat met die Grootfonteinse Landboukollege getref is, is monsters van merinowol verkry wat, hoewel hulle tot dieselfde klas behoort, grootliks in substansie verskil tussen die twee uiterstes, „styf” en „slap.” Vir 'n ervare wolklassifiseerder is die verskille duidelik maar dit is wenslik om 'n studie te maak van hulle wettenskaplike grondslag. Die monsters is geneem van 'n kudde wat bekend is vir sy slapwol. Monsters van normale wol is ook van dieselfde kudde verkry. Enige bewyse van verskille is gevind. Dit blyk dat slapwol 'n laer sistengehalte het en ook effens vinniger rek wanneer dit in water gedompel en eweredig per eenheid dwarsnitieseloppervlak gelaai word. Die slapwolwesels was merkbaar dunner as die ander en


Apart from the work on the *Cucurbitaceae* (see above), extractives from *Euryops floribundis* (resin bush) and toxic substances from the roots of *Neorautanenia ficifolius* have been studied, but these investigations are in their initial stages.

ANIMAL PRODUCTS

The Rock Lobster (*Jasus lalandii*)

Work on the non-protein nitrogenous constituents of rock lobster muscle and hepatopancreas extracts has been continued. A detailed qualitative analysis of the extracts has been made by displacement chromatography on a cation exchange resin, followed by paper chromatographic examination of the fractions obtained. Work is in progress on the quantitative determination of the amino acids present, using the Moore and Stein method.

Haemocyanin from rock lobster blood has been separated and purified, and its molecular weight, size and shape have been determined from light scattering, viscosity, osmotic pressure and diffusion measurements.



'n Ioon-wisselende kolom en outomatiese fraksioneringstoestel wat gebruik word vir die kwantitatiewe ontleding van aminosure uit wol.

An ion exchange column and automatic fraction cutter being used for the quantitative analysis of amino acids from wool.

Wool Fibre

By arrangement with the Grootfontein College of Agriculture, samples of merino wools have been obtained which, although belonging to the same class, differ greatly in “substance,” from the extremes of “firm” and “flabby.” The differences are apparent to an experienced wool-classer, but it is desirable to study their scientific foundations. The samples were collected from a stud with a history for growing “flabby” wool, and samples of normal wool were obtained from the same stud. Some evidence of differences has been found. The flabby wools appeared to have a lower cystine content, and also stretched at a slightly faster rate when immersed in water and loaded equally per unit cross-sectional area of fibre. The flabby wool fibres

dit is moontlik dat die verskil in tasbare hoedanigheid tussen die twee stelle monsters eerder hierdeur verklaar moet word as deur verskille in skeikundige struktuur.

„Staalagtige” Wol

Hierdie soort wol kom voor by skape wat geteel is op weivelde waar daar 'n tekort aan koper is. 'n Paar ou monsters „staalagtige” en normale merinowolwesels afkomstig van die Stellenbosche Landboukollege is vergelyk en daar is gevind dat staalagtige vesels vinniger rek onder konstante belading.

'n Poging word tans aangewend om gekontroleerde monsters te verkry deur skape van sekere plase in die Bredasdorpdistrik uit te soek waar, deur 'n tekort aan koper, die voorkoms van staalagtige vesels aangedui word. Die skape sal na 'n tydperk van etlike maande bymekaar gebring word en 'n koperbevattende diëet ontvang wat die groei van normale wol sal bevorder. Met monsters wat op hierdie manier verkry word, sal 'n volledige skeikundige en fisiese ondersoek gedoen kan word.

Wolwas

Onverseepte fraksie.—Die ondersoek na die strukture van die 1 : 2 glikole is voltooi.

Suurfraksie.—Ondersoek na die a-hidroksiesure wat in wol voorkom, is afgehandel. As 'n aanvullende studie is 'n aantal opties-aktiewe-a-hidroksiesure van bekende konfigurasie gesintetiseer. Moontlike winsgewende gebruike van die totale hidroksiesuurfraksie word in gedagte gehou en monsters word aan belangstellendes verskaf. Aandag word gegee aan gerieflike metodes vir die skeiding van die totale hidroksiesuurfraksie van die ru sure van wolwas.

Tegnologiese Studies.—Die tegniese kalkverseping vir wolwas word op kleinskaal bestudeer. Die reaksiesnelheidstudies waarvan voorheen verslag gedoen is, is verder uitgebrei om die gebruik van suiwer magnesiumhidroksied en van dolomiethoudende kalk (kalsium- en magnesiumhidroksiedmengsels) in te sluit aangesien baie plaaslike kalksoorte dolomiethoudend is. Inligting in verband met die moontlike gebruike van die kalsium- en magnesiumsepe van wolwassure word ingesamel.

Die medewerking van 'n handelonderneming wat ingaan op die moontlikheid van die verwerking van wolwas deur afskeiding met behulp van 'n oplosmiddel, is voortgesit. 'n Aantal monsters van die proewe is ontleed en verslag is daarvoor gedoen.

Menslike haarwas

Hierdie studie is aanvullend by die studies op wolwas en 'n omvattende gebruik word van die tegnieke wat vir wolwas ontwikkel is, gemaak. By verseping lewer die was 'n komplekse mengsel van alkohole waarvan die

were noticeably thinner than the others, and it is possible that the difference in tactile properties between the two sets of samples may be accounted for more by this than by differences in chemical structure.

“Steely” Wools

This type of wool appears when sheep are grown on copper-deficient pastures. Some old samples of “steely” and of normal merino wool fibres, obtained from the Stellenbosch College of Agriculture, were compared and it was found that steely fibres showed a greater rate of stretching under constant load.

An attempt is currently being made to obtain controlled samples by selecting sheep from certain farms in the Bredasdorp area where copper deficiency is evidenced by appearance of steely fibres. The sheep will, after a period of several months, be collected and given a copper-containing diet to cause growth of normal wool. With samples so obtained, it is intended to carry out a full chemical and physical examination.

Wool Wax

Unsaponifiable fraction.—The investigations into the structures of the 1 : 2 glycols have been completed.

Acid fraction.—The investigations into the a-hydroxy acids occurring in wool wax have been completed. As a complementary study a number of optically active a-hydroxy acids of known configuration have been synthesised. Possibilities of profitable uses for the total hydroxy acid fraction are being kept in mind and samples supplied to interested parties. Attention is being given to convenient methods for the separation of the total hydroxy acid fraction from the crude acids of wool wax.

Technological studies.—The lime saponification process for wool wax is being studied on a pilot plant scale. The previously reported reaction rate studies have been extended to cover the use of pure magnesium hydroxide and of dolomitic limes (calcium and magnesium hydroxide mixtures), since many local limes are dolomitic. Information as to possible uses for the calcium and magnesium soaps of wool wax acids is being collected.

Collaboration has been maintained with a commercial concern which is investigating the possibility of processing wool wax by a solvent segregation method; a number of samples from these trials has been examined and reported upon.

Human Hair Wax

This study is subsidiary to the wool wax studies and extensive use is being made of the techniques developed for wool wax. The wax yields, on saponification, a complex mixture of alcohols from which the

normale reeks geïsoleer en vier lede tot dusver geïdentifiseer is. Die ander fraksies van die onverseepbares word ondersoek.

Visolies

Die beurshouer vir visiolie-navorsing het 'n metode vir die studie van gehidrogeneerde fraksies van sardynoliesure en soortgelyke stowwe ontwikkel. Die toepassing van die kromatografiese tegniek op die hoogs-onversadigde sure van hierdie olies word bestudeer. Terselfertyd is 'n molekulêre distilleerapparaat waarin 'n vloeistoffilm deur drie stadia daal, ontwikkel as 'n hulpfraksioneringsimplement vir hierdie hooglabiele stowwe.

Visskubbe

'n Studie word gemaak van die geaardheid van die proteïene in vars sardynskubbe. Na die verwydering van anorganiese materiaal deur swak sure, word gelatien beskou as die fraksie wat oplosbaar is in warm water. Daar is gevind dat die verhouding van gelatien tot igtilepidien (onoplosbare proteïen) ongeveer 3:1 is in teenstelling met die verhouding 1:1 waarvan melding gemaak word in die literatuur. 'n Kwantitatiewe aminosuurontleding van albei fraksies is onderweg.

MIKROBIOLOGIESE SKEIKUNDE

Mikrobiologiese Onderzoek van die bereiding van Kafferbier

Kafferbier word op groot skaal in Suidelike Afrika gebrou deur verskeie stadsrade en instansies wat groot getalle naturelle in hulle diens het. In die meeste gevalle word die brouery met die eenvoudigste toerusting uitgevoer en geen poging word aangewend om die vergisting biologies te beheer nie. Gevolglik is dit geen seldsame verskynsel nie dat die produksie van 'n hele dag, wat etlike duisende gellings beloop, dikwels in 'n brouery verlore gaan as gevolg van versuring deur infeksie met asynsuurbakterieë. Met die oog hierop was dit van algemene belang om 'n mikrobiologiese ondersoek na die brou van kafferbier in te stel. Die gisflora van bier, „beslag” en kafferkoringmout van drie munisipale brouerye is bestudeer en 'n aanvang is reeds gemaak met die ondersoek van die melksuurbakterieë. Dit is die vooropgestelde doel om die moontlikheid te ondersoek of die bier te brou met behulp van geïsoleerde reinkulture van giste en melksuurbakterieë wat die gewenste smaak kan gee.

Verwering van Betonriole

Hierdie ondersoek word met behulp van 'n Beurs van die Instituut van Munisipale Ingenieurs uitgevoer.

normal series has been isolated and four members identified so far; the other fractions of the non-saponifiables are being investigated.

Marine Oils

The Marine Oil Research Fellow has developed a method for the study of hydrogenated fractions of pilchard oil acids and similar materials. The application of the chromatographic technique to the highly unsaturated acids of these oils is under study. At the same time a three-stage falling film molecular still has been developed as an auxiliary fractionating tool for these highly labile materials.

Fish Scales

A study is being carried out of the nature of the proteins in fresh pilchard scales. After removal of inorganic matter by weak acids, gelatine is estimated as the fraction soluble in hot water. The ratio of gelatine to ichthylepidin (insoluble protein) has been found to be about 3:1, which is in contrast to the 1:1 ratio mentioned in the literature. A quantitative amino acid analysis of both fractions is in progress.

MICROBIOLOGICAL CHEMISTRY

A Microbiological Study of the Brewing of Kaffir Beer

Kaffir beer is brewed on a large scale by many municipalities and big employers of native labour in Southern Africa. In most cases the brewing is carried out with the simplest equipment and no attempt is made to control the yeasts or bacteria present in the porridge and malt. Consequently it is not surprising that it frequently happens that a day's brew, amounting to several thousand gallons, goes sour due to infection by acetic acid-producing bacteria and has to be discarded. In view of this, it was considered that it would be of interest to make a microbiological study of the brewing of kaffir beer. The yeast flora of beer, "porridge" and sorghum malt from three municipal breweries have been studied in detail and work on the lactic acid bacteria is in progress. It is the aim to brew beer eventually with the aid of pure cultures of yeasts and lactobacilli isolated from this source.

Corrosion of Concrete Sewers

This work is being carried out under a Fellowship established through the Institute of Municipal Engineers.

'n Bakteriologiese opname is gemaak van 'n aantal monsters van verweerde beton, watervlakslyk en rioolafvalwater van die Witwatersrand en Pretoria. Een of beide van die swawelbakterieë *Thiobacillus thiooxidans* en *The thioparus* is oral aangetref waar daar ververing plaasgevind het. Daar bestaan geen twyfel dat die ververing van betonriole, 'n ernstige probleem in baie dele van Suid-Afrika, te wyte is aan swawelsuur wat deur hierdie mikro-organismes gevorm word.

Daar is aangetoon dat *Thiobacillus thiooxidans* in staat is om die swawelwaterstof wat aanwesig is in riool-atmosfere as die enigste bron van swawel vir die groei en produksie van swawelsuur te gebruik. Om die minimum-konsentrasie van swawelwaterstof nodig vir die ontwikkeling van hierdie organisme, te bepaal, is 'n gaskamer gebou waardeur 'n aanhoudende stroom vogtige lug gestuur kan word wat hoeveelhede swawelwaterstof, ammonia en koolstofdioksied bevat, en na gelang verander kan word. Proewe het getoon dat betonstawe wat met 'n gemengde kultuur van *Th. thiooxidans* en *Th. thioparus* ge-ent en blootgestel is aan 'n lugstroom wat 15 dele per millimeter (d.p.m.) swawelwaterstof bevat, binne vyf weke definitiewe tekens van ververing toon. Kontroles onder dieselfde toestande wat nie ge-ent was nie, is nie aangetas nie. Daar was maar min verskil tussen die groeitempo van die bakterieë in lug wat 10 d.p.m. en 1 d.p.m. swawel-


A bacteriological survey has been made of a number of specimens of corroded concrete, water level slimes, and effluents from Witwatersrand and Pretoria sewers. Either one or both of the sulphur-oxidising bacteria *Thiobacillus thiooxidans* and *Th. thioparus* have been found whenever there was corrosion and there is no doubt that the corrosion of concrete sewers, which is a serious problem in many parts of South Africa, is due to the production of sulphuric acid by these micro-organisms.

Thiobacillus thiooxidans was shown to be capable of using the hydrogen sulphide which is present in sewer atmospheres as a sole source of sulphur for growth and sulphuric acid production. To determine the minimum concentration of hydrogen sulphide needed by this organism a gas chamber was constructed through which could be passed a constant stream of humidified air containing controlled amounts of hydrogen sulphide, ammonia and carbon dioxide. Experiments showed that concrete bars inoculated with a mixed culture of *Th. thiooxidans* and *Th. thioparus* and exposed to an air stream containing 15 p.p.m. hydrogen sulphide showed definite signs of corrosion in five weeks. Uninoculated controls exposed under the same conditions were not affected. There was little difference between the rate of growth of the bacteria in air containing 10 p.p.m. and 1 p.p.m. hydrogen



Die tap van 'n model-gistingsketel vir die brou van Kafferbier in die Nasionale Chemiese Laboratorium.

Tapping a model fermenter for the brewing of Kaffir beer in the National Chemical Research Laboratory.



Hierdie betonmonsters is getoets om vas te stel wat hulle weerstand is teen verwerking deur sure wat as gevolg van bakteriese werking in rioolatmosfera gevorm is.

Specimens of concrete are here seen being tested to determine their resistance to corrosion by acids formed as a result of bacterial action in sewer atmospheres.

waterstof bevat het. Die groei was egter merkbaar stadiger in 'n atmosfeer met 0.5 d.p.m. swawelwaterstof.

'n Aantal stowwe is getoets vir hulle vermoë om die groei van *Th. thiooxidans* in 'n vloeibare medium te rem. Selenium, pentachloorfenol en 'n kwarternêre ammoniumverbinding het uitstekende resultate gelever. Hierdie en ander moontlike remstowwe is in betonstawe ingesluit en hulle beskerming teen bakteriële verwerking word in die gaskamer op die proef gestel.

sulphide, but growth was noticeably slower with 0.5 p.p.m. hydrogen sulphide.

A number of substances has been tested for their ability to inhibit the growth of *Th. thiooxidans* in liquid medium. Selenium, pentachlorophenol and a quaternary ammonium compound gave excellent results. These and other possible inhibitors have been incorporated into concrete bars and their resistance to corrosion is being tested in the gas chamber.

VOEDING

Agtergrond vir Nuwe Ontwikkelings

Voorheen is voedingnavorsing deur 'n klein eenheid gedoen wat in die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing gehuisves was. Die status van die eenheid is, volgens die verslag van 1952, hersien en vorm nou 'n nuwe mediese navorsingseenheid wat bekendstaan as die Navorsingseenheid vir Menslike Biochemie. Die werksaamhede van Ig. inrigting word elders bespreek.

Dit het egter nie 'n staking van die werksaamhede op die gebied van voeding beteken nie, aangesien 'n nuwe voedingnavorsingsgroep volgens ooreenkoms met die Departement Voeding tans saamgestel word. Die groep word aanvanklik binne die Nasionale Chemiese

NUTRITION

The Background to New Developments

Previously work on nutrition was carried out by a small Unit which was accommodated in the South African Institute for Medical Research. The status of this Unit, as was reported in 1952, has been revised and now constitutes a new medical research unit—known as the Human Biochemistry Research Unit. Its activities are reported elsewhere.

This has not meant a cessation of activity in the field of nutrition, however, since by agreement with the Department of Nutrition, a new nutrition research group is being formed. This is being set up initially within the National Chemical Research Laboratory,

Navorsingslaboratorium gevorm en die vorming word beskou as die eerste stap in die opbou van 'n aparte organisasie vir voedingnavorsing.

Gedurende die eerste jaar van sy werksaamhede sal hierdie nuwe afdeling gefinansier word met behulp van fondse wat die Departement tot die beskikking van die W.N.N.R. gestel het. Die Departement het ook ingestem om vier lede van sy wetenskaplike personeel tydelik aan die W.N.N.R. af te staan. Volgens hierdie ooreenkoms is twee beamptes van die Departement reeds by die W.N.N.R. in diens. Die werwing van verdere personeellede asook reëlings in verband met huisvesting en ander fasiliteite is onderweg.

'n Loodskomitee is deur die W.N.N.R. in die lewe geroep om die werksaamhede van die afdeling te lei en 'n navorsingsprogram is goedgekeur.

Voedselverryking en die Bepaling van die Voedingsenskappe van Voedselsoorte

Sommige van die belangrikste en verreikendste werksaamhede van die Departement Voeding is gebaseer op die verryking van koring- en mielieprodukte wat die belangrikste voedsel van 'n groot deel van ons bevolking uitmaak. Hierdie verryking bring in die eerste plek mee die toevoeging van proteiene uit ander bronne by die graanprodukte om die tekort aan noodsaaklike aminosure in lg. produkte aan te vul.

Op die navorsingsprogram moet voorkeur dus gegee word aan die oprigting van masjinerie waardeur die voedingshoedanighede van graansoorte en potensiele verrykingsmiddels bepaal kan word en verliese in voedingsgehalte gedurende verwerking tot 'n minimum beperk kan word. Met die hulp van prof. Kellerman van die Universiteit van Pretoria en die Direkteur van die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut te Onderstepoort, wat albei sekere fasiliteite beskikbaar gestel het, was dit moontlik om 'n begin te maak met die biologiese bepaling van verskeie proteiene deur verskillende tegnieke. Reëlings word ook getref vir die opstelling van chemiese en mikrobiologiese bepalingsmetodes; by laasgenoemde bepalings word hulp ontvang deur die S.A. Buro vir Standaarde.

Mielie- en Koringprodukte

In die meliemeulebedryf bestaan tans 'n neiging om maalmasjinerie in te voer wat voorsiening maak vir die verwydering van die kiem en gevolglik 'n meel te produseer met 'n lae kiemgehalte. Hierdie maalmethode kan tot ernstige voedingstekorte lei. In samewerking met 'n beampte van die Mieliebeheerraad, is 'n verslag opgestel vir die Departement van Voeding wat die moontlike nadelige gevolge van hierdie metode in die meulpraktiek behandel.

Die Koringbeheerraad wat beskik oor laboratoriums toegerus met eksperimentele bakapparaat, het onder-

and its formation is regarded as the first step in the building up of a separate organisation for nutrition research.

During the first year of its operation, this new section is being financed with funds made available to the C.S.I.R. by the Department, which has also agreed to second four of its scientific staff to the C.S.I.R. Two officers of the Department are already working with the C.S.I.R. in terms of this arrangement. The recruitment of other members of staff is now in hand, as are also arrangements for accommodation and facilities.

A Steering Committee has been established by the C.S.I.R. to guide the affairs of the section, and a research programme has been approved.

Food Enrichment and the Assessment of the Nutritional Characteristics of Foods

Some of the most important and far reaching activities of the Department of Nutrition are based upon its aim to enrich the wheat and maize products which form the staple articles of diet for such a large proportion of our population. Such enrichment involves primarily the addition to cereal products of proteins from other sources, which by virtue of their contents of "essential" amino acids deficient in wheat and maize meals, are able to remedy or reduce the nutritional deficiencies of the cereal proteins themselves.

A first priority on the research programme is therefore the setting up of machinery whereby the nutritional characteristics of cereals and of potential enriching agents can be assessed, and losses in nutritional quality during processing brought to a minimum. Through assistance from Professor Kellerman at the University of Pretoria, and from the Director of the Onderstepoort Veterinary Research Institute, both of whom have made facilities available, it has been possible to make a beginning on the biological evaluation of different proteins by various techniques. Arrangements are also in train for the setting up of chemical and microbiological assay techniques, and in respect of the latter, assistance is being given by the S.A. Bureau of Standards.

Maize and Wheat Products

A present trend in the maize milling industry is towards the introduction of milling machinery which permits of the extraction of the germ, and therefore of the production of maize meals with a lower content of germ. The removal of the germ from maize meals used as staple articles of diet could result in severe nutritional deficiencies, and, in collaboration with an officer of the Maize Control Board, a report on the nutritional implications of these trends in milling practice has been prepared for the Department of Nutrition.

The Wheat Control Board, which has laboratories

neem om sy steun aan die studie van koringprodukte te verleen.

Verrykende Produkte

'n Groot verskeidenheid verrykende produkte is gekeur vir ondersoek. O.a. kan van suiwelprodukte, grondboontjemeel, sojaboontjemeel, vismeel, suurdeeg, vleismeel, peulplante, aartappelmeel ens. melding gemaak word.

Met die uitbreiding van ondersoek van hierdie produkte, word elke moontlike poging aangewend om die lewendige belangstelling en ondersteuning van die betrokke nywerhede op te wek vir die vervaardiging van produkte van die hoogste gehalte vir verrykingsdoelindes. In hierdie verband is die geval van vismeel vir die verryking van graanprodukte 'n tipiese voorbeeld. Die Visnywerheidsnavorsings-instituut bygestaan deur die vervaardigers van vismeel het reeds die ondersoek van metodes vir die vervaardiging van smaaklike vismeel begin. Laasgenoemde sal deur 'n besigheidsonderneming op 'n proefbasis vervaardig word. Die toegepaste prosesse sal biologies gekontroleer word volgens hulle proteïengehalte wat sal verseker dat die gelewerde produk die hoogste moontlike voedingswaarde besit.

ALGEMEEN

Gepolimeriseerde Olies

'n Studie is gemaak van die struktuur van die dimeer wat ontstaan wanneer metiel β -eleostearaat verhit word. Daar is gevind dat die verwagte sesring wat in vier aangrensende posisies gesubstitueer is, ontstaan. 'n Nagraadse student van die Universiteit van Pretoria aan wie die nodige laboratoriumfasiliteite verleen is, is besig met 'n studie van die fisies-chemiese aspekte van die polimerisering van droënde olies. In die eerste instansie word die molekuleêre gewigsverdeling van tipiese verhardende olies ondersoek. Die outo-oksidasie van metiel-linoleaat is verder ondersoek, deels omdat linoleïensuur een van die belangrikste vetsure is wat in vet sowel as in droënde olies voorkom en deels omdat die fynstruktuur van die isohidroperoksied wat gevorm word, nog op verklaring wag.

Koolteer

'n Studie word tans gemaak van basisse wat herwin word uit hoë temperatuurteer by Yskor. Die identifikasie en kwantitatiewe bepaling van die piridien, pikolien en lutidien en sommige van die hoogkokende komponente word in vooruitsig gestel.

Was van die Fischer Tropsch Proses

Fasiliteite is beskikbaar gestel vir drie personeellede van die S.A. Steenkool-Olie- en Gaskorporasie om

equipped with test baking equipment, has agreed to co-operate in the study of wheat products.

Enriching Materials

A wide range of enriching materials has been selected for study. Amongst them may be mentioned dairy products, groundnut flour, soya bean flour, fish flour, yeast, meat meals, legumes, potato flour, etc.

In developing work on these various products, every effort is being made to enlist the active interest and support of the industries concerned in producing materials of the highest quality for enrichment purposes. The case of fish flour for cereal enrichment is typical in this respect. The Fishing Industry Research Institute, with assistance from fish meal manufacturers, is embarking on a search for methods of producing palatable fish flours. These will be produced on a pilot plant scale by a commercial concern, and the processes used are being controlled by biological tests of protein quality which will ensure that products of the maximum possible nutritional value result.

GENERAL

Polymerised Oils


The structure of the dimer produced by heating methyl β -elacostearate has been studied: it has been found to contain the expected six-membered ring substituted in four neighbouring positions. Physico-chemical aspects of drying oil polymerisation are under study by a post-graduate student of the University of Pretoria who has been afforded facilities in the laboratory. The molecular weight distribution of typical stand oils is being investigated as a first step. The autoxidation of methyl linoleate has been investigated further, partly because linoleic acid is one of the most important fatty acids occurring in both fats and in drying oils and partly because the fine structure of the isohydroperoxides produced remained to be elucidated.

Coal Tar

Bases recovered from Iscor high temperature tars are under study. The identification and estimation of the pyridine, picolines, lutidines and some of the higher boiling components is envisaged.

Waxes From Fischer Tropsch Process

Facilities have been made available for three members of the staff of the S.A. Coal, Oil and Gas Corporation



'n Hoëvakuum toestel wat gebruik word om die adsorpsie van gasse en dampe of fyn-verdeelde vaste stowwe te meet.

A high-vacuum assembly in use for measuring the adsorption of gases and vapours on finely divided solids.

navorsing te doen op die probleme wat gepaard gaan met die gebruik en verkoop van die was wat vervaardig sal word deur hulle installasie wat tans nog in aanbou is. Besondere aandag word aan die harde-was fraksies gewy.

to work in the laboratory on problems associated with the use and sale of waxes from their plant at present under construction. Particular attention is being paid to the hard wax fractions.

Studies van die Adsorpsie van Gasse

Studies of Gaseous Adsorption

In die kinetika van adsorpsie en katalise is die oordrag van gasse en dampe in poreuse media van die aller-grootste belang. Onder sekere toestande is die „oppervlakdiffusie” van geadsorbeerde molekule oorheersend. Metodes waarby gebruik gemaak word van stasionêre en veranderlike toestande is aangewend vir die bepaling van diffusiekoëffisiënte en die verkreeë resultate vergelyk goed. Daar is gevind dat die orde van oppervlakdiffusiekoëffisiënte diselfde is as by vloeistowwe. Die proses is geaktiveerd d.w.s. geadsorbeerde molekule kan slegs beweeg nadat hulle genoeg energie verkry het. Hierdie beginsels word tans toegepas om die moontlike skeiding van gasse te ondersoek.

In kinetics of adsorption and catalysis the transport of gases and vapours in porous media is of prime importance. Under certain conditions the dominant part is played by the “surface diffusion” of adsorbed molecules. Steady and transient state methods have been used for the determination of diffusion coefficients and the results were found to compare well. It was found that the order of “surface diffusion coefficients” is the same as that in liquids. The process is an activated one, *i.e.*, adsorbed molecules can move only after having acquired a sufficient energy. These principles are at present being applied to investigate the possible separation of gases.

'n Vergelyking is getref tussen enkellaagkapasiteite met lae adsorpsiehitte en dié vir stelsels met hoë adsorpsiehitte. 'n Goeie ooreenkoms is gevind by die gebruik van die B.E.T. vergelyking soos deur Anderson gewysig.

Radioskeikunde

Studies in verband met die toediening van kunsmis vir tabakplante in samewerking met die Tabaknavorsingstasie is voortgesit. Kunsmistoediening het geen uitwerking gehad op die persentasie fosfor wat deur die plant opgeneem word nie maar op een of twee van die grondsoorte wat ondersoek is, het belangrike verskille voorgekom ten opsigte van die grootte van plante in soverre dat bemeste plante groter was en gevolglik 'n groter totale fosforgehalte gehad het. Resultate op die ander grond was minder seker. Die gebruik van hol brikette van gedroogde plantmateriaal vir die meting van radio-aktiewe fosfor tydens die later stadia van die proef is ondersoek en van praktiese belang bevind.

A comparison has been made of monolayer capacities when heats of adsorption are very small, with those for systems with high heats of adsorption. Good agreement was found if the Anderson modification of the B.E.T. equation was used.

Radiochemistry

Studies in application of fertiliser to tobacco plants, in collaboration with the Tobacco Research Station, have been continued. Addition of fertiliser did not affect the percentage of phosphorus taken up by the plant, but on one of the two soils studied, significant differences occurred in sizes of plants, in that fertilised plants were larger and so had a larger total phosphate content. Results on the other soil were less certain. The use of hollow briquets of dried plant material for measuring radioactive phosphorus in the latter stages of experiment was investigated and found practical.



Tabakblare wat gekweek is met behulp van kunsmis wat radioaktiewe fosfor bevat word ondersoek ten einde die fosforopname te bepaal. Die werk word in medewerking met die Sentrale Tabaknavorsingstasie uitgevoer.

Tobacco leaves grown with the aid of a fertilizer containing radio-active phosphorus are being examined to determine the uptake of phosphate. This work is being undertaken in co-operation with the Central Tobacco Research Station.

In samewerking met die Afdeling Biofisika is die Mn⁵⁴-isotoop van mangaan afgeskei van suiwer ysterstawe wat in die Harwell-suil aan bestraling onderwerp is. In 'n verslag opgestel vir publikasie word bewys gelewer dat hierdie element uit 'n Fe⁵⁴ (n, p) Mn⁵⁴ reaksie ontstaan het.

Metaalverwering

Voorlopige werk is gedoen in verband met verwering deur water wat kook onder toestande wat in stoomlokomotiewe heers.

Studies is gemaak van faktore wat staalverwering in gewapende beton veroorsaak met die oog op die aanwending van katodiese beskerming as 'n maatreël teen verwering in bestaande geboue.

Die verf van staalheiwark in Suid-Afrikaanse hawens wat altyd 'n probleem oplewer, asook die installering van katodiese beskerming, het ook veel aandag geniet. Die wyse waarop plaatheiwark verweer het voorbeelde gelewer van die werking van sulfaat-reduserende bakterieë in die ingeslote water van 'n hawe. 'n Algemene verslag oor die werking van sulfaat-reduserende bakterieë in hierdie verband, is opgestel vir publikasie.

Die snelle verwering van die koperbekleding onderaan bote, is teruggevoer tot die gebruik van nie-dekkende skeepsverf wat kwikverbindinge bevat het.

Aandag is geskenk aan 'n groot aantal praktiese probleme van verskillende aard op 'n kontrakbasis.

Analitiese Laboratorium

Gedurende die afgelope jaar het die eise wat deur die verskillende afdelings van die W.N.N.R. aan die analitiese laboratorium gestel word, steeds toegeneem. Die chroomskema was veral verantwoordelik vir 'n groot hoeveelheid analitiese werk. Die opname van Suid-Afrikaanse klei het die voltydse dienste van een analise vereis. 'n Vlam-fotometer is opgestel en met sukses gebruik vir roetinebepalings van alkaliese in kleisoorte en ander stowwe. Verder is 'n toenemende verskeidenheid van analyses vir die organiese en biochemiese afdelings uitgevoer met inbegrip van infra-rooi spektrometrie. Verskeie analyses is ook vir die N.F.L. uitgevoer, bv. die verryking van spoorelemente in plantasies en die analise van uraanerster vir geochemiese ouderdomsbepalings.

In collaboration with the Biophysics Division, the Mn⁵⁴ isotope of manganese was separated from bars of pure iron irradiated in the Harwell pile. In an account prepared for publication, evidence is cited that this originates from a Fe⁵⁴ (n,p) Mn⁵⁴ reaction.

Metallic Corrosion

Some preliminary work has been carried out on corrosion by waters boiling under the conditions experienced in steam locomotives.

Studies have been made of factors causing corrosion of steel in reinforced concrete, with a view to adoption of cathodic protection as a means of preventing corrosion in existing structures.

The problem of painting steel piling in South African harbours, followed by installation of cathodic protection has also received much attention. The mode of corrosion of sheet piling has provided instances of the activity of sulphate-reducing bacteria in the enclosed waters of a harbour, and a general account of sulphate-reducing bacteria in this connection has been prepared for publication.

An example of rapid corrosion of underwater copper sheathing on launches has been traced to the use of antifouling paints containing mercury compounds.

A large number of practical problems of diverse nature has been dealt with on a contract basis.

Analytical Laboratory

The demand of the various sections of the C.S.I.R. on the services of the analytical laboratory has steadily increased in the past year. The chromium project in particular was responsible for a very large volume of analytical work. The survey on South African clays required the full-time service of one analyst. A flame photometer has been set up and is being used successfully for routine determinations of alkalis in clays and other material. Furthermore, an increasing variety of analytical work including infra-red spectrometry was performed for the organic and biochemical sections. Various analytical services have been rendered to the N.P.L., e.g., enrichment of trace elements in plant ash and analyses of uranium ores for geochemical age determinations.

Nasionale Fisiese Laboratorium

Direkteur: DR. A. J. A. ROUX

Die ontwikkeling van die Nasionale Fisiese Laboratorium gedurende die afgelope jaar is veral gekenmerk deur die toenemende mate waarin die nywerheid en ander instansies van die dienste van die laboratorium gebruik maak. Hierdie belangrike neiging moet daaraan toegeskryf word dat die laboratorium besig is om te ontwikkel uit die periode waarin die aandag hoofsaaklik bepaal moes word by die opleiding van gespesialiseerde personeel en die opbou van geskikte fasiliteite.

Dat hierdie fase van sy ontwikkeling bereik kon word in die kort periode sedert die stigting van die Nasionale Fisiese Laboratorium, is in geen geringe mate te danke nie aan die Advieskomitee wat weereens 'n jaar van uitmuntende diens gelewer het.

Alhoewel die laboratorium op 'n groot deel van die gebied van fisika reeds so toegerus is dat dit sy funksies kan vervul en in die dringendste behoeftes voorsien, is daar nog enkele rigtings waarin die bestaande fasiliteite heeltemal ontoereikend is. So byvoorbeeld sal die personeel en geriewe vir kernfisiese navorsing uitgebrei moet word as dit enigsins in verhouding wil wees met die belang wat Suid-Afrika het by die vinnige ontwikkelinge wat op hierdie gebied plaasvind.

KERNFISIKA

Sentrum vir Kernfisiese Navorsing

Gedurende die afgelope jaar was die aandag hoofsaaklik toegespits op verdere voorbereiding in verband met die daarstelling van 'n nasionale sentrum vir kernfisiese navorsing.

Die ontwerp van die siklotron, met die uitsondering van enkele werk tekeninge, is voltooi, terwyl 'n groot aantal van die onderdele reeds vervaardig en aan die nodige toetse onderwerp is. Sodra die siklotronsaal beskikbaar gestel is, sal 'n aanvang gemaak word met die oprigting van die siklotron self.

Intussen is bevredigende vordering ook gemaak met die ontwikkeling van bykomstige toerusting. Die permanente magneetspektrometer is gereed en sal in die gebou vir kernfisika wat ook tans in aanbou is, opgerig word. Ook die sintillasiemeter is voltooi en 'n deeglike studie is van sy eienskappe gemaak.

Drie-kwantumvernietiging van Positrone

Na aanleiding van die onlangse ontdekking in die buiteland van 'n relatiewe seldsame proses waarin 'n positron, wat in materie tot rus kom, saamsmelt met 'n

National Physical Laboratory

Director: DR. A. J. A. ROUX

The development of the National Physical Laboratory during the past year is characterised particularly by the increasing degree to which Industry and other bodies have made use of the services of the laboratory. This important tendency may be ascribed to the fact that the laboratory has now passed out of the stage where attention had of necessity to be restricted to the training of specialised personnel and the provision of suitable facilities.

That this stage of development has been reached in the short period since the establishment of the National Physical Laboratory is in no small measure due to the Advisory Committee which has once again rendered a year of valuable service.

Although the Laboratory is now equipped to cope with the most essential demands in the field of physics, there are still a few gaps where the existing facilities are totally inadequate. Thus, for example, the personnel and facilities for research in nuclear physics will have to be augmented if South Africa is to keep pace with the rapid developments which are taking place in this field.

NUCLEAR PHYSICS

Centre of Nuclear Research


During the past year attention has been devoted mainly to further preparations for the establishment of a national centre for nuclear research.

The design of the cyclotron, with the exception of a few working drawings, is complete, while a number of the component parts have now been constructed and subjected to the necessary tests. As soon as the cyclotron hall is available a start will be made with the installation of the cyclotron itself.

In the meantime satisfactory progress has been made with the auxiliary equipment. The permanent magnet spectrometer is ready and will be installed in the nuclear physics building which is now under construction. The scintillation spectrometer is also complete and a thorough study of its characteristics has been made.

Three Quantum Annihilation of Positrons

Following upon the recent discovery overseas of a relatively rare phenomenon in which a positron, coming to rest in matter, unites with a negatron, resulting in



Die giet van die vakuumkamer vir die Siklotron van die W.N.N.R. Al die vernaamste komponente en onderdele van die siklotron word in Suid-Afrika vervaardig.

Casting of the vacuum chamber for the C.S.I.R. Cyclotron. All the major components and assemblies for the cyclotron are being made in South Africa.

negatron en waarin die saamsmeltingsproses lei tot die algehele vernietiging van die twee deeltjies, met die uitstraling van hul rusmassa-energie in die vorm van drie gammakwantums, is 'n omvattende eksperimentele studie van die proses onderneem. Die feit dat 'n 4π -telbuis ook vir hierdie studie beskikbaar was het meegebring dat die waarskynlikheid van die proses absoluut bepaal kon word.

Standaardisering van Radio-aktiwiteit

'n Hele aantal roetine-standaardiserings is uitgevoer, hoofsaaklik vir navorsingsinrigtings. Alle moeilikhede wat met die 4π -telbuis ondervind is, is uit die weg geruim en dit is tans moontlik om 'n absolute standaardisering van enige radio-isotoop se disintegrasië met 'n noukeurigheid van ongeveer 2 persent uit te voer.

'n Opstelling waarin 'n telbuis en sintillasiesteller gekombineer word, is vir die Geologiese Opname opgebou. Met behulp hiervan is dit moontlik om ertsmonsters waarin uraan en thorium saam voorkom te ontleed, asook monsters waarin die ewewig tussen die moederstof en die volprodukte verstoer is.

the total destruction of the two particles with the emission of their mass energy in the form of *three* gamma quanta, an exhaustive investigation of the process has been undertaken. The availability of a 4π counter for this study made it possible to make an absolute determination of the probability of the occurrence.

Standardization of Radio Activity

A large number of routine standardizations, mainly for research institutions, have been undertaken. All the difficulties experienced with the 4π counter have been overcome and it is now possible to carry out an absolute standardization of any radio-isotope disintegration with an error of about 2 per cent.

Apparatus in which a counter and a scintillation counter are combined, has been built for the Geological Survey. With the aid of this equipment it is possible to analyse mineral samples containing both uranium and thorium, and also samples in which the equilibrium between the original material and its daughter substances has been disturbed.

Toepassing van Kenfisiiese Metodes

'n Groot aantal bauksietblokke is vir 'n firma van glasfabrikante getoets ten einde die posisies van swak plekke en lugholtes vas te stel. Hierdie metode maak gebruik van deurdringende gammastrale wat met behulp van 'n telbuis geregistreer word, en is vinnig en goedkoop. Die toetse stel die betrokke firma in staat om deur korrekte oriëntering van die blokke in die oondwande die lewensduur van die oonde met maande te verleng en bring 'n besparing van duisende ponde mee.

Om die Geologiese Eenheid van die Raad op Atoomkrag behulpsaam te wees met die ontwikkeling en toepassing van kernfisiiese meetmetodes is 'n navorsings-betrekking deur genoemde Raad in die Afdeling Kernfisiika geskep. Die betrokke amptenaar doen navorsing in, en onder leiding van, die Afdeling.

BIOFISIKA

Beskadiging deur Straling

Vir 'n studie van die invloed van straling op lewende selle word die inaktivering van bakteriofagus deur elektrone onder eksperimentele omstandighede ondersoek wat duideliker omskryf is as die van die meeste ondersoekte wat voorheen deur ander navorsers gedoen is.

Die biologiese stof wat gebruik word is die T-reeks van coliphagus. Vordering is gemaak met die handhawing van die lewensvatbaarheid van die virusse in 'n droë toestand, sodat hulle bestraal kan word sonder die steurende invloede van die vrye radikale wat gevorm sou word indien water teenwoordig was. Kwantitatiewe metodes vir die noukeurige bepaling van die fraksionele inaktivering van die bakteriofagus is verder ontwikkel.

Vervaardiging van Draervry Isotope

In 1949 is in die laboratorium bevind dat Mn^{54} in 'n atoomsuil gevorm word. In voortsetting van hierdie ondersoek is bestralings te Harwell gedoen en kon die vorige bevindinge bevestig word dat deur neutronbestraling van yster, draervry Mn^{54} gevorm word.

Aanwending van Isotope in Mediese Navorsing

Radio-aktiewe isotope word in toenemende mate gebruik vir doeleindes van mediese navorsing in die laboratorium en in samewerking met ander navorsingsinstitute. Die volgende dien as voorbeelde :

Myxoedema.—Sekere afwykings in die opname en verspreiding van jodium in pasiënte met myxoedema is opgemerk en die probleem word tans ondersoek met toediening van I^{131} .

Application of Nuclear Physical Methods

A large number of bauxite blocks have been tested for a glass manufacturer in order to determine the positions of weak spots and voids. This method, which makes use of penetrating gamma rays recorded on a counter, is both quick and inexpensive. The tests enabled the firm concerned to prolong the life of ovens by many months by correct orientation of the blocks in the oven walls, and led to a saving of thousands of pounds.

In order to assist the Geological unit of the Atomic Energy Board with the development and application of nuclear physical methods, a research post has been established in the Nuclear Physics Division. The officer concerned is employed on research under the direction of the Division.

BIOPHYSICS

The Harmful Effects of Radiation

In order to study the influence of radiation on living cells, the inactivation of a bacteriophage by electrons is being investigated under experimental conditions which have been more closely defined than in most of the investigations undertaken by other workers.

The biological material being used is the T-series of coliphage. Progress has been made with the maintenance of the viability of the viruses in a dry condition, so that they can be irradiated without the disturbing influence of free radicals which would be formed in the presence of water. Quantitative methods for the accurate determination of the fractional inactivation of bacteriophage has also been developed further.

Preparation of Carrier-free Isotopes

During 1949 the laboratory reported that Mn^{54} is formed in an atomic pile. In continuation of this investigation, an irradiation carried out at Harwell confirmed the finding that the neutron irradiation of iron gives rise to carrier-free Mn^{54} .

Application of Isotopes in Medical Research

Radio-active isotopes are being used to an increasing degree for medical research purposes in the laboratory and in co-operation with other research institutes. The following serve as examples :—

Myxoedema.—Certain abnormalities in the assimilation and distribution of iodine in patients suffering from myxoedema have been noted, and the problem is now being investigated by the administration of I^{131} .

Haakwurm.—In medewerking met die Voedings-eenheid van die W.N.N.R. by die S.A. Instituut vir Mediese Navorsing in Johannesburg word eksperimente uitgevoer op pasiënte wat besmet is met haakwurm ten einde te probeer vasstel wat die korrelasie tussen bloedverlies en haakwurmbesmetting is. Fe^{59} word as spoorelement gebruik.

Haemochromatosis.—In samewerking met die Departement van Geneeskunde van die Universiteit van die Witwatersrand word die yster-metabolisme in pasiënte wat aan haemochromatosis ly, ondersoek. Na die toediening van spoordosis Fe^{59} , is die ysterinhoud van etlike honderde bloedmonsters bepaal, asook van die faeces.

Vloestofsintilleerders

Vanweë die kleinheid van die monsters wat beskikbaar is wanneer sekere liggaamsvloeistowwe ondersoek moet word, word die meting van die radio-aktiwiteit in die monsters baie moeilik. Met behulp van 'n vloestofsintilleerder kan die monster direk in die sintilleerder opgelos en metings met 'n hoë mate van doeltreffendheid uitgevoer word. Die ondersoek van impuls hoogte, fluoresensie-eienskappe, energiedistribusie en relatiewe doeltreffendheid en geskiktheid van 'n aantal vloestofsintilleerders word voorgesit.

Verskaffing en Aanwending van Radio-aktiewe Isotope

Die vervoer van radio-aktiewe isotope in die vlerk-punte van vliegtuie het 'n groot verlaging in die invoer-koste meegebring. As gevolg hiervan en met 'n beter begrip van die toepassingsmoontlikhede het die gebruik van kunsmatige radio-aktiewe isotope baie toegeneem. 'n Binnelandse vlerkpuntkema wat tans gereël word, sal die aflewering en verspreiding van isotope in Suid-Afrika bevorder.

Vir doeleindes van mediese ondersoeke is I^{131} gereeld ingevoer. Gedurende die afgelope jaar is 236 spoordosisse toegedien, 242 pasiënte se jodiumopnames is gemeet en 95 terapeutiese dosisse is uitgedeel. Co^{60} , Au^{198} en roetinebesendings P^{32} is ook vir mediese gebruik ingevoer. Ander ingevoerde isotope sluit in groot Co^{60} - en Ir^{192} bronne vir nywerheidsradiografie asook standaard gammastralbronne vir die yking van ionisasiekamers.

Vir die Nasionale Bounavorsingsinstituut is 'n metode ontwikkel vir die bepaling van die verwerking van sement-rioolpype met behulp waarvan 'n verandering van 1 mm. in die dikte van die pyp aangetoon kon word. Sn^{113} word hiervoor gebruik.

In samewerking met die Landboukollege, Potchefstroom, is 'n begin gemaak met die bestraling van grondboontjies met behulp van Co^{60} gammastrale in 'n poging om genetiese veranderinge te bewerkstellig.

Hookworm.—In co-operation with the C.S.I.R. Nutrition Unit at the S.A. Institute for Medical Research in Johannesburg, experiments are being carried out on patients infected with hookworm in an attempt to establish the correlation between blood losses and hookworm infection. Fe^{59} is being used as the trace element.

Haemochromatosis.—In co-operation with the Department of Medicine at the Witwatersrand University, the iron metabolism of patients suffering from haemochromatosis is being investigated. After the administration of trace doses of Fe^{59} , the iron content of some hundreds of samples of blood and faeces have been measured.

Fluid Scintillators

On account of the small samples available the measurement of radio-activity in certain body fluids is extremely difficult. With the help of a fluid scintillator the sample can be dissolved directly in the scintillator and measurements can be made with a high degree of accuracy. The investigation of impulse height, fluorescence characteristics, energy distribution and relative efficiency and suitability of a number of fluid scintillators has been continued.

Supply and Application of Radio Isotopes

The transport of radio-isotopes in the wingtips of aircraft has resulted in a considerable reduction in importation costs. As a result of this, and a better understanding of the possibilities of their application, the use of artificial radio-isotopes has increased considerably. An inland wingtip scheme which is now being planned will facilitate the local distribution and delivery of isotopes.

For the purposes of medical research I^{131} is imported regularly. During the past year 236 trace doses were administered, the iodine uptake of 242 patients measured, and 95 therapeutic doses distributed. Co^{60} , Au^{198} and routine consignments of P^{32} have also been imported for medicinal use. Other isotope imports include large Co^{60} and Ir^{192} sources for industrial radiography and standard gamma ray sources for the calibration of ionisation chambers.

On behalf of the National Building Research Institute, a method has been developed for the measurement of corrosion of concrete sewer pipes in which a change of as little as 1 mm. in the thickness can be demonstrated. Sn^{113} is used for this purpose.

In co-operation with the Potchefstroom Agricultural College a start has been made with the irradiation of ground nuts with the help of Co^{60} gamma rays in an attempt to bring about genetic changes.

Beskerming Teen Strale

Ten einde gebruikers van X-straalapparaat en radio-aktiewe stowwe in mediese dienste en die nywerheid teen oordosisse van straling te beskerm, word 'n filmwapendiens in stand gehou. Gedurende die periode in oënskou is 2,226 filmwapens uitgestuur, gemeet en verslae daarop gelewer. Verder is 'n hele aantal stralings-ondersoeke ten behoeve van die X-straaldepartemente van hospitale uitgevoer.

X-straalstandaardisasie en Dosismetings

In terapeutiese behandeling is dit van groot belang dat die terapeut weet watter X-straaldosis aan die pasiënt gegee word. Met die doel om dosimeters te yk, word in die laboratorium 'n absolute standaard van X-straaldosis opgestel deur gebruik te maak van 'n lug-ionisasiekamer. Die toerusting wat vir hierdie werk beskikbaar is, is onlangs aangevul met 'n X-straalapparaat van 200 kv.

In verband met hierdie diens is 'n metode ontwerp vir die gebruik van 'n Th^{204} -bron as 'n verwysings-standaard vir dosimeters van die Marconi tipe.


Protection From Radiation

The film badge service for the protection of users of X-rays and radio-active materials in the medical services and industry against overdoses of radiation has been maintained. During the period under review, 2,226 film badges were distributed, examined and reported on. In addition, a number of radiation investigations have been carried out on behalf of X-ray departments of hospitals.

X-ray Standardization and Dose Measurements

In therapeutic treatment it is of great importance for the practitioner to know what X-ray dose is being administered to the patient. In order to calibrate dose meters, an absolute standard of X-ray dose has been set up in the laboratory using an air ionization chamber. The equipment available for this purpose has been augmented by a 200 KV X-ray apparatus.

In connection with this service a method has been developed for the use of a Th^{204} source as a reference standard for dose meters for the Marconi type.



'n Kondensator-ionisasiekamer wat gebruik word om die dosering van die X-straalapparaat aan die regterkant te meet. X-straal dosismetings is 'n belangrike diens wat deur die N.F.L. aan hospitale en mediese praktisyns gelewer word.

A condenser ionization chamber used for measuring the dosage produced by the X-ray set shown on the right. X-ray dose measurement is an important service rendered by the N.P.L. to hospitals and medical practitioners.

MASSASPEKTROMETRIE

Geologiese Ouderdomsbepaling

Die studie van die metodes en tegnieke vir die bepaling van isotoopverhoudings van lood in radioaktiewe ertse ten einde die geologiese ouderdom van sulke ertse vas te stel, is voortgesit en uitgebrei. Navorsing is hoofsaaklik toegespits op ionbron-konstruksie en het aanleiding gegee tot suksesvolle isotoopontledings op strontium en barium in 'n termiese emissiebron en tot die bevinding dat lood en yster nie in die bestaande instrument met behulp van so 'n bron ontleed kan word nie. Daar is verder in geslaag om 'n elektronbombardementbron volgens die Dempster-Nier-beginsel met uitstekende goeie eienskappe te ontwikkel. Die sukses van hierdie bron word toegeskryf aan 'n afwyking van die konvensionele metode van opbou. Aanvanklike proewe dui daarop dat die bron geskik is vir ontledings op monsters wat heelwat kleiner is as wat voorheen nodig was.

'n Massaspektrometer, wat in die laboratorium ontwerp en opgebou is, is voltooi en 'n reeks isotoopontledings op 'n loodmonster wat vir ykingsdoeleindes met twee ander instrumente in die V.S.A. ontleed word, is uitgevoer. 'n Begin is gemaak met die isotoopontledings op twee ertsmonsters wat uit Namakwaland en Suid-Rhodesië verkry is. Verskeie monsters vir die uitvoering van dergelike ontleding is van Suidwes-Afrika ontvang asook Uganda, Tanganyika en Malaya.

Onlangs is 'n aanvang gemaak met die studie van die geologiese ouderdom van die Witwatersrandstelsel. Daar word gehoop dat verdere lig gewerp sal kan word op die probleem aangaande die ontstaan van die Randse goud- en uraanerslae.

Met die oog op die groot behoefte aan 'n instrument waarmee die geologiese ouderdom van minerale met 'n lae uraan- of thoriumgehalte (soos graniet) bepaal kan word, is 'n begin gemaak met die ontwerp van 'n massaspektrometer waarin mikrogram-hoeveelhede ontleed kan word.

Massaspektrometer-ontledings

In samewerking met die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium is 'n reeks eksperimente uitgevoer waarin C^{13} as opsporelement gebruik is, om die diffusie van koolsuurgas in kalsietkristalle te bepaal.

Isotoopontledings is gedoen op twee monsters ferrichloried waardeur gegewens ingewin is in verband met 'n kernfisiese eksperiment wat in samewerking met die Britse Atoomenergie-navorsingsinrigting te Harwell uitgevoer is.

Om die belangrike meganisme van stikstofbinding deur natuurlike grasgewasse te bestudeer, is voorbereidingswerk gedoen in verband met 'n reeks spoorderksperimente, wat in samewerking met die Departement van Landbou beplan word.

MASS SPECTROMETRY

Geological Age Determinations

The study of methods and techniques for the estimation of the isotope ratios of lead and radio-active minerals to establish their geological age has been continued and extended. Research has mainly been directed towards the construction of ion sources, and has resulted in successful isotope analyses of strontium and barium in a thermal emission source. It was further established that lead and iron cannot be analysed in the existing instrument with this type of source. An electron bombardment source with exceptionally good characteristics has been developed on the Dempster-Nier principle. The success of this source may be ascribed to a departure from the conventional methods of construction. Preliminary tests indicate that it is suitable for the analysis of samples considerably smaller than those previously used.

A mass spectrometer, which was designed and constructed in the laboratory, has been used to carry out a series of isotope analyses on a lead sample which is also being analysed for calibration purposes on two other instruments in the U.S.A. A start has been made with the isotope analysis of two ore samples obtained from Namaqualand and Southern Rhodesia. Various samples for similar analysis have been received from South West Africa, Uganda, Tanganyika and Malaya.

Recently a start was made with a study of the geological age of the Witwatersrand System. It is hoped that it will be possible to throw further light on the origin of the gold and uranium deposits.

In view of the great need for an instrument with which the age of minerals with low uranium and thorium contents, e.g., granite, can be determined, a start was made with the design of an instrument capable of analysing microgramme quantities.

Mass Spectrometer Analyses

In co-operation with the National Chemical Research Laboratory, a series of experiments has been undertaken using C^{13} as the tracer element to determine the rate of diffusion of carbon dioxide in calcite crystals.


Isotope analyses have been carried out on two samples of ferric chloride in order to obtain data in connection with a nuclear physics experiment which is being undertaken in co-operation with the British Atomic Energy Research Establishment at Harwell.

In order to study the important mechanism of nitrogen fixation by natural grasses, preparatory work has been done for a series of tracer experiments planned in co-operation with the Department of Agriculture.

ELEKTRONMIKROSKOPIE

Plastiese Vervorming van Metale

Ten einde die meganismes wat by die plastiese vervorming van metale in werking tree te probeer verklaar is elektronmikroskopiese ondersoek op vervormde metaalkristalle voortgesit. Uitbreide ondersoeke op aluminium het baie daartoe bygedra om plastiese vervorming in die geval van hierdie metaal te verklaar. Ander metale, t.w. silwer, koper en alfa-geelkoper, is ook ondersoek om vas te stel of dieselfde vervormingsmeganismes wat in die geval van aluminium gevind is, ook hier geld. Die resultate van hierdie eksperimente het bewys dat, hoewel die vervormingsmeganismes vir die suiwer metale aluminium, koper en silwer identies is, hulle fundamenteel verskil van dié van die legering alfa-geelkoper.



'n Elektronmikrograaf van die oppervlak van alfa-geelkoper wat 25,000 keer vergroot is en glylyne en glylamellae vertoon wat ontwikkel het namate die metaal vervorm is. Die fundamentele navorsing werp lig op die basiese struktuur van metale en die redes vir hulle swigting tydens gebruik.

ELECTRON MICROSCOPY

Plastic Deformation of Metals

In an attempt to throw light on the mechanisms involved during the plastic deformation of metals, electron microscopic investigations on deformed metal crystals are under way. Detailed investigations of aluminium have contributed much towards the understanding of plastic deformation in the case of this metal. Other metals such as silver, copper and alpha-brass have also been studied in order to determine whether the same deformation mechanism applies. The results have proved that although the mechanisms are identical for the pure metals aluminium, copper and silver, they differ fundamentally in the case of the alloy, alpha-brass.

An electron micrograph of the surface of alpha brass at 25,000 x magnification showing slip lines and slip lamellae which have developed as the metal has been deformed. This fundamental research helps to throw light on the basic structure of metals and the reasons why they sometimes fail in use.

Mediese en Biologiese Ondersoeke

In samewerking met 'n aantal institute is 'n groot aantal virusse en bakterieë ondersoek. Hierdie ondersoeke het gelei tot waardevolle inligting aangaande die vorm, grootte ens. van hierdie submikroskopiese deeltjies.

Medical and Biological Investigations

In co-operation with various institutes, a number of viruses and bacteria have been studied. These investigations have provided valuable information concerning the shape, size and other characteristics of these submicroscopic particles.

Deeltjiegrootte-bepaling

In samewerking met die Nasionale Chemiese Navorsingslaboratorium is 'n groot aantal kleisoorte elektronmikroskopies ondersoek, om hulle deeltjiegrootte, vorm en samestelling vas te stel. In verband met 'n projek om kunsmatig 'n neerslag van reën te veroorsaak deur wolke met silwerjodietdeeltjies te bestrooi, is die grootte van hierdie klein deeltjies elektronmikroskopies bepaal.

X-STRAALDIFRAKSIE

Kristalstruktuur-ontledings van Asetate

Die buitengewone gedrag en magnetiese onreëmatighede wat waargeneem is in die geval van die asetate van sekere transisie-elemente het 'n verduideliking uitgelok. Ten einde hierdie seldsame verskynsels te verduidelik, is sistematiese kristal-struktuurontledings van genoemde samestellings onderneem. Die interne struktuur van koper-, chroom- en nikkel-asetaat is met welslae bepaal en in die geval van die eerste twee soute het die bepaling gelei tot nuwe en totaal onverwagte kristalstrukture, wat, o.a. sulke onbekende verskynsels soos metaal-tot-metaal bindings behels. Dit is seker dat verdere ondersoek langs hierdie weg veel daartoe sal bydra om die onverklaarbare eienskappe van hierdie samestellings te verduidelik.

Fisiese Eienskappe van Metale en Legerings

'n Begin is gemaak om deur middel van X-straal-diffraksie metodes vas te stel tot watter mate kristalgrootte, koudbewerking, temperatuur, kristalroostersteuringe ens., die fisiese eienskappe van metale en legerings beïnvloed. Voorlopige eksperimente het bewys dat intense monokromatiese straling vir hierdie ondersoek onontbeerlik sal wees. 'n Monokromator met 'n geboë kristal is reeds vir hierdie doel ontwerp en verwag word dat hierdie apparaat die X-straalintensiteit met 'n faktor van 20 sal verhoog.

X-straalontledings

Hoewel X-straaldiffraksiemetodes hulle grootste toepassing vind in die bepaling van die atoomrangskikking in kristalle, is daar egter 'n aantal toepassings van 'n meer praktiese aard waarvoor 'n juiste kennis van die atoomrangskikking in kristallyne-monsters nie nodig is nie. Ten behoeve van die nywerheid en regeringsliggame is sodanige metodes gedurende die afgelope jaar met 'n groot mate van sukses aangewend op 'n aantal uiteenlopende ondersoek, waarvan die volgende enkele voorbeelde is :

1. Kwantitatiewe identifikasie van die bestanddele van sementsoorte wat sinteties voorberei is.

Particle Size Determinations

In co-operation with the National Chemical Research Laboratory a large number of clay types have been subjected to electron microscopic examination in order to establish their particle size, form and composition. In connection with a project to induce artificial precipitation of rain by seeding clouds with silver iodide crystals the size of these particles was estimated in the electron microscope.

X-RAY DIFFRACTION

Crystal Structure Analysis of Acetates

Systematic crystal structure analyses have been undertaken in an attempt to explain the anomalous behaviour and magnetic irregularity observed with the acetates of certain of the transition elements. The internal structures of copper, chrome and nickel acetate have been successfully determined and, in the case of the first two, have revealed a completely unexpected crystal structure which, among other things, suggests such unknown phenomena as metal-to-metal bonds. It is certain that further investigation in this direction will contribute to the understanding of the unexplained characteristics of these compounds.

Physical Characteristics of Metals and Alloys

A start has been made with an investigation using X-ray diffraction methods to establish to what degree crystal size, cold working, temperature, crystal lattice defects, etc., influence the characteristics of metals and alloys. Preliminary investigations have indicated that intense monochromatic radiation will be indispensable for this investigation. A curved crystal monochromator has now been developed for the purpose and it is expected that this apparatus will increase the X-ray intensity by a factor of 20.

X-ray Analysis

Although X-ray diffraction methods find their principal application in the determination of the atomic arrangement in crystals, there are, however, a number of applications of a more practical nature for which an exact knowledge of the atomic arrangement in crystalline samples is not necessary. On behalf of Industry and Government agencies, such methods have been applied with considerable success to a number of different investigations of which the following are some examples :

1. Quantitative identification of the constituents of synthetically prepared cements.

2. Uitkenning van korrosieprodukte op hoogspanningskragdrade.
3. Chemiese uitkenning van minerale, slakke, ertse, korrosieprodukte ens.
4. Kwantitatiewe bepalings van kwarts in stofmonsters uit myne en fabriek. Hierdie ondersoek staan in verband met silikosisnavorsing.
5. Opsporing van grafietkonsentrasies in streke waar koolneerslae voorkom.
6. Bepaling van die hoeveelheid, asook die kristallyneghalte, van uraniniet in Randse mineraal-ertse.
7. Uitkenning van sinteties-voorbereide koolwaterstofverbindinge uit wolvette.
8. Ontleding en korrelasie tussen die kristal-grootte en samestelling van 'n aantal ysteroksied-monsters en hul katalisasie-eienskappe.

SPEKTROSKOPIE

Met die doel om die struktuur van die molekules te bepaal is die studie van spektra van twee-atomige molekule voortgesit.

Aluminiummonofluoried-spektrum

Die spektrum van die aluminiummonofluoried-molekuul is ondersoek en van die agt bandesisteme wat waargeneem is, is sewe nuwe sisteme. Vier van die nuwe sisteme is ontleed. Daar is bewys dat die ontleding van die een bekende sisteem, wat in die literatuur aangegee word, foutief is en 'n juiste ontleding van die sisteem is deurgevoer. Die konstantes van die molekule kon met groot noukeurigheid bepaal word.

Spekro-isotopie

Benewens massaspektrometriese metodes, wat gebruik word om relatiewe voorkomsverhoudings van isotope te bepaal, word daar ook in die jongste tyd van sogenaamde spekro-isotopiese metodes gebruik gemaak waarin instrumente met hoë oplosvermoë aangewend word. Die metode word tans vir die bepaling van loodisotoopverhoudings ontwikkel. Navorsing is veral toegespits op die verkryging van 'n holkatode-ontlading waarin die eerste en tweede geïoniseerde spektra met slegs 'n milligram materiaal bevredigend opgewek word. Aandag is ook geskenk aan die ontwikkeling van die nodige spektroskopiese toerusting, insluitende die fotovermenigvuldiger-meeteenheid.

Mikrogolfspektrometrie

Die konstruksie van 'n mikrogolfspektrometer het die stadium bereik waarin waarnemings van 'n gedeelte van die absorpsiespektrum van asynsuur gemaak kon word. Interessante gevolgtrekkings is oor die struktuur van die molekuul gemaak.

2. Identification of corrosion products on high tension wires.
3. Chemical identification of minerals, slags, ores, corrosion products, etc.
4. Quantitative determinations of quartz in dust samples from mines and factories. These were undertaken in connection with silicosis research.
5. Location of graphite concentrations in areas where coal deposits occur.
6. Determination of the quantity and degree of crystallinity of uranite in Rand mineral ores.
7. Identification of synthetically prepared hydrocarbon compounds from wool grease.
8. Analysis of a number of iron oxide samples and correlating their crystal sizes and composition with their catalyzation characteristics.

SPECTROSCOPY

A study of the spectra of diatomic molecules has been continued with the aim of establishing their structure.

Aluminium Fluoride Spectrum

The spectrum of the aluminium monofluoride molecule has been investigated. Of the eight systems of lines observed, seven are new. Four of the new systems were analysed. The analysis of the one known system described in the literature has been proved to be incorrect. A correct analysis has been established. The constants of the molecule could be calculated with great accuracy.

Spectro-isotopy

In addition to mass spectrometric methods which are used to determine the relative abundance of isotopes, use has recently been made of the so-called spectro-isotopic methods in which instruments with a high resolving power are used. These methods are being developed for the determination of lead isotope ratios. Research has been directed mainly towards the development of a hollow cathode discharge in which the first and second ionized spectra can be produced with as little as a milligram of material. Attention has also been devoted to the development of the necessary spectroscopic equipment including a photomultiplier recording unit.

Microwave Spectrometry

The construction of a microwave spectrometer has reached the stage where readings of a part of the absorption spectrum of acetic acid can be made. Interesting conclusions have been drawn concerning the structure of the molecule.

SPEKTROCHEMIE

Meganisme van Vonke en Boë

Die spektrochemiese ontledingmetode is empiries en die mees bevredigende ontledingstoestand moet dus in elke laboratorium waar die metode gebruik word, eksperimenteel vasgestel word. Om die spektrochemiese metode op 'n meer fundamentele fisiese basis te plaas, word daar teenwoordig baie studies i.v.m. die meganisme van vonke en boë onderneem. Die benodigde apparaat, onder andere 'n „multi-source” ligbroneenheid, waarmee die mees uiteenlopende ontledingstoestand verkry kan word, is opgebou. Gegewens i.v.m. die meganisme en eienskappe van vonke kan nou versamel en bestudeer word.

Direklesende metodes

Ten einde spektrochemiese ontledings vinniger en met groter noukeurigheid uit te voer word daar in die buiteland van direklesende metodes gebruik gemaak, waarin die fotografiese plaat deur die fotovermenigvuldigerbuis vervang word. As eerste stap tot die invoering van direklesende metodes in die laboratorium is 'n medium Hilger-spektrograaf toegerus met direklesende toebehore.

Spoorelementnavorsing

Die belangrikheid van navorsing oor die spoor-elementinhoud van grond vir die landbou word al meer en meer besef. Die ontwikkeling van ontledingsmetodes i.v.m. die projek is weens 'n tekort aan personeel vertraag. Twee beamptes van die Departement van Landbou is tans besig in hierdie laboratorium met die ontwikkeling van spektrochemiese metodes vir die ontleding van plantmateriaal. 'n Beampte van die Afdeling Tuinbou is besig met die ontwikkeling van 'n vlamfotometriese metode vir die bepaling van kalium, natrium en kalsium in plantmateriaal.

Spektrochemiese Ontledings

Ten opsigte van spektrochemiese tegnieke en ontledings het die laboratorium omvangryke dienste aan die nywerheid en ander organisasies verleen. Gedurende die jaar in oënskou is ongeveer 300 ontledings uitgevoer en 4 persone is vir roetine-laboratoriums van regeringsdepartemente opgelei. Die talle ontledings wat gedoen is het o.a. die volgende ingesluit: die bepaling van magnesium in kalkklip, lood en sink in ertse, transisielemente in kwik en spoorelemente in lood.

Koolsuurgas- en Suurstofontleders

By die studie van die metabolisme van Naturelle wanneer hulle in 'n myn werk, is die bepaling van die konsentrasie koolsuurgas en suurstof in asemteue van belang. Die moontlikheid van fisiese metodes vir die bepaling van hierdie twee gasse word ondersoek.

SPECTROCHEMISTRY

Mechanisms of Arcs and Discharges

The spectro-chemical methods of analysis are empirical and the most satisfactory conditions must, therefore, be established experimentally in each laboratory where these methods are used. In order to place them on a more fundamental physical basis, many studies are at present being undertaken concerning the mechanics of sparks and arcs. The necessary equipment, including a "multi-source" light unit, with which the most divergent discharge conditions can be obtained has been constructed. Data concerning the mechanism and characteristics of sparks can now be collected and studied.

Direct Reading Methods

In order to speed up spectrochemical analyses and to increase their accuracy, use is made overseas of direct reading methods in which the photographic plate is replaced by a photomultiplier tube. As a first step to the introduction of direct reading methods in the laboratory a Hilger medium spectrograph has been fitted with a direct reading attachment.

Trace Element Research


The importance to agriculture of research in trace elements in soils is being realised more and more. The development of analytical methods for this purpose has, however, been delayed by the shortage of staff. Two officers of the Department of Agriculture are at present occupied in this laboratory with the development of spectrochemical methods for the analyses of plant material. An officer from the Division of Horticulture is busy with the development of a flame photometric method for the determination of potassium, sodium and calcium in plant material.

Spectrochemical Analyses

In the field of spectrochemical techniques and analyses, the laboratory has rendered numerous services to industry and other organizations. During the year under review about 300 analyses were carried out, and four persons trained for routine laboratories of Government departments. The analyses have included, among others, the determination of magnesium in limestone, lead and zinc ores, transition elements in mercury, and trace elements in lead.

Carbon Dioxide and Oxygen Analysers

In the study of the metabolism of Natives working in mines the determination of carbon dioxide and oxygen in the breath is of importance. The possibility of using physical methods for the determination of these two gases is being studied.



Die apparaat wat gebruik word vir die afneem van spektra in die spektrochemiese bepaling van lood-alloëe wat gebruik word by die vervaardiging van batterye.

The apparatus used for photographing spectra in the spectrochemical determination of lead and lead alloys used in the manufacture of batteries.

Infrarooi-spektrometrie

Sekere fundamentele gebreke in die enkelstraal-infrarooispektrometer is vasgestel. Veranderinge word op die oomblik aangebring en dit word voorsien dat die werking en oplosvermoë van hierdie instrument aansienlik verbeter sal word.

Infra-red Spectrometry

Certain fundamental shortcomings of the single beam infra-red spectrometer have been observed. Modifications are at present being made and it is expected that the operation and resolution of this instrument will be considerably improved.

OPTIKA

Fotometriese Yking

'n Fotometriese toets- en ykingseenheid is in bedryf gebring. Dit is tans moontlik om ykings op ligstroom en ligstreke tot 'n noukeurigheid van ongeveer 1% uit te voer. Ses ligstroomstandaarde en een ligsterkestandaard is vir die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde gestandaardiseer.

By die gebruik van foto-elektriese toerusting vir noukeurige kwantitatiewe opnames is dit nodig om die fotometriese eienskappe van die toerusting te bepaal. Vir hierdie doel is 'n spektroradiometer vir spektraal-gevoeligheidsbepalings voltooi. 'n Liniëriteitstoets nader voltooiing.

OPTICS

Photometric Calibration

A photometric calibration and test unit has been put into operation. It is now possible to calibrate instruments for the measurement of light radiation and intensity to an accuracy of about 1 per cent. Six luminous flux standards and one luminous intensity standard were standardized for the S.A. Bureau of Standards.

In the use of photoelectric equipment for exact quantitative surveys, it is necessary to know the photometric characteristics of the equipment. For this purpose a spectroradiometer has been built for sensitivity measurements.

A linearity tester is nearly complete.

Goniofotometrie

Om die oppervlaktevoorkomste van materiale in terme van hul kaatsingseienskappe noukeurig fisies te kan ondersoek is 'n universiële goniofotometer ontwerp. Die apparaat sal dit moontlik maak om die nodige metings uit te voer op oppervlaktes wat of spekulêr of verstrooid reflekteer.

Spektrofotometrie

Benewens roetinebepalings vir ander laboratoria is daar aandag gegee aan spektraalrefleksiebepalings op pigmentmonsters in die ultraviolet en velmonsters in die sigbare gebied. Die bepaling is hoofsaaklik ten behoeve van navorsingsinrigtings gedoen.

Ontwerp van Optiese Sisteeme en Elemente

Daar bestaan steeds 'n groot vraag by navorsings-eenhede en universiteite na optiese sisteme en elemente vir spesiale navorsing en toetse, wat nie in die handel beskikbaar is nie. 'n Optiese sisteem is ontwerp en vervaardig om elektriese instrumenskale gedurende toetsbepalings waar te neem.

'n Verdere ontwikkeling van ontwerpmetodes het dit moontlik gemaak om 'n $f/5.7$ Cooke triplet, wat oor 12° gekorrigeer is, met sukses te ontwerp. Hierbenewens is 'n aantal teleskoop-tipe akromaat-objektiewe, telemikroskoopobjektiewe, oogstukke, asook 'n verskeidenheid van ander elemente ontwerp.

Vervaardiging van Optiese Elemente

Spesiale elemente word in toenemende mate en veral vir wetenskaplike organisasies vervaardig, soos byvoorbeeld akromaatobjektiewe, optiese plattes, straaldelers, groot vensters met optiese plat en ewewydige oppervlakke, porroprismas, Huygens oogstukke, hoë kwaliteit spieëls en 'n verskeidenheid kleinere elemente.

Toets van Optiese Instrumente

'n Aantal mikroskope is ten behoeve van die Unie Tenderraad getoets.

HITTE

Standaard van Temperatuur

In voortsetting van die werk om die primêre vaste temperatuurpunte in die laboratorium in te stel is 'n sel vir die drievoudpunt van water vervaardig. Vergelykende toetse sal uitgevoer word tussen hierdie sel en 'n sel wat reeds in die Britse N.P.L. vergelyk is met soortgelyke selle wat in Engeland en Amerika vervaardig is. Hierdeur sal 'n baie noukeurige en maklik reproduceerbare metode in bedryf kom waarmee die nulpunt op die temperatuurskaal verkry kan word.

Goniophotometry

A universal goniophotometer for the investigation of the surface properties of materials in terms of their reflective characteristics has been designed. This apparatus will make it possible to carry out the necessary measurements on surfaces which give either specular or dispersed reflection.

Spectrophotometry

In addition to routine measurements for other laboratories, attention has been given to spectral reflection measurements on pigment samples in the ultra-violet and skin samples in the visible range. The determinations were undertaken mainly at the request of research institutions.

Design of Optical Systems and Elements

There is a steady demand from universities and research units for optical systems and elements which are not commercially available. An optical system for the observation of electrical instrument scales during test measurements has been designed and built.

A further development of methods of design has made it possible to design successfully an $f5.7$ Cooke triplet corrected over 12° . In addition a number of telescope-type achromatic objectives, telemicroscope objectives, eyepieces and a variety of other elements have been designed.

Manufacture of Optical Elements

Special elements are being made in increasing numbers particularly for scientific organizations. Examples are achromatic objectives, optical flats, beam splitters, large windows with optically flat and parallel surfaces, porro-prisms, Huygens eyepieces, high quality mirrors, and a variety of smaller elements.


Testing of Optical Instruments

A number of microscopes were tested on behalf of the Union Tender and Supplies Board.

HEAT

Standard of Temperature

In continuation of the work of setting up the primary fixed temperature points in the laboratory, a cell for the triple point of water has been constructed. Comparative tests will be carried out between this cell and a cell which has been compared in the British N. P. L. with similar cells made in England and the U.S.A. By this means very exact and easily reproducible methods will be brought into use for fixing the zero point on the temperature scale.



Die standaard optiese pirometer wat in die N.F.L. ontwerp en in die werkplaas van die W.N.N.R. gebou is. Die instrument is in staat om temperature noukeurig tot 1500° met afwyking van 2°C te meet.

The standard optical pyrometer designed in the N.P.L. and constructed in the C.S.I.R. workshops. This instrument is capable of measuring temperatures accurately to within 2°C up to 1500°C.

Met die oog op ykings vir hoë temperature bo die goudpunt, is 'n standaard optiese pirometer in die laboratorium ontwerp en vervaardig. Die goudpunt is tot binne 2°C vasgestel. Verdere verfynings word beplan om die noukeurigheid te verhoog.

Ten behoeve van die nywerheid en Regeringsdepartemente is 'n groot aantal termometers, termokoppels, termokoppelpirometers en optiese pirometers geëyk.

Bepaling van Hitte-geleidingsvermoë

Roetine toetse op hitte-geleidingsvermoë van insulasiewaardes het in die afgelope jaar so toegeneem dat ernstige aandag gegee word aan die uitbreiding van die fasiliteite van die laboratorium. 'n Plaatgeleidingsvermoë-apparaat, waarmee koueplaat-temperature van 10°F bereik kan word is in die laboratorium in bedryf gebring. Om te voldoen aan die aanvraag vir geleidingsvermoëbepalings by temperature tot 500°C., is 'n silindriese apparaat gebou. Aangesien die toerusting egter nie vir roetinebepalings geskik is nie, word 'n plaatapparaat vir hoë temperature ontwikkel.

For calibrations above the gold point, a standard optical pyrometer has been designed and constructed in the laboratory. The gold point was fixed to within 2°C. Further improvements are planned to increase the accuracy.

A large number of thermometers, thermo-couples, thermo-couple pyrometers and optical pyrometers were calibrated on behalf of Industry and Government departments.

Measurement of Heat Conductivity

The number of routine tests of the heat conductivity of insulating materials has increased to such an extent during the past year that serious attention has been given to the extension of the facilities of the laboratory. A plate conductivity apparatus in which a cold plate temperature of 10° F. can be obtained has been brought into use. In order to keep up with the demand for conductivity measurements at temperatures up to 500° C., a cylindrical apparatus has been built. As this equipment is not suitable for routine measurements a plate apparatus for high temperatures is being developed.

Hittevloei in die Aardkors en Rotsgeleidingsvermoëbepalings

'n Studie van hittevloei in die aardkors is nie alleen van belang vir die geofisika in die algemeen nie maar ook vir die beplanning van diep mynbou. In voortsetting van die projek is geleidingsvermoëbepalings uitgevoer op 30 rotsmonsters wat uit 'n boorgat verkry is. Die hittevloei by verskillende plekke in die O.V.S. en Transvaal is bereken aan die hand van geleidingsvermoëgewens wat deur hierdie laboratorium en die Geologiese Eenheid van die Raad op Atoomkrag versamel is.

Algemene Dienste

Ten behoeve van die nywerheid en ander liggame is onder andere die volgende bepalings uitgevoer: soortlike warmte van boumateriale en chemikalieë, smeltpunte van ertse en verbrandingstemperature van D.D.T.-kerse.

GEOFISIKA

Magnetisasie van Rotse

Monsters uit dagsome in die Pilansbergstreek is ondersoek in 'n poging om die verskynsel van omgekeerde magnetisering, wat dikwels in hierdie monster voorkom, te probeer verklaar; en ook om vas te stel of die magnetiese eienskappe van die rotse aanduidings inhou aangaande die aarde se vroeëre magnetiese veld. Die resultate van hierdie ondersoek toon 'n groot uitwyking in beide die rigting en intensiteit van magnetisering. Ten einde vas te stel of genoemde uitwyking dwarsdeur die rotsstrata voorkom, en of hulle slegs tot oppervlakmonsters beperk is, word metings op monsters wat uit diep myn verkry word nou beplan.

Seismiese Opnames

In samewerking met die Bernard Price Instituut is 'n studie gemaak van die seismiese sturings wat ontstaan het as gevolg van 'n ontploffing van 80,000 pond springstof te Thabazimbi. Die resultate van hierdie waarnemings sal toegepas word op ondersoeke i.v.m. die eienskappe van die aardkors asook op meer praktiese probleme soos aangetref word in die mynbou.

Instrumentasie

Op aanvraag van Geologiese Opnames is 'n langafstand seismiese instrument herstel en gemoderniseer. Die werk het o.a. 'n elektroniese ossillatoreenheid as 'n byvoegsel ingesluit.

Die kortafstand seismiese instrument wat in hierdie onderafdeling ontwikkel is, is met goeie gevolge aangewend om fundamente vir die oprigting van groot geboue te ondersoek. Uit talle navrae van persone in

Heat Flow in the Earth's Crust and Rock Conductivity Measurements

A study of heat flow in the Earth's crust is of importance not only to geophysics in general, but also in the planning of deep-level mining operations. In continuation of this project, heat transmissivity measurements were made on 30 rock samples obtained from a borehole. The heat flow at different places in the O.F.S. and Transvaal was calculated from conductivity data collected by this laboratory and the Geological Unit of the Atomic Energy Board.

General Services

On behalf of Industry and other bodies the following determinations have been carried out: specific heats of building materials and chemicals, melting points of minerals, and the burning temperature of D.D.T. candles.

GEOPHYSICS

Magnetization of Rocks

Samples from outcrops in the Pilansberg area have been studied in an attempt to explain the reversed magnetism which often occurs, and also to establish whether the magnetic characteristics of the rocks give any indication as to the Earth's earlier magnetic fields. The results of this investigation indicate a wide divergence in both the direction and intensity of magnetization. In order to establish whether the above divergence persists throughout the rock strata, or whether it is limited to the surface samples, measurements on samples from deep mines are now planned.

Seismic Surveys

In co-operation with the Bernard Price Institute a study has been made of the seismic disturbances caused by the explosion of 80,000 pounds of explosives at Thabazimbi. The results of these observations will be applicable to investigations in connection with the Earth's crust as well as to more practical problems such as are met with in mining.

Instrumentation

At the request of the Geological Survey a long-range seismic instrument has been repaired and modernized. The work included the provision of an electronic oscillator unit as an accessory.

The short-range seismic instrument developed in this subsection has been applied with good results while investigating foundation conditions preparatory to the erection of large buildings. From the numbers of

Suid-Afrika en die buiteland oor die instrument en die gebruik daarvan blyk dit dat dit groot praktiese toepassingsmoontlikhede inhou.

FISIKA VAN MATERIE

Massa en Lengte Standaarde

'n Temperatuurgereelde kamer is nou beskikbaar waarin drie standaardskaal, 'n skaal vir roetine werk, en 'n golflengtekomparator vir lengtestandaardisasie opgestel is.


Die kilogramskaal het gedurende die jaar aangekom en werk baie bevredigend. Veranderinge, ten einde noukeurigheid te verhoog, is aan die 500 gram skaal aangebring en 'n noukeurigheid van 10^{-7} word verkry tot by 100 gram. 'n Bykomstige skaal word nog benodig in die 100 gram gebied om aan te sluit by die mikrogramskaal waarmee 'n noukeurigheid van 1 mikrogram verkry word. Die golflengtekomparator is reeds getoets vir die vergelyking van lengtes, maar is nog nie gebruik vir absolute lengtebepalings nie. 'n Groot aantal ontledingsgewigte is vir nywerheidsondernemings geëyk. 'n Chemiese skaal is getoets waarop verbeterings voorgestel en aangebring is om die werking van die skaal te verbeter.

enquiries from people in South Africa and overseas concerning the use of the instrument it appears to have great practical possibilities.

secondly from the point of the responsibility of the parasite for the condition with which the patient presents. To enlarge on these points; firstly, the parasite is more often misdiagnosed than is any other potential pathogen; secondly, there are but few true manifestations of invasion by Amoebae,—colitis, liver abscess and a few rare complications. Because a patient has an amoeba in his bowel does not mean that he has a disease—that amoeba may well be living as a commensal and causing but little harm. It must not, however, be imagined from this that the Amoeba is harmless. Under certain circumstances the Amoeba invades the tissues, destroying the bowel, the liver and the patient, as is evidenced by our Natives. In the first survey carried out by the Unit the death rate in Natives was over 10 per cent. in the hospital. With modern therapy, however, this is now of the order of 1 per cent., mostly patients with the condition in an advanced state on their arrival in hospital. It is apparent that here the true disease has to be dealt with and a better appreciation of the condition is a first requisite.

Why is it that the urban Native gets the disease, where the rural Native, the Indian and the European do not? It is obviously a question of diet. Experiments using a European, an Indian and a Native diet on rats showed that the European carbohydrate favoured the Amoeba, the more refined the carbohydrates the higher the incidence of disease in infected animals. These rats are paralleled by the Native coming to the towns and subsisting on what has been called the “bun and lemonade” diet.

E. histolytica is dependent on other organisms for some phase in its metabolism—it cannot live alone—*in vitro* the appropriate bacteria must be present and it seems that the same applies in the bowel. In the liver, however, the appropriate conditions appear to be supplied by the host. Experience on the therapeutic side confirms that removal of these bacteria from the bowel likewise removes the Amoeba. As many different species of bacteria can supply the necessary factors, it is necessary to use a wide-spectrum antibiotic or a combination of antibacterial agents to remove as many species as possible. It seems probable that the change of diet causes a change of flora to varieties favourable to the Amoeba.

Acknowledgements

The Council has to place on record its thanks to the following bodies and individuals :—

The Natal Provincial Administration for accommodation, staff, facilities and unstinted co-operation

Die Departemente van Naturellesake en Gesondheid van die Korporasie van die Stad Durban vir samewerking en fasiliteite,

Die Lede van die Amoebiasenavorsingskomitee wat altyd bereid was om ons met raad en hulp by te staan, en

Die Personeelkomitee van die Koning Edward VIII-hospitaal sonder wie se samewerking die insameling van kliniese materiaal wat ons gebruik, onmoontlik sou gewees het.

BILHARZIA-NATUURGESKIEDENISEENHEID, JOHANNESBURG

Die Hoof van die Eenheid: DR. B. DE MEILLON
Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing

Ekperimentele Bilharzia in Laboratoriumdiere

Ape

'n Totaal van 40 is soos volg daarmee besmet vir verskillende doeleindes:—

- (a) Tien is bloedgelaat met tussenpose van veertien dae vir waarnemings i.v.m. die funksie van die lewer, bloedtellings en komplementbinding. Boonop is 'n weeklikse lewerbiopsie op twee ape uitgevoer.
- (b) Agt wat met *mansoni* besmet is, is daaropvolgend blootgestel aan besmetting met *B. bovis*. Eiers van beide soorte is ten slotte herwin van hulle uitwerpsel wat getoon het dat die eerste besmetting geen immuniteit aan die tweede verleen het nie.
- (c) 'n Swanger aap is blootbestel aan besmetting en het drie weke voor die geboorte van die baba begin om eiers af te bring. Die baba is vyf dae na die geboorte oorlede, voordat enige proewe op hom uitgevoer kon word. Die organe van hierdie aap is nog nie histologies ondersoek nie. Die proef sal egter herhaal word.
- (d) 'n Ongespeende baba-aap is blootgestel aan besmetting. Sy komplementbindingstoets het 4 weke later positief geword terwyl eiers 50 dae na besmetting in die ontlasting verskyn het. Elf dae later is hy dood en volwasse wurms is in sy lewer en mesenteriele vate gevind. Hierdie proef toon dat teenstrydig met sommige ander parasitiese siektes, geen passiewe immuniteit van die moeder na die kleintjie oorgedra word nie.
- (e) 'n Aap is op suksesvolle wyse met *B. haematobium* besmet. Eiers het slegs in die ontlasting voorgekom en nie in die urine nie. Die dier het onder narkose beswyk terwyl sistoskopies uitgevoer is. Geen letsels is aan die blaas gevind nie. By die vertering van die inwendige organe is talryke eiers in die dermwand en longe gevind. Hierdie proef toon

The Native Affairs Department and Health Departments of the Corporation of the City of Durban for co-operation and facilities,

The Members of the Amoebiasis Research Committee who have always been prepared to give advice and help when asked, and

The Staff Committee of King Edward VIII Hospital, without whose co-operation it would be impossible to collect the clinical material we use.

BILHARZIA NATURAL HISTORY UNIT, JOHANNESBURG

The Head of the Unit: DR. B. DE MEILLON
South African Institute for Medical Research

Experimental Bilharziasis in Laboratory Animals

Monkeys

A total of 40 have been infected for various purposes as follows:—

- (a) Ten have been bled at fortnightly intervals for observations on liver function, blood count and complement fixation. In addition a weekly liver biopsy was performed on two monkeys.
- (b) Eight infected with *mansoni* were subsequently exposed to infection with *B. bovis*. Ova of both species were eventually recovered from the faeces showing that the first infection conferred no immunity to the second.
- (c) A pregnant monkey was exposed to infection and she began to pass ova three weeks before the birth of the baby. The latter died five days after birth and before any tests could be made on it. The organs of this monkey have not yet been examined histologically. This experiment will be repeated.
- (d) An unweaned baby monkey was exposed to infection. Its complement fixation test became positive 4 weeks later and ova appeared in the stool 50 days after infection. Eleven days later it died and adult worms were found in its liver and mesenteric veins. This experiment shows that unlike some other parasitic diseases no passive immunity is passed from mother to young.
- (e) A monkey was successfully infected with *B. haematobium*. Ova appeared in the stool only and not in the urine. This animal died under anaesthetic while cytoscopy was being performed. No bladder lesions were found. On digestion of the internal organs numerous ova were found in the intestinal wall and the lungs.

dat 'n laboratoriumlyn van die parasiet vir proefdoeleindes onderhou kan word indien nodig. Daar sal onthou word dat muisse tot dusver nutteloos gebyk het vir hierdie doel.

- (f) Agt ape is herhaalde male herbesmet met tussenpose vir waarneming aangaande lewerpatologie.
- (g) Pogings om besmette ape met atebrien of fuodien te genees, het misluk.
- (h) Organe van besmette ape wat beswyk, word gereeld verteer en die neerslae word ondersoek vir bilharzia-eiers. Die verspreiding van die eiers in die inwendige organe van 17 diere tot op datum was soos volg: dermwand 17, long 8, nier 4, milt 2, brein 0.

Muisse

- (a) Pogings om besmette muisse met atebrien te genees of besmetting te voorkom deur die gebruik van atebrien as voorbehoedmiddel het misluk. Die Eenheid is op die oomblik besig om 'n nuwe middel antimoon tri-(n-dodesielmerkaptied) uit te toets wat goedgunstiglik deur die Abbott-laboratoriums verskaf is. Amerika maak aanspraak daarop dat hulle volslae sukses met hierdie middel gehad het in die behandeling van muisse.
- (b) Vir 'n studie van die veranderinge in lewerpatologie by muisse as gevolg van ouderdom of besmetting, is 104 van hulle besmet en word met tussenpose van veertien dae doodgemaak. Hierdie materiaal word gebruik om die studie van veranderinge in die lewer te steun soos openbaar word deur die weeklikse biopsies wat op bobbejane uitgevoer word.

'n Interessante bevinding by een van die muisse was die ontwikkeling van 'n kwaadaardige neoplasma, waarskynlik sarkoom, in die lewer. Die muis was vir drie maande lank besmet. Dit lyk asof daar 'n definitiewe korrelasie tussen die plek van oorsprong van hierdie neoplasma en die bilharzialetsels bestaan.

Marmotjies en Rotte

Ten einde hulle met ape en muisse te vergelyk, is marmotjies en rotte blootgestel aan besmetting. Rotte is skynbaar daarteen bestand. Dit is uiters ongelukkig aangesien die plan was om hierdie diere te gebruik vir 'n studie van die uitwerking van ontoereikende dieet op lewerpatologie. Marmotjies word gereedelik besmet maar toon so 'n geringe reaksie dat hulle nie gebruik word nie.

Bilharzia en sy verhouding tot blaaskanker en lewersirroze by die mens

Hierdie taak is nou voltooi met die medewerking van dr. Higginson van die S.A.I.M.N. en wag op statistiese ontleding.

This experiment shows that a laboratory strain of this parasite can be maintained for experimental purposes if required. It will be remembered that so far mice have been found to be useless for this purpose.

- (f) Eight monkeys have been repeatedly reinfected at intervals for observation on liver pathology.
- (g) Attempts to produce cure in infected monkeys with atebrien or with Fuodin have failed.
- (h) Organs of infected monkeys which die are routinely digested and the deposits examined for bilharzia ova. The distribution to date of the ova in the internal organs in 17 animals was found to be : intestinal wall 17, lung 8, kidney 4, spleen 2, brain 0.

Muisse

- (a) Attempts to produce cures in infected mice with atebrien or to prevent infection by the use of atebrien prophylactically have failed. The Unit is at the moment testing out a new drug, antimony tri-(n-dodecylmercaptide), kindly supplied by Abbot Laboratories. Complete success with this drug in mice has been claimed in America.
- (b) For the purposes of studying the changes in liver pathology which occur in mice with age of infection, 104 of these animals have been infected and are killed off at fortnightly intervals. This material is being used in support of the study of liver changes as revealed by weekly biopsies performed on monkeys.

An interesting finding in one of these mice was the development of a malignant neoplasm, probably sarcomatous, in the liver. The mouse had been infected for three months. There seems to be a definite correlation between the site of origin of this neoplasm with the bilharzial lesions.

Guinea Pigs and Rats

For purposes of comparison with monkeys and mice, guinea pigs and rats have been exposed to infection. Rats appear to be resistant to infection. This is most unfortunate as it was planned to use these animals in a study of the effect of dietary deficiency on liver pathology. Guinea pigs are readily infected but show a negligible reaction and so are not used.

Bilharziasis and Its Relationship to Bladder Cancer and Hepatic Cirrhosis in Man

This work in collaboration with Dr. Higginson of the S.A.I.M.R. is now completed and awaiting statistical analysis.

Lewerfunksie en-patalogie in eksperimenteel-besmette bobbejane

Die voorlopige werk is afgehandel en drs. Bersohn en Lurie van die S.A.I.M.N. het 'n verhandeling vir publikasie opgestel.

Dit is nou al ses maande dat 'n poging aangewend word om die funksie van die lewer met histologiese veranderings te korreleer. Bloed is met gereelde tussenpose van bobbejane geneem deur die hart te prik en deur verwydering van lewerweefsel deur biopsie.

Die werk word voortgesit en uitgebrei aangesien daar gevoel word dat dit 'n fundamentele bydrae tot die verklaring van bilharzia lewer. Wat veral in hierdie studie van belang is, is die kwessie van die uitwerking van herhaalde besmetting op lewerpatalogie sowel as die van bilharzia op 'n lewer wat alreeds beskadig is deur ondervoeding of chemiese middels.

Slakke

Die moeilikhede in verband met die teel van *Physopsis* en die Planorbis-slakke wat vatbaar is vir besmetting met bilharzia, is nog nie opgelos nie. Klein kolonies word aan die lewe gehou maar die toestand is alles behalwe bevredigend en 'n poging word aangewend om oorsese lyne in die hande te kry wat meer geredelik op laboratoriumkultuur sal reageer. Talle male is groot getalle *Planorbis*-slakke geteel net om uit te vind dat hulle immuun teen besmetting is.

Agt-en-sestig versamelings wat sowat 4,000 individuele slakke behoort, is van verskillende plekke ontvang. Die *Physopsis*-spesies wat positief blyk te wees vir *bovis* of *haematobium* is van die Hartebeespoortdam-gebied, Pretoria-Noord, Witkoppen Merebank (Natal), Bremersdorp (Swaziland), Kaapmuiden en Bospoort (W.-Tvl.) ontvang. *Planorbis*-slakke wat positief is vir *mansonii* is afkomstig van Merebank (Natal) en Kaapmuiden. 'n Groot aantal wat van Tzaneen ontvang is, was almal negatief.

Pogings is aangewend om slakke eksperimenteel te besmet. Die interessantste hiervan staan in verband met die *Planorbis*-slakke. Slakke van Kaapmuiden en Hectorspruit is sonder enige moeilikheid besmet maar ver oor die 400 slakke van Tzaneen is verskeie kere blootgestel aan besmetting sonder enige sukses. Die slakke wat by die eerste oogopslag identies geblyk te wees het met die welbekende vektor *B. pfeifferi* is daarna baie noukeurig ondersoek deur mnr. Oliff en sy mening is dat hulle nie tot hierdie spesies behoort nie maar moontlik *Salinarum* is. In die verlede is hierdie slak vermoedelik deur veldwerkers verwar met *B. pfeifferi*. Die implikasies vanuit die oogpunt van praktiese beheer lê voor die hand.

Liver Function and Liver Pathology in Experimentally Infected Monkeys

The preliminary work has been completed and Drs. Bersohn and Lurie of the S.A.I.M.R. have prepared a paper for publication. Over a period of six months now an attempt has been made to correlate liver function with histological changes. Blood was withdrawn at regular intervals from monkeys by heart puncture and liver tissue removal by biopsy. This work is being continued and expanded as it is felt that it forms a fundamental contribution to the understanding of bilharziasis. Of particular interest in this study is the question of the effects of repeated infection on liver pathology as also of bilharziasis on a liver already damaged say by malnutrition or chemical agents.

Snails

The difficulties of breeding *Physopsis* and those Planorbids which are susceptible to infection with bilharziasis have not yet been overcome. Small colonies are kept going, but the position is far from satisfactory, and an attempt is being made to obtain overseas strains which yield more easily to laboratory culture. Time and again large numbers of Planorbids have been reared only to find that they are not susceptible to infection.

Sixty-eight collections numbering some 4,000 individuals of snails have been received from various localities. *Physopsis* species positive for *bovis* or *haematobium* were received from Hartebeespoort Dam area, Pretoria North, Witkoppen, Merebank (Natal), Bremersdorp (Swaziland), Kaapmuiden, Bospoort (W. Transvaal), Planorbids positive for *mansonii* came from Merebank (Natal) and Kaapmuiden. A large number received from Tzaneen were all negative.

A number of attempts to infect snails experimentally were made. The most interesting of these relates to the Planorbids. Snails from Kaapmuiden and Hectorspruit were infected without any difficulty but well over 400 snails from Tzaneen were exposed to infection at various times without success. These snails which at first sight appeared to be identical to the well-known vector *B. pfeifferi* were then examined very closely and the opinion was expressed that they are not this species but possibly *salinarum*. In the past this snail has presumably been confused by field workers with *B. pfeifferi*. The implications from a practical control point of view are obvious.

Narsvoingskemas wat nog geen finaliteit bereik het nie of waarvan die resultate nie publikasie regverdig nie

- (a) *Resultate van geraamde behandeling na verloop van 'n jaar onder Bantoeerkerkers wat met urinêre bilharzia by die W.N.L.A.-hospitaal in Johannesburg besmet is.*

Tot dusver is 51 gevalle met Nilodien alleen of Nilodien plus een of meer van die volgende behandel: Fantorier, Fuodien, Sulfamerasien en Hetrasan. Daar is nie genoeg bewys vir 'n raming van verskillende behandelings nie en daar kan alleen gesê word dat 'n totale hervattingskoers van 15 persent aangeteken is. Dit was na die ondersoek van een klein urinemonstertjie sodat aange- neem kan word dat die ware hervattingskoers nog hoër was.

- (b) *Geneeskundige proewe op laboratoriumdiere.*

Hierdie werk is deur dr. Kisner voltooi maar aangesien dit slegs 'n bevestiging was van resultate wat alreeds gepubliseer is by name Schubert in Amerika, is dit nie op hierdie tydstip vir publi- kasië aanbeveel nie. In kort word aangetoon dat geeneen van die aanvaarde middels teen bil- harzia die genesing van laboratoriumdiere kan teweegbring nie. Dit maak die keuring van genees- middels in die laboratorium baie moeilik. Die tegniek wat in sommige laboratoriums aangewend word naamlik die gebruik van die relatiewe frekwensie van volgroeiende wurms in die lewer en mesenteriese vate as 'n raming van die werking van die geneesmiddel was nie baie lonend in dié geval nie. Dit word gevind dat die getalle wissel by diere wat glad geen behandeling ontvang het nie.

Met dank erken die Eenheid die hulp wat ontvang is van die Plaag-navorsingslaboratorium, die Malaria- navorsingstasie, Tzaneen, dr. Mastbaum van Swaziland en die Direkteur en personeel van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing.

KARDIO-PULMONALE NAVORSINGSEENHEID JOHANNESBURG

Hoof van die Eenheid: PROF. G. A. ELLIOTT,
Universiteit van die Witwatersrand

Die Eenheid is verantwoordelik vir navorsing op die gebied van hart- en longkwale. Die verbinding van die twee stelsels het nodig geword as gevolg van die noue verband wat daar tussen hulle is in soverre dat longkwale dikwels hartkwale meebring terwyl die hoofverskynsels van hartkwaal dikwels te wyte is aan longaandoenings. In hierdie verband dien longsilkose as 'n uitstekende voorbeeld. As ons ernstigste nywerheidskwaal, sal dit

Research Projects which have not Reached Finality or on which the Results do not Merit Publication

- (a) *Results of treatment assessed after the lapse of one year in Bantu labourers infected with urinary bilharziasis at the W.N.L.A. Hospital, Johannesburg.*

So far 51 subjects have been treated with Nilodin alone or Nilodin plus one or more of the following: Fantorin, Fuodin, Sulphamerazine and Hetrazan. There is not enough evidence for an assessment of these various treatments and it can only be said that an overall relapse rate of 15 per cent. was noted. This was after the examination of a single small specimen of urine so that it may be taken that the true relapse rate was higher.

- (b) *Therapeutic Tests in Laboratory Animals*

Dr. Kisner had completed this work but as the only outcome of it was to confirm results already published, notably by Schubert in America, it was not recommended for publication at this juncture. Briefly it was shown that none of the accepted antibilharzial drugs could bring about cure in laboratory animals. This makes the screening of drugs in the laboratory a very difficult task. The technique employed in some labora- tories of using the relative frequency of adult worms in the liver and mesenteric veins as an assessment of drug activity has not been very profitable in our hands. It was found that these numbers vary in animals not receiving any treatment at all.

The Unit gratefully acknowledges the help received from the Plague Research Laboratory, the Malaria Research Station, Tzaneen, Dr. Mastbaum of Swaziland and the Director and Staff of the S.A. Institute for Medical Research.

CARDIO-PULMONARY RESEARCH UNIT, JOHANNESBURG

Head of the Unit: PROF. G. A. ELLIOTT,
University of the Witwatersrand

The Unit is responsible for research into diseases of the heart and the lung. The association of these two systems has become necessary because of their close association in that diseases of the lung commonly cause heart involvement, while the major manifestations of heart disease are often due to disturbances of the lung. In this respect silicosis of the lung serves as an excellent example. This, our most important industrial

aanvanklik steurings in die longfunksie veroorsaak en later, wanneer die vaskulêre bed van die long genoegsaam verminder is, sal dit 'n verhoogde druk in die longslagare veroorsaak sowel as vergroting en swigting van die regterkamer van die hart. Navorsing is egter nie beperk tot kwale waarby die hart en long saam betrokke is nie maar ook tot gevalle waar hulle afsonderlik aangetas is.

Kroonslagaarmoelikheid

Suid-Afrika bied 'n ongeëwenaarde geleentheid vir die studie van kroonslagaarmoelikheid. Dit blyk dat hierdie kwaal selde by die Bantoe voorkom terwyl die Blankebevolking net soos die ander Westerse Volke algemeen daaraan ly.

Die faktore wat by hierdie verskil tussen die rasse-groepe betrokke is, was die onderwerp van navorsing deur die Kardio-Pulmonale Eenheid. Ontleedkundige studies het 'n verskil in die kroonslagare van die Bantoe getoon wat hulle bestandheid teen die siekte gedeeltelik mag verklaar. Die verskil lê in 'n addisionele vertakking van die linker-kroonslagaar. Hoewel dit 'n interessante bevinding is, kan dit egter nie die enigste faktor wees wat hierby betrokke is nie.

'n Voorlopige opname van die bloedcholesterol het aangetoon dat dit oor die algemeen laer is by die Bantoe as by die Blanke. (Ongepubliseerd 1948.) Die stof is 'n gerieflike indeks van die peil van bloedlipiedes in die liggaam en laasgenoemde staan in noue verbinding met aandoenings wat agteruitgang van die kroonslagare meebring.

Die navorsing sal voortgaan met 'n studie van ander verskille tussen hierdie twee groepe, en sal sosiale, dieetkundige en anatomiese ondersoek insluit.

Drukverhoging

Terwyl drukverhoging netso algemeen indien nie meer algemeen onder die Bantoe as onder die Blankes is nie, lyk dit nie asof dit enige skade aan die kroonslagare van die Bantoe veroorsaak soos in die geval van Blankes nie. In hierdie opsig mag 'n studie van drukverhoging by die twee groepe lei tot die vasstelling van verskille wat belangrik sal wees vir 'n beter begrip van hierdie toestand. Van groot betekenis in die behandeling van drukverhoging, is die invoer van middels wat die bloeddruk verlaag of veronderstel is om die bloeddruk te verlaag. 'n Aantal van die middels is deur die eenheid beoordeel en hoewel die aanspraak dat hulle die bloeddruk verlaag nog nie in die meeste gevalle bevestig is nie, bestaan daar 'n moontlikheid dat sommige van hulle die verhoogde bloeddruk kan verminder. Navorsing na die geneeskundige waarde van die middels duur voort.

Oorgeërfde Hartkwaal

Die chirurgiese genesing of verligting van oorgeërfde hartkwaal het 'n herwaardering van diagnostiese maatstawwe vereis. Dit is op stelselmatige wyse deur die Kardio-Pulmonale Eenheid aangedurf.

disease, will initially cause disturbances of the lung function and later, when the vascular bed of the lung has been sufficiently reduced, it will cause increased pressure in the pulmonary arteries and enlargement and failure of the right ventricle of the heart. The research, however, is not restricted to diseases in which the heart and lung are involved together but also to conditions where they are separately affected.

Coronary Artery Disease

South Africa offers an unrivalled opportunity to study coronary artery disease. The Bantu have been shown to have very little coronary artery disease, while the European population in common with other Western peoples are commonly affected by this disease.

The factors involved in this difference between the racial groups has been the subject of investigation in the Cardio-Pulmonary Unit. Anatomical studies have shown a difference in the coronary arteries of the Bantu which may account for part of their immunity to this disease. This difference consists of an additional branch of the left coronary artery. While this is an interesting finding, it cannot be held to be the only factor involved.

A preliminary survey of the blood cholesterol has shown this to be on the average lower in the Bantu than the European (unpublished, 1948). This substance is a convenient index of the level of blood lipids in the body and the latter substances are intimately associated with degenerative diseases of the coronary arteries.

Hypertension

While hypertension is as common, if not more common, in the Bantu than in the European, it does not appear to produce damage to the coronary arteries in the Bantu as it does in the European. In this respect the study of hypertension in the two groups may lead to the establishment of differences which would be important in the understanding of this condition.

A significant advance in the treatment of hypertension has been the introduction of drugs which lower or are reputed to lower the blood pressure. A number of these have been assessed in the unit and while the claims to lower the blood pressure have not been substantiated for the majority of these, there is promise that some may reduce the raised blood pressure. Research in the therapeutic value of these drugs is continuing.

Congenital Heart Disease

The surgical cure or relief of the disability of congenital heart disease has necessitated the re-evaluation of diagnostic criteria. This has been systematically attempted by the Cardio-pulmonary Unit.

Hoewel bostaande studie uitsluitend diagnosties is, bied dit die geleentheid om die gevolge van verlaagde of verhoogde druk van die bloedvloeï in die pulmonale bloedsomloop te bestudeer asook die uitwerking wat hierdie versteurde toestande het op longvate en longfunksie. Deur middel van kliniese en fisiologiese studies was dit moontlik om spesifieke bydraes te lewer tot 'n beter begrip van sianotiese hartkwaal, Ebstein se abnormaleiteit van die driepuntklep en 'n *Ope Ductus arteriosus*.

Mitraal stenose

Verligting van mitraal stenose kan teenswoordig langs chirurgiese weë teweeggebring word maar die operasie is alleen suksesvol in die geval van 'n pasiënt met betreklike ernstige stenose. Metodes vir die keuring van pasiënte wat stenose in hierdie graad het, is bestudeer en waarnemings is op 'n groot reeks van sulke pasiënte gedoen wat aan operasies onderwerp is. Dit sal ongetwyfeld lei tot 'n verbetering in diagnostiese noukeurigheid. 'n Ballistokardiografiese studie lyk ook belowend t.o.v. die keuring van pasiënte vir operasie.

Een van die opvallendste gevolge van mitraal stenose is 'n verhoging in die druk van die longslagaar. 'n Reeks proewe wat deur die Kardio-pulmonale Eenheid uitgevoer is, toon dat die toediening van suurstof 'n verlaging van hierdie druk veroorsaak. Hoewel hierdie vermindering in druk nie volgehou kan word na die verwydering van die suurstof nie en die vermindering nie altyd die normale bereik nie, is dit nogtans 'n belangrike ontdekking vir 'n beter begrip van die beheer oor druk en bloedvloeï in die longe.

Elektrokardiografie

Met die oog op die vasstelling van die diagnostiese kenmerke van verskillende hartabnormaliteite is 'n studie gemaak van die elektrokardiogram. Dit was moontlik om 'n beskrywing te gee van patrone in ooreenstemming met vergroting en uitsetting sowel as wegkwyning van die regterkamer van die hart. Werk wat ten tye van die verslag aan die gang was, het die diagnose van die vergroting van die linker- en regtervoorkamer van die hart aansienlik vergemaklik.

Die grootste waarde van bostaande werk sal gevind word in die berekening van die graad waarin die hart en long versteur word sonder om gebruik te maak van meer ingewikkelde prosedure soos kardiaale kateterisasie.

Ballistokardiografie

Gedurende 'n tydperk van 7 jaar is studies gemaak van normale persone en diene wat aan hart- en longkwale ly. Die verskillende buigings van die ballistokardiogram is in verband gebring met gegewens van die bloedsomloop en dit is moontlik om die verstourings

While the above study is essentially diagnostic, it offers opportunity to study the effects of reduced or increased pressure of blood flow in the pulmonary circulation and the effects these disturbed conditions have on the pulmonary vessels and lung function. It has been possible by means of clinical and physiological study to make specific contributions towards the better understanding of cyanotic heart disease, Ebstein's anomaly of the tricuspid valve and Patent Ductus Arteriosus.

Mitral Stenosis

Mitral stenosis can now be alleviated by surgical means, but the operation is only successful in patients with relatively severe stenosis. Methods for selecting patients with this degree of stenosis have been studied and observations have been made on a large series of such patients subjected to surgery which will result in an improvement in diagnostic accuracy. A ballistocardiographic study of normal subjects and those with mitral stenosis also gives promise of aiding in the selection of patients for operation.

One of the most pronounced effects of mitral stenosis is an elevation of the pulmonary artery pressure. A series of experiments conducted by the Cardio-pulmonary Unit has shown that the administration of oxygen causes a lowering of this pressure. While this diminution in pressure is not sustained after the withdrawal of oxygen and the reduction does not always reach normal limits, it is an important finding in the understanding of the control of pressure and flow of blood in the lungs.

Electrocardiography

The electrocardiogram has been studied with a view to ascertaining the diagnostic features of various heart anomalies. It has been possible to describe patterns consistent with right ventricular hypertrophy and dilation and right ventricular atrophy. Work in progress during the time of this report has facilitated diagnosis of left and right auricular enlargement.

The above work will find its chief value in assessing the degree of disturbance of the heart and lung without recourse to more involved procedures such as cardiac catheterisation.

Ballistocardiography

During a period of 7 years studies have been made on normal subjects and those with diseases of the heart and lung. The various deflections of the ballistocardiogram have been related to circulatory events and it is

in die ballistokardiogram met die gewysigde bloedsomloop wat deur hart- en longkwale meegebring word, te korreleer.

Longfunksietoetse tydens Emfiseem

Diagnose.—Die studie van kroniese bronchitis en sy hoofkomplikasie, emfiseem, is voortgesit in die respiratoriese laboratorium. Hierdie twee toestande is teenwoordig een van die hooforsake van onbekwaamheid en is nog nie wesenlik onder beheer van die moderne geneeskunde nie. Daar is bereken dat hierdie siektes in Brittanje jaarliks 30,000 lewens eis en 'n verlies van 16½ miljoen werksdae per jaar meebring. Werk in die Kardio-pulmonale Eenheid is in die eerste instansie gemik op 'n verbetering van die diagnostiese noukeurigheid van longfunksietoetse. Om in staat te wees om die aanwesigheid van emfiseem in 'n twyfelagtige geval vas te stel en om verder te kan bereken hoe ernstig dit is en die mate waarin die longfunksie versteur is, is ongetwyfeld 'n doelwit van die grootste kliniese en industriële belang. Werk in verband met die wysiging van 'n toets oor die gelykmatige verspreiding van lug in die longe is voltooi en hou groot moontlikhede in vir groter noukeurigheid.

Die long is 'n ingewikkelde orgaan en siektes kan sy funksie op talle maniere versteur. 'n Reeks toetse wat daarop gemik is om verskillende aspekte van longfunksie te bestudeer, word gereeld in die eenheid uitgevoer. Die feit dat die uitvoering van die toetse twee uur in beslag neem en 'n verdere vier tot ses uur om uit te werk en te waardeer, is 'n aanduiding van hulle huidige ingewikkeldheid. Een van die hoofskemas gedurende die afgelope jaar was om 'n afdoende aantal toetse op normale persone uit te voer ten einde normale waardes aan albei geslagte van verskillende ouderdomsgroepe te verskaf wat statisties geldig is. Die werk duur nog voort.

Deur aanhoudende vergelyking van toetsresultate en 'n berekening van hulle relatiewe waardes, word gehoop om in staat te wees om betreklik eenvoudige funksietoetse op te stel vir gebruik in nywerhede soos die Mynbedryf waar 'n bepaalde ongeskiktheidspatroon ver wag kan word. Met hierdie doel voor oë is silikosegevalle en slagoffers van ondergrondse gasvergiftiging deur die eenheid bestudeer. Die studies lewer resultate wat in die toekoms van groot waarde vir die mynbedryf behoort te wees.

Oorweging van Behandeling

Emfiseem is besonder hardnekkig t.o.v. alle vorms van behandeling. Twee pogings om hierdie toestand te verlig het gedurende die afgelope paar jaar baie aandag geniet en verslae oor hulle heilsame uitwerking is gepubliseer. Dit bestaan uit pogings om die lugtoevoerende kapasiteit van die longe te verhoog deur asem-

possible to correlate the disturbances in the ballistocardiogram with the altered circulation produced by diseases of the heart and lung.

Lung Function Tests in Emphysema

Diagnosis.—In the respiratory laboratory, the study of chronic bronchitis and its major complications emphysema has continued. These two conditions are a major cause of disability today and have not been substantially controlled by modern medicine. It has been estimated that in Britain they are the cause of 30,000 deaths annually and a loss of 16½ million work days per year. Work in the cardio-respiratory unit has been directed in the first place towards improvement in the diagnostic accuracy of lung function tests. To be able to establish the presence of emphysema when in doubt, and further, to assess its severity and the extent to which lung function is disturbed, is obviously an objective of the greatest clinical and industrial importance. Work has been completed on a modification of a test of the evenness of distribution of air in the lungs which promises to result in greatly improved accuracy.

The lung is a complex organ and disease may disturb its function in numerous ways. In the unit a battery of tests designed to assess different aspects of lung function is routinely carried out. The fact that these tests take two hours to perform and four to six hours to work out and evaluate is an index of their present complexity. One of the major projects for the past year has been to perform an adequate number of tests on normal subjects to provide statistically valid normal values for both sexes of various age groups. This work is still proceeding.

By continual comparison of test results and assessment of their relative value, it is hoped to be able to design relatively simple function tests for use in industries such as the Mining Industry where a particular pattern of disability is to be expected. With this in mind silicotic subjects and victims of underground gassing accidents have been studied in the Unit. These studies are giving results which should prove of great value to the mining industry in the future.

Assessment of Treatment.—Emphysema is notoriously refractory to all forms of treatment. Two attempts to alleviate this condition have received much attention of recent years and reports have been published of their beneficial effects. These consist of attempts to increase the ventilatory capacity of the lungs by specially designed breathing exercises or by elevation of the diaphragm by repeated introduction of air into the abdominal cavity (pneumoperitoneum). It is difficult to judge the actual amount of improvement produced by any measure in these subjects, as they are usually extremely breathless and tend to view any active efforts to relieve their condition optimistically and to report favourably

halingsoefeninge wat spesiaal vir die doel ontwerp is of deur opheffing van die diafragma deur herhaalde inname van lug in die buikholte (pneumoperitoneum). Dit is moeilik om die werklike hoeveelheid verbetering wat deur enige maatreël by hierdie persone teweeggebring word te bereken aangesien hulle gewoonlik baie kortasem is en geneig is om baie optimisties te wees oor enige aktiewe pogings om hulle toestand te verlig en gevolglik 'n baie gunstige verslag lewer van die resultate. Albei hierdie vorms van behandeling is besonder tydrowend en daar is dus gemeen dat dit wenslik sou wees om gebruik te maak van objektiewe toetse van longfunksie om so noukeurig as moontlik te bereken of daar werklik 'n merkbare fisiologiese verbetering plaasgevind het as gevolg van hierdie vorms van behandeling. Verslag is gedoen van die resultate van twee sulke proewe waartydens funksietoetse op twee reekse gevalle voor en na behandeling uitgevoer is. Dit is uiters teleurstellend om te meld dat geen meetbare verbetering van enige betekenis by een van die vorms van behandeling waargeneem is nie.

Longfunksietoetse by Bronchiëktasie

'n Opname van bronchiëktasie-gevalle was gedurende die afgelope drie jaar aan die gang en nader nou voltooiing. Pasiënte word voor en na die verwydering van aangetaste longdele ondersoek. Dit lyk asof daar 'n moontlikheid bestaan om die resultate van die toets wat 'n beskrywing gee van die verspreiding van lug in die longe volgens 'n spesiale metode grafies voor te stel sodat dit moontlik sal wees om te onderskei tussen gelokaliseerde aangetaste dele van 'n gesonde long en 'n verspreide verstoring soos in die geval van Emfiseem. Dit het alreeds van groot waarde geblyk te wees in die keuring van gevalle vir snykunde.

Ander Diagnostiese Gebruike van Funksietoetse

Wanneer die tyd dit toelaat, word die fasiliteite van die eenheid beskikbaar gestel aan die mediese professie vir die oplossing van verskillende diagnostiese probleme. Voorbeelde hiervan is die differensiering tussen die toestand van primêre polisitemie en sekondêre polisitemie as gevolg van longkwaal, die diagnose van sulke toestande as verspreide interstisiële longfibrose en die berekening van longreserwe by persone van wie die verwydering van 'n long of dele daarvan oorweeg word. Hoewel dit nie in die eerste instansie 'n navorsingswerkzaamheid is nie, is hierdie studies van groot waarde vir die pasiënte en dokters wat daarby betrokke is en daar is tans nog geen ander organisasie wat in staat is om hulle uit te voer nie.

Oksihemoglobien-dissosiasiekurwes en Sekelselbloedarmoede

Daar is onlangs verslag gedoen van werk wat daarop dui dat 'n abnormale hemoglobien aanwesig is in persone

on the results. Both these forms of treatment are most time consuming and it was, therefore, thought desirable to use objective tests of lung function to assess as accurately as possible whether measurable physiological improvement actually took place as a result of these forms of treatment. The results of two such experiments in which function tests were carried out in two series of cases before and after treatment have been reported. It is disappointing to record that significant measurable improvement was not observed as a result of either form of treatment.

Lung Function Tests in Bronchiectasis

A survey of cases of bronchiectasis has been in progress over the past three years and is now reaching completion. Patients are studied before and after the surgical removal of affected areas of lung. It seems probable that, by a special method of graphing the results of the test which describes the distribution of air in the lungs, it will be possible to distinguish between areas of localised disease in a healthy lung and a diffuse disturbance such as is found in emphysema. This has already proved of value in selecting cases for surgery.

Other Diagnostic Uses of Function Tests

When time allows, the facilities of the Unit are available to the medical profession in solving various diagnostic problems. Examples are the differentiation of the condition of primary polycythaemia from secondary polycythaemia resulting from lung disease, the diagnosis of such conditions as diffuse interstitial pulmonary fibrosis and the assessment of pulmonary reserve in subject in whom removal of a lung or parts of a lung are contemplated. Although not primarily a research activity these studies are of great value to the patients and physicians concerned and there is as yet no other organisation capable of carrying them out.

Oxyhaemoglobin Dissociation Curves in Sickle Cell Anaemia

Work has recently been reported which indicates that an abnormal haemoglobin is present in the subjects of

wat aan sekelselbloedarmoede ly en draers van die sekelselkenmerke. Werk wat deur die Eenheid gedoen is het bewys gelewer dat die bloed van hierdie persone van normale bloed verskil t.o.v. sy suurstofbindende hoedanigheid. Studies duur voort in 'n poging om vas te stel of hierdie verskil 'n kenmerk is van die suiwer hemoglobienoplossings en of dit te wyte is aan 'n ander faktor wat in gesonde bloed aanwesig is.

NAVORSINGSEENHEID VIR KLINIESE VOEDING, KAAPSTAD

Hoof van die Eenheid: PROF. J. F. BROCK,
Universiteit van Kaapstad

Titel

Die titel van hierdie Eenheid wat voorheen bekend gestaan het as die Navorsingseenheid vir Sosiale Medisyne, is deur die Mediese en Tandheelkundige Navorsingskomitee aanvaar op aanbeveling van sy Onderkomitee in sake Sosiale Medisyne. Dit is egter beklemtoon dat die verandering in naam nie 'n verandering in die „sosiale” benadering van die probleme wat ondersoek word sal meebring nie.

Doelwit

Die program van die Eenheid is nog altyd „die benutting op enige moontlike manier van die unieke, natuurlike proefneming wat in die Kaapse Skiereiland bestaan vir 'n rasse-vergelyking van die siekte- en sterftesyer, veral tussen die Kaapse Kleurlinge en die Blankebevolking van die Kaapse Skiereiland.” Daar word aangeneem dat voedingsverskille van die aller-grootste belang is en hulle vorm dan ook die hoofonderwerpe van die studie hoewel hulle steeds in hulle regte perspektief gesien word teenoor ander genetiese en omgewingsfaktore. Namate die geleentheid hom voordoen word die primêre vergelyking van die Kaapse Kleurlinge en die Blankes uitgebrei om vergelykings met Bantoe, Boesman en ander groepe in te sluit.

Huisvesting

Die werk wat deur die personeel van die Eenheid in die Groote Schuur-hospitaal gedoen is, is met die medewerking van die Hospitaalowerheid na 'n uitstekende laboratorium binne die grense van die hospitaal verskuif. 'n Nuwe laboratorium is ook in die Mediese Skool geopen deur bemiddeling van die Universiteitsraad.

Die gebrek aan 'n behoorlike Metabolisme-saal is 'n groot struikelblok in baie aspekte van die werk wat deur die Eenheid gedoen word en bly 'n ernstige bottleneck in die logiese uitbreiding van die navorsingsprogram. Die verskaffing van so 'n saal is deur die Gemeenskaplike Hospitaaldiens aanbeveel maar die voorrang van ander geboue veroorsaak blykbaar aansienlike vertraging.

sickle cell anaemia and carriers of the sickle cell trait. Work in the Unit has demonstrated that blood from these subjects differs from normal blood in its oxygen binding capacity. Studies are continuing in attempts to find out whether this difference is a property of the pure haemoglobin solutions or whether it is due to some other factor present in whole blood.

CLINICAL NUTRITION RESEARCH UNIT, CAPE TOWN

Head of the Unit: PROF. J. F. BROCK,
University of Cape Town

Title

The title of this Unit, previously known as the Social Medicine Research Unit, was accepted by the Medical and Dental Research Committee on the recommendation of its Subcommittee on Social Medicine, but it was emphasised that the change in name should not involve a change in the “social” approach to the problems under investigation.

Objectives

The programme of the Unit continues to the “The exploitation by whatever means possible, of the unique natural experiment existing in the Cape Peninsula for inter-racial comparison of morbidity and mortality, particularly as between the Cape Coloured people and the Europeans of the Cape Peninsula.” It is believed that differences in nutrition are of very great importance and these constitute the major subjects of study, although they continue to be held in their proper perspective against other environmental and genetic factors. As opportunity occurs the primary comparison of Cape Coloured and European people is extended to include comparison with Bantu, Bushmen and other groups.

Accommodation

The work of the Unit's staff in the Groote Schuur Hospital has been rehoused by the co-operation of the Hospital Authority in an excellent laboratory within the precincts of the Hospital. A new laboratory has also been opened up in the Medical School by arrangement with the University Council.

The lack of a proper Metabolism Ward is a very great handicap to the Unit in many aspects of its work and remains a serious bottleneck in the logical expansion of the research programme. Its provision has been recommended by the Joint Hospital Service, but building priorities apparently necessitate considerable further delay.

Aanraking en Samewerking

Die samewerking van ander persone en departemente binne die Hospitaal en Universiteit wat in die laaste jaarverslag vermeld is, is behou en uitgebrei en was besonder bevredigend.

Sekere Aspekte van die Werkzaamhede van die Eenheid

Die besoek van die Direkteur van die Eenheid aan die Verenigde State het 'n skerp prikkel verskaf aan die werkzaamhede van die Eenheid op die volgende wyse:—

- (1) Nuwe navorsingsmetodes is bestudeer waarvan sommige toepaslik is op die werkzaamhede van die Eenheid.
- (2) Die verreikende invloed van kroniese ondervoeding en die unieke geleenthede vir vergelykende rassestudie in Kaapstad is deur baie vooraanstaande navorsingswerkers op die gebied van voeding bevestig.

Die studie van elektrolietverskuiwings, veral natrium en kalium, en van die vogbalans in gevalle van nier siekte en sekere ongesteldhede te wyte aan ondervoeding, veral Bantoe pellagra, Bantoeskeurbuik, gehoormoeilikhede en edeem is voortgesit. Deur die bevindings met normale kontroles te vergelyk word gehoop om lig te werp op die onderskeie aandeel van nierhemodinamika, nierbuisfunksie en buitensiersfaktore in die opvallende elektroliet- en vogveranderinge wat sigbaar is. Die werk is grootliks bespoedig deur 'n vlamfotometer wat deur die Personeelnavorsingsfonds van die Universiteit verskaf is.

Deur die welwillendheid van die Hoof van die Departement Kindergeneeskunde is parallelle studies voortgesit van kinders wat weens ondervoeding aan edeem of kwashiorkor ly.

Dit is reeds duidelik dat tropiese parasitisme en ondervoeding verantwoordelik is vir die opvallende afwyking van serumproteïene onder die Bantoe- en Negerbevolkings van Afrika sowel as onder die Boesmans soos voorspel is en dat die onderskeidelike gevolge van tropiese parasitisme en ondervoeding in 'n sekere mate geskei kan word deur 'n onderlinge rassevergeelyking.

'n Studie is gemaak van die omvang en gevolge van bloedvergiftiging en stuipe tydens swangerskap onder die Kaapse Kleurlingbevolking in vergelyking met die Blankes. 'n Interessante feit wat hieruit voortgespruit het was dat die oënskynlike groot omvang van bloedvergiftiging tydens swangerskap onder die Kaapse Kleurlingbevolking uitsluitlik te wyte is aan die Maleiergroep binne die breër groep Kaapse Kleurlinge en dat hierdie verskynsel onder laasgenoemde groep afgesien van die Maleiers nie 'n veel groter omvang het as onder die Blankes nie. Die rede vir die groot omvang van die verskynsel onder die Maleierbevolking, is ondersoek deur 'n vergelykende dieetopname van al die bevolkings. Daar was weinig verskil in die inname van die stapel-

Contact and Co-operation

The co-operation of other individuals and departments within the Hospital and the University, which is recorded in the last annual report, has been developed and maintained and has been most gratifying.

Certain Aspects of the Activities of the Unit

The visit of the Director of the Unit to the United States has provided great stimulus to the activities of the Unit in the following ways:—

- (1) New research methods have been studied some of which are applicable to the activities of the Unit.
- (2) The far-reaching importance of chronic malnutrition and the unique opportunities existing in Cape Town in the comparative racial study have been confirmed from many prominent research workers in nutrition.

The study of electrolyte shifts, especially sodium and potassium, and of fluid balance in cases of nephrosis and in certain nutritional disorders, especially Bantu pellagra, Bantu scurvy and "nutritional" heart disorder and oedema has been continued. By comparing findings with normal controls it is hoped to throw some light on the respective roles of renal haemodynamics, renal tubular function and extra-renal factors in the marked electrolyte and fluid changes which are apparent. This work has been greatly accelerated by the provision of a flame photometer through the Staff Research Fund of the University.

With the courtesy of the Head of the Department of Paediatrics, parallel studies in infants suffering from nutritional oedema or kwashiorkor have been pursued.

It is already clear that, as predicted, both tropical parasitism and malnutrition are responsible for the marked deviation of serum proteins in the Bantu and Negro peoples of Africa as well as in Bushmen, and that the respective effects of tropical parasitism and of malnutrition can be to some extent separated by inter-racial comparison.

A study has been made of the incidence and effects of pregnancy toxæmia and eclampsia in the Cape Coloured people, compared with Europeans. The interesting fact has already emerged, that the apparent high incidence of pregnancy toxæmia in the Cape Coloured people is due entirely to the Malay group within the broader group of Cape Coloured people and that the Cape Coloured people, apart from the Malays, have an incidence not significantly higher than that of Europeans. The reasons for the high incidence in the Malay group have been sought through a comparative dietary survey of the populations. Little difference has been brought to light in the dietary intake of the main nutrients, in these two groups with the exception of fats. Both qualitative and quantitative

voedsels tussen hierdie twee groepe, met uitsondering van vette. Sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe verskille in vetinname is erken maar daar is op die oomblik nog geen aanduiding dat hierdie verskille 'n etiologie rol speel by bloedvergiftiging en stuipe tydens swangerskap nie.

Die Departement van Sosiale Wetenskap het sy studie van die dieetspatroon van die hoof rassegroepe in die Kaapse Skiereiland voortgesit in medewerking met die Eenheid. Daar word gehoop dat volledige en vergelykende gegewens teen die einde van 1953 beskikbaar sal wees vir minderbevoorregte Blankes, Maleiers, ander Kaapse Kleurlinge en stedelike Naturelle. Hierdie agtergrondkennis van vergelykende dieetsinname op 'n wetenskaplike-kritiese grondslag, sal van onskatbare waarde wees.

GESINSGESONDHEIDNAVORSINGSEENHEID, DURBAN

Hoof van die Eenheid: DR. S. L. KARK,
Instituut vir Gesins- en Gemeenskapsgesondheid

Dr. S. L. Kark het in Mei 1953 na Israel vertrek waarna dr. Chesler die Waarnemende Hoof van die Eenheid geword het.

Soos reeds in vorige verslae vermeld, is 'n aantal studies verwant aan dié van die Navorsingseenheid deur personeellede van die Instituut vir Gesins- en Gemeenskapsgesondheid en sy aansluitende Gesondheidsentrums ontwikkel. Hierdie studies is voortgesit en in sommige gevalle uitgebrei deur drs. Lapping, Phillips, Chesler, Gampel en Abramson van die Instituut vir Gesins- en Gemeenskapsgesondheid en drs. Cassel, Slome en Abrams van die Pholela Gesondheidsentrum.

Familiestruktuur en Sy betrekking op die Grootmaak van Kinders

'n Aanvang is gemaak met 'n sosio-antropologiese studie van 'n Indiërgemeenskap. Noodsaaklike gegewens in verband met familie-organisasie, die grootmaak van kinders en ekonomiese status en hulle betrekking op die groei en ontwikkeling van die kind word ingesamel. Die opvattinge van Hindoes i.s. siekte en die tradisionele behandeling daarvan word ook ondersoek.

Studie oor die Ontwikkeling van Moeder en Kind

Voedingstoestand van die Moeder met Betrekking tot die Groei en Ontwikkeling van die Baba.—Hierdie werk is voortgesit. Aan die einde van Junie 1953, was daar 268 moeders in hierdie studie; die „proef”-groepe het afgeroomde poeiermelk en vitamienolie ontvang terwyl die moeders in die „kontrole”-groepe nie hierdie aanvullings ontvang het nie. Die moeders se voeding is breedvoerig ondersoek en hulle babas is dopgehou

differences in fat intake have been recognised, but there is at present no clue as to whether these differences play an aetiological role in relation to pregnancy toxæmia and eclampsia.

The Department of Social Science has continued in co-operation with the Unit to study the dietary pattern of the main racial groups in the Cape Peninsula. It is hoped that by the end of 1953 full and comparative data will be available for poor Europeans, Malays, other Cape Coloured people and urban Native people. This background knowledge of comparative dietary intakes on a scientifically critical basis will be of immense value.

FAMILY HEALTH RESEARCH UNIT, DURBAN

Head of the Unit: DR. S. L. KARK,
Institute of Family and Community Health

Dr. S. L. Kark left for Israel in May, 1953, and Dr. Chesler then became Acting Head of the Unit.

As mentioned in previous reports a number of studies related to those of the Research Unit have been developed by members of the staff of the Institute of Family and Community Health and its associated Health Centres. These studies have been continued and in some instances expanded by Drs. Lapping, Phillips, Chesler, Gampel and Abramson of the Institute, and Drs. Cassel, Slome and Abrams of the Pholela Health Centre.

Family Structure and Its Bearing on Child Bearing

A socioanthropological study of an Indian community has been commenced. Essential data are being collected on family organisation, child rearing and economic status as these relate to child growth and development. Hindu concepts of disease and traditional treatment are also being investigated.

Mother and Child Development Study

Maternal Nutrition in Relation to Growth and Development of the Infant.—This work has been continued. By the end of June, 1953, there were 268 mothers in the study; the “experimental” groups received dried skim milk and vitamin oil while mothers in the ‘control’ group did not receive the supplements. The mothers received detailed nutritional examinations and their babies were followed with respect to nutrition,

met betrekking tot voeding, groei en status van ontwikkeling. Die studie word voortgesit onder Indiërmoeders by Merebank en Naturellemoeders in een deel van die Lamontlokasie. Daarby word dieëtopnames met betrekking tot gehalte en hoeveelheid uitgevoer in sekere Indiërhuise met besondere verwysing na die voedselverbruik van die swanger vrou.

'n Vergelykende studie van die ondervindings, houdings, kennis en gedrag van moeders.—Hierdie studie word in drie verskillende gemeenskappe aangepak en sal in verband gebring word met die studie van die gezondheid en behoud van babas wat hier onder genoem word.

Die Baba

Studies aangaande gewig by geboorte en groei gedurende die eerste lewensjaar vir babas van verskillende rassegroepe in Suid-Afrika is voortgesit.

Drie verslae oor die werk in verband met gewig by geboorte is in die *British Journal of Social Medicine* gepubliseer en in die tydperk onder bespreking is twee addisionele verslae gepubliseer. 'n Lys van hierdie verslae verskyn in die byvoegsel.

Ondersoek na die gewigte van Blanke, Kleurling- en Bantoebabas gedurende die eerste 10 lewensdae is voortgesit waar gebruik gemaak is van die fasiliteite en verslae wat deur die Addingtonhospitaal en die McCord Zoeloehospitaal in Durban verskaf is.

Die eerste verslag van hierdie ondersoek, „Gewigte van Bantoebabas gedurende die eerste 10 lewensdae,” wag op publikasie. Gegewens is ingesamel vir die studie oor die groei van Blanke-, Bantoe-, Kleurling- en Indiërbabas gedurende 2-52 weke en 'n ontleding van die materiaal word gemaak.

Dr. Cassel van Pholela wat sy ondersoek oor die fisiologiese gewigsafname onder pasgeborenes by Pholela voltooi het alvorens hy na die V.S.A. vertrek het vir 'n tydperk van studie, is besig om sy werk persklaar te maak.

Die studie van die natuurlike ontwikkelingsgeskiedenis van aansteeking tydens die kleinkinderdae en jeug is voortgesit. Een groep babas is nou vir 4 jaar lank waargeneem.

Daar is 'n begin gemaak met 'n studie oor die gezondheid en behoud van babas. Dit is 'n vergelykende studie van 3 Naturelle- en 2 Indiërgemeenskappe wat deur die Instituut vir Gesins- en Gemeenskapsgesondheid bedien is met spesiale verwysing na :—

1. Vergelyking van sterftesyfers.
2. Gewigsgroei.
3. Aansteeking—blootstelling en voorkoms.
4. Moederlike sorg.
5. Sosiale en fisiologiese aanpassing.

Studies oor die grootmaak van babas met spesiale verwysing na babavoeding is voorgesit by Pholela, Lamontville en Merebank. Lede van die Sielkunde-

growth and developmental status. This study is being continued among Indian mothers at Merebank and Bantu mothers in one section of the Lamont Location. In addition, quantitative and qualitative diet surveys are being carried out in certain of the Indian homes with particular reference to the food consumption of the pregnant woman.

A comparative Study of Maternal Experiences, Attitudes, Knowledge and Behaviour.—This is being undertaken in three different communities and will be related to the study of infant health and survival mentioned below.

The Infant

Studies on birth weight and growth in the first year of life for babies of different racial groups in South Africa have been continued.

Three reports of the work on birth weights have been published in the *British Journal of Social Medicine* and, in the period under review, two additional reports were published. These are listed in the appendix.

Investigation into weights of European, Coloured and Bantu babies in the first 10 days of life was continued, using the facilities and records provided by the Addington Hospital and McCord's Zulu Hospital in Durban.

The first report of this investigation, “Weights of Bantu babies in the first 10 days of life,” is awaiting publication.

Data have been collected for the study on growth from 2-52 weeks in European, Bantu, Coloured and Indian babies and an analysis of the material is being made.

Dr. Cassel of Pholela, who completed his investigation on physiological loss of weight in the newborn at Pholela before he left for a period of study in the U.S.A., is preparing his work for publication.

The study of the natural history of the development of infections in infancy and childhood has been continued. One group of infants has now been followed for 4 years.

A study into infant health and survival was commenced. This is a comparative study of three African and two Indian communities served by the Institute of Family and Community Health with particular reference to :—

1. Mortality rates comparison.
2. Weight growth.
3. Infection—exposure and occurrence.
4. Maternal care.
5. Social and Physiological adjustment.

Studies of infant rearing with particular reference to infant feeding were continued at Pholela, Lamontville and Merebank. Members of the University of Natal's Department of Psychology conducted a study of weaning

departement van die Universiteit van Natal het 'n studie uitgevoer in verband met die speen van Naturellebabas by Pholela. Hierdie studie is voltooi en wag op publikasie. 'n Ondersoek na die omvang van borsvoeding by ontslag van Blanke-, Kleurling-, Bantoe- en Indiër-babas uit die hospitaal is voltooi en die stof word ontleed met die oog op publikasie.

As agtergrondmateriaal vir studies oor die groei van babas, is die omvang van buite-egtelikheid en die omvang van veelvoudige geboortes in Durban vir die vier rassegroepe ondersoek en ontleed.

Dr. C. Slome en dr. B. Abrams (Mediese Beampte en Tandarts by die Pholela Gesondheidsentrum) het hulle studies oor Tanddeurbraak onder Naturellebabas by Pholela voortgesit.

Kinders van Skoolgaande Ouderdom

Studies oor die groei en ontwikkeling van kinders in verskillende gemeenskappe is voortgesit.

Meisies.—Ten einde die groeitempo en voedings-toestand in verband te bring met puberteit, gaan 'n deel van die studie oor die ouderdom wanneer die maand-stondes 'n aanvang neem, waarvoor gegewens rakende al vier rassegroepe, ingesamel is.

'n Lid van die Eenheid het kliniese somatometriese en fotografiese ondersoeke op 'n groep meisies van Lamontville-skool uitgevoer wat nou vier jaarlikse ondersoeke ondergaan het. Hierdie ondersoeke is uitgebrei tot 'n groep skoolmeisies van Merebank en gereelde somatometriese metings word in hierdie groep gemaak.

Seuns.—Die puberteitstudies oor seuns waarvan in die laaste verslag melding gemaak is, is voortgesit en uitgebrei om Indiërseuns in te sluit.

Die voedingsproef onder Bantoe-meidjies en -jongens wat deur die Instituut uitgevoer is op aandrang van S.A.N.T.A. en die Durbanse „Voed die Kinders Fonds” is voltooi en 'n voorlopige verslag is aan die betrokke organisasies voorgelê.

Die Gesondheid van die Werker

Studies is gemaak van die epidemiologie van afwesigheid en ondersoek is ingestel na tipes en koste verbonde aan gesondheidsdienste wat die geskikste is vir Suid-Afrikaanse Nywerhede. Boonop is daar 'n aanvang gemaak met die ondersoek van gesondheidsprobleme waardeur die „witboordjie”-werkers geraak word.

Die verslag van Senior Gesondheidsinspekteur F. Bayer oor die besmetting van slakke met bilharzia in 'n dam wat teruggevoer is na besoedeling deur rioolwater wag tans op publikasie. Stof word ingesamel vir 'n verslag oor waarneming van parasitisme by varswater-slakke met spesiale verwysing na bilharzia.

of Native infants at Pholela. This study is completed and awaiting publication.

An investigation into the incidence of breast feeding on discharge from hospital of European, Coloured, Bantu and Indian babies has been completed and the material is being analysed with a view to publication.

As background material for studies on infant growth the incidence of illegitimacy and the incidence of multiple births for the four racial groups in Durban has been investigated and analysed.

Dr. C. Slome and Dr. B. A. Abrams (Medical Officer and Dentist at Pholela Health Centre) continued with their studies on tooth eruption in native babies at Pholela.

Children of Pre-school and School Age

Studies on growth and development in different communities have been continued.

Girls.—In order to relate the rate of growth and state of nutrition to puberty, part of the study concerns menarche age, for which data concerning the four racial groups have been collected.

A member of the Unit has made clinical, somatometric and photographic examinations of a group of Lamontville school girls who have now had four annual examinations. These examinations were extended to a group of Merebank school girls and regular somatometric measurements are done in this group.

Boys.—The puberty study on boys mentioned in the last report was continued and has been extended to include Indian boys.

The feeding experiment among Bantu girls and boys which the South African National Tuberculosis Association and the Durban “Feed the Children Fund” asked the Institute to conduct was concluded, and a preliminary report has been submitted to the organizations concerned.

The Health of the Worker

Studies have been made of the epidemiology of absenteeism and investigations of types and costs of health services best suited to South African Industry. In addition a start has been made into the examination of the health problems affecting “white collar” workers.

Awaiting publication is a report by Senior Health Inspector F. Bayer on bilharzial infection of snails in a dam traced to pollution with sewage. Material is being collected for report on parasitism in fresh-water snails, with special reference to bilharzia.

Naslaanbiblioteek

'n Belangrike aspek van die werk van die Navorsings-eenheid vir Gesinsgesondheid wat uitgevoer word, is die bou van 'n inhoudsopgawe-biblioteek met spesiale verwysing na die groei en ontwikkeling van kinders.

NAVORSINGSEENHEID VIR MENSLIKE BIOCHEMIE, JOHANNESBURG

Hoof van die Eenheid: DR. A. R. P. WALKER,
Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing

Ondersoeke na die Kalsiummetabolisme van die Suid-Afrikaanse Bantoebevolking

Ondersoeke in verband met die kalsiummetabolisme van die Bantoe wat enkele jare gelede 'n aanvang geneem het, is aangespoor deur die feit dat hierdie mense op 'n kalsium-inname bestaan wat baie laer is as dié van die Blankes en veel laer as die hoeveelhede wat deur oorsese gesaghebbende liggame aanbeveel word. Ondersoeke wat alreeds uitgevoer of nog aan die gang is, sluit in balanswaarnemings (studies oor inname, opbrengs en behoud), serum-kalsiumpeile, samestelling van moedersmelk en been, radiologiese studies, geneigtheid om bene te breek en die koers waarmee aanwas in lengte plaasvind. 'n Belangrike aspek wat nog ondersoek moet word is die bepaling van die kalsiumgehalte in die hele liggaam van Bantoes en Blankes. Desnieteenstaande dui navorsingswerk wat tot dusver gedoen is, daarop dat simptome wat spesifiek toe te skrywe is aan 'n lae kalsium-inname, nie sigbaar is by hierdie mense nie. Ons kan miskien net byvoeg dat 'n aantal groepe werkers sowel in die Verenigde State as in Brittanje meer en meer skepties staan teenoor die hoë standaard van die kalsium-inname wat tans deur ortodokse voedselkundiges gesteun word.

Ondersoeke na die Ystermetabolisme van die Suid-Afrikaanse Bantoebevolking

Navorsing op hierdie gebied spruit oorspronklik uit die waarneming van oorlede prof. Strachan (later deur prof. Gillman en ander werkers bevestig), dat die ingewande van volwasse Bantoes dikwels buitengewoon groot hoeveelhede yster bevat. Voortkomend uit studies wat aanvanklik gemaak is, is voorgestel dat die verskynsel moontlik te wyte kan wees aan 'n mondelinge „oormaat” yster aangesien die inname van buitengewoon groot hoeveelhede, afkomstig van die gebruik van yster eetgerei, algemeen is.

Studies wat tans nog aan die gang is dui daarop dat die voorkoms, ouderdom en geslag wat aangetas word, die verspreiding van die element en ander kenmerke almal van so 'n aard is dat verwag kan word dat hulle die gevolg is van mondelinge „oormaat” yster. Dit

Reference Library

An important aspect of the work of the Family Health Research Unit is the building up of an index library with special reference to child growth and development.

HUMAN BIOCHEMISTRY RESEARCH UNIT, JOHANNESBURG

Head of the Unit: DR. A. R. P. WALKER,
South African Institute for Medical Research

Investigations on the Calcium Metabolism of the South African Bantu

The investigations on the calcium metabolism of the Bantu, which began several years ago, were prompted by the fact that these people subsist on a calcium intake much lower than that of Europeans, and far lower than the allowances recommended by overseas authoritative bodies. Studies already carried out and those now completed or in progress include balance observations (intake, output and retention studies), serum calcium levels, composition of breast milk and of bone, radiological studies, proneness to fracture bones, and rate of attainment of height. An important aspect yet to be investigated is determination of percentage of calcium in total bodies of Bantu and European subjects. Nevertheless, research work thus far undertaken indicates that stigmata specifically attributable to a low calcium intake are not apparent in these people. It may be added that a number of groups of workers, both in the United States and Britain, are becoming increasingly sceptical of the high standard for calcium intake now favoured by orthodox nutritionists.

Investigations on the Iron Metabolism of the South African Bantu

Research work in this field arose originally from the observation of the late Professor Strachan (confirmed later by Professor Gillman and other workers) that the viscera of adult Bantu frequently contain abnormally large amounts of iron. Arising from initial studies, it was suggested that the phenomenon may possibly be due to oral iron “overload,” since the ingestion of excessive amounts of the element, derived mainly from the uptake from iron food utensils, is common.

Studies undertaken up to the present indicate that the incidence, age and sex affected, the distribution of the element, and other characteristics, are all such as might be expected to arise from oral iron “overload.”

is belangrik om daarop te let dat daar geen bewys hestaan dat „oormaat” yster nadelig is vir die gesondheid nie.

Metabolismestudies aan die Baragwanath-hospitaal vir nie-Blankes

Balanswaarnemings.—In medewerking met die Senior Kindergeneeskundige van die Hospitaal, dr. E. Kahn is balanswaarnemings gedoen op 'n reeks Bantoebabas wat aan gevorderde ondervoeding (Kwashiorkor) ly, 'n algemene verskynsel wat verantwoordelik is vir 'n besonder hoë sterftesyfer onder lyers wat geen behandeling ontvang nie. Melding kan gemaak word van enkele voorlopige waarnemings. Die hoofkenmerk van babas wat tot die hospitaal toegelaat word, is gebrekkige absorbering in die spysverteringskanaal. Van die totale uitskeidings (van niere en derms) word tweederdes van die water, vier-vyftes van die totale vaste stowwe en ongeveer die helfte van die stikstof en natrium, in die diaree-ontlastings uitgewerp. Na gedeeltelike herstel, en deur die gebruik van 'n aangesuurde afgeroomde melkpreparaat, is daar 'n skielike verskuiwing in die uitskeidingskanaal van al hierdie stowwe van ontlasting tot uriene wat dui op verbeterde absorbering en metabolisme. Teenstrydig met die algemene verwagting, bly die nierfunksie bevredigend in sover as wat dit deur die soortelike gewig van uriene weerspieël word, self in gevorderde gevalle van ondervoeding. By sommige babas egter, is die verliese aan vloeistof so groot dat urienvermindering intree ten spyte van bevredigende vloeistofinname. Verdere werk duur voort.

Gebrek aan sweet in ondervoede Bantoebabas wat aan edeem ly.—Aangesien dit 'n bekende feit is dat somerhitte en vogtigheid die portret van ondervoeding baie vererger, is etlike ondervoede Bantoebabas met edeem sowel as kontrolegevalle gedurende die winter blootgestel aan somerhitte in 'n geventileerde metaboliese saal. Daar is gevind dat :—

1. Ondervoede babas wat aan edeem ly, sweet baie min, boonop ontstaan daar 'n styging in liggaamstemperatuur.
2. Na 'n behandeling van etlike dae of weke met 'n aangesuurde melkpreparaat totdat edeem nie langer aanwesig is nie, sweet die babas wat daarvan herstel het vrylik, soos die kontroles, en albei groepe toon 'n baie klein styging in temperatuur. Bewys is gelewer dat die onreëlmatigheid in sweetreaksie te wyte is aan swak oppervlaksbloedsomloop.

Die openbaring van hierdie verskynsel in verhouding tot die aanval van „Somardiaree” by ondervoede Bantoebabas wat volg op 'n seisoenstyging in atmosferiese temperatuur, word verder ondersoek.

It is important to note that there appears to be no evidence that iron “overload” *per se* is detrimental to well-being.

Metabolism Studies at Baragwanath non-European Hospital

Balance Observations.—In collaboration with the Senior Paediatrician of the Hospital, Dr. E. Kahn, balance observations have been carried out on a series of Bantu infants suffering from advanced malnutrition (kwashiorkor), a common condition responsible for a very high mortality in untreated sufferers. Certain tentative observations may be mentioned. The chief characteristic of infants on admission to hospital is defective absorption in the gastro-intestinal tract. Of the total excreta from kidneys and bowel, two-thirds of the water, four-fifths of the total solids, and about half of the nitrogen and sodium, are voided in the diarrhoeal stools. After partial recovery, using an acidified skimmed milk preparation, there is a dramatic shift in the pathway of excretion of all these substances from stool to urine, indicative of improved absorption and metabolism. Contrary to expectation, renal function, in so far as it is reflected by specific gravity of urine, remains satisfactory, even in advanced cases of malnutrition. However, in some infants, losses of fluids are so large that anuria occurs in spite of satisfactory fluid intake.

Further work is proceeding.

Lack of Sweating in Malnourished Bantu Infants with Oedema.—Since it is known that summer heat and humidity severely aggravate a malnutritional picture, certain malnourished Bantu infants with oedema, also controls, were subjected in winter to summer stress in an air-conditioned metabolic ward. It has been found that :—

- 1 Malnourished infants with oedema perspire very little; moreover, a rise in body temperature occurs.
- 2 After several days or weeks of treatment with acidified milk preparation, by which time oedema is no longer present, recovered infants perspire freely, comparable to controls, both groups showing very little rise in temperature. Evidence suggests that the disorder in sweat response is due to poor peripheral circulation.

The relevance of this phenomenon in relation to the onset of “Summer Diarrhoea” in poorly nourished Bantu infants following seasonal rise in atmospheric temperature, is being further investigated.

periodes versamel en die verlies aan aktiewe yster (en daaropvolgende bloedverlies) bepaal. Ten slotte word die pasiënt ontworm, die wurms word getel en die bloedverlies per wurm per dag bereken. Na talyke moeilikhede van organisasie en laboratorium-tegniek, is die eerste pasiënt met sukses ondersoek. Dit sal egter voorbarig wees om die resultate te bespreek alvorens 'n verdere aantal persone nie ook ondersoek is nie.

Nikotiensuurkonsentrasie in die melk van Bantoemoeders

'n Dieët wat ontbreek aan nikotiensuur word gewoonlik beskou as 'n oorsakende faktor in die ontwikkeling van pellagra, 'n siekte te wyte aan ondervoeding wat algemeen voorkom onder die Bantoes en ander mielie-etende volke. Hierdie toestand is enigszins verwarrend aangesien die Bantodieët, veral wanneer dit groot hoeveelhede gegiste graanpreparate insluit sodanig is dat dit 'n bevredigende vitamieninname behoort te gee. Amerikaanse werkers het egter onlangs aangetoon dat baie van die nikotiensuur in mielies aanwesig is in „gebonde” vorm en minder toeganklik is vir metabolisme as dié in koring.

'n Moontlike gevolg is dat Bantoemoeders 'n lae vitamienkonsentrasie in hulle melk mag toon afgesien van 'n bevredigende nikotiensuurinname. In medewerking met mediese beamptes by sekere hospitale en klinieke sowel as met die Buro vir Standaarde wat die vitamienbepalings onderneem het, het die ondersoek die volgende aan die lig gebring:—

- (a) Die konsentrasie van nikotiensuur in die melk van Bantoemoeders is veel minder ('n gemiddelde van minder as die helfte) as die by Blanke moeders, ten spyte van 'n bevredigende vitamieninname.
- (b) Die gemiddelde waarde vir Indiër- en Kleurlingmoeders wat laat drink en 'n laer mielie-inname het, is hoër as dié van die Bantoemoeders hoewel nog veel minder as die van Blanke moeders.
- (c) 'n Klein aantal Bantoe- en Indiërmoeders op 'n Blanke dieet wat baie min mielies bevat, het 'n gemiddelde waarde gehad soortgelyk aan dié vir Blanke moeders.

Die rede vir die lae konsentrasie nikotiensuur in die melk van Bantoemoeders is nie duidelik nie: die verskynsel kan beskou word as 'n faset van die algemene metaboliese portret wat afgedruk word deur 'n mielie-ryke dieet. Die lae waarde is egter van twyfelagtige betekenis; eerstens aangesien geen simptome van ondervoeding (insluitende pellagra) wat van toepassing is op Bantoebabas wat uitsluitlik aan die bors gevoed is, waargeneem is nie en tweedens omdat die nikotiensuurinname by babas wat met sukses op koemelk gevoer is, nog minder is as die van Bantoebabas wat aan die bors gevoed is. Verdere werk duur voort.

calculated. After overcoming numerous difficulties of organisation and laboratory technique, the first subject has been successfully examined, but it would be premature to discuss results before further infested persons have been investigated.

Nicotinic Acid Concentration in Bantu Breast Milk

A diet deficient in nicotinic acid is usually regarded as a causative factor in the development of pellagra, a nutritional disease common among the Bantu and other maize eating people. That this should be so has been puzzling, for the Bantu diet, particularly when it includes large amounts of fermented cereal preparations, is such as to afford a fairly satisfactory intake of the vitamin. However, American workers have recently shown that much of the nicotinic acid in maize is present in “bound” form, and less available for metabolism than that present in wheat. A possible consequence may well be that even with satisfactory nicotinic acid intake, Bantu mothers will show a low concentration of the vitamin in their breast milk. In collaboration with medical officers to certain hospitals and clinics, and also with the Bureau of Standards who undertook the vitamin determinations, investigation has revealed that:—

- (a) The concentration of nicotinic acid in Bantu breast milk is much less (an average of less than half) than that for European mothers, despite a satisfactory intake of the vitamin.
- (b) The average value for Indian and Coloured lactating mothers, with lower maize intake, is higher than that of the Bantu mothers, though still much less than that of European mothers.
- (c) A small number of Bantu and Indian mothers on a Europeanised diet containing little maize had an average value similar to that of European mothers.

The reason for the low concentration of nicotinic acid in Bantu breast milk is not clear: the phenomenon may be regarded as a facet of the general metabolic picture imposed by a diet rich in maize. However, the low value is of questionable nutritional significance; firstly, since no relevant nutritional stigmata, including pellagra, have been observed in exclusively breast fed Bantu infants; and secondly, because the nicotinic acid intake by babies successfully fed on a cow's milk diet is still less than that of breast fed Bantu babies. Further work is being carried out.

Biochemie van Gynaecomastia

Gynaecomastia of vergroting van die manlike bors wat algemeen onder die Bantoes voorkom, word dikwels beskou as 'n bewys van die mislukking van die lewer om hormone wat voortgebring word deur die teelkliere en byniere, buite werking te stel. 'n Paar opvallende gevalle onder mynwerkers wat deur die Hoofkantoor van die Witwatersrandse Naturellearbeidsvereniging in Johannesburg gegaan het, is ondersoek met betrekking tot hulle kliniese geskiedenis, bloed-biochemie, urien-ontlading en hematologie. Die aantal persone wat tot dusver ondersoek is, is te min om tot gevolgtrekkings te kom aangaande die oorsaak of betekenis van hierdie interessante verskynsel.

GEMEENSKAPLIKE VOEDINGSNAVORSINGS-EENHEID VAN DIE W.N.N.R. EN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND

Hoof van die Eenheid: PROF. J. GILLMAN,
Universiteit van die Witwatersrand

Die hoofdoel van die Eenheid was vanjaar die versameling van alle inligting betreffende die voedingswaarde van mielies in verskillende vorms wat ingewin is deur proewe wat tydens die afgelope vyf jaar uitgevoer is. Die verslag van hierdie werk behoort teen die einde van 1953 gepubliseer te word.

Die langtermynproewe wat bedoel is om die uitwerking van mielies op die lewensgang van die mens toe te lig, sal teen die einde van 1954 voltooi word. Met die bykomende inligting wat beskikbaar gestel sal word as gevolg van die program van medewerking met dr. Loustalot van Basle en dr. Saxen van Helsinki, behoort daar nuttige wenke te wees met betrekking tot die relatiewe belangrikheid van klimaats- en genetiese faktore in die wysiging van die gevolge van sy dieet op die lewensgang van die knaagdier.

Dierevoeding

Die ontleding van proewe i.v.m. die voeding van rotte het tot dusver die volgende aan die lig gebring:—

1. Wanneer mielies die hoofbron van koolhidraat in 'n dieet uitmaak, moet 'n minimum van 2 persent proteïen bygevoeg word ten einde afdoende groei en behoud te verseker.
2. Die proteïen in mielies, saam met dié afkomstig van enige ander bron, kan nie met sukses gebruik word in die afwesigheid van die bykomende vitamien A en D en 'n gebalanseerde soutmengsel nie.
3. Sojaboontjies, as 'n bykomende bron van proteïen in 'n mieliedieet is uiters onbevredigend in die afwesigheid van bykomende soute en vitamien A

Biochemistry of Gynaecomastia

Gynaecomastia or enlargement of the male breast, not uncommonly observed in the Bantu, is often regarded as evidence of the failure of the liver to inactivate hormones produced by the gonads and adrenals. A few well marked cases in mine-workers, passing through the Witwatersrand Native Labour Association Headquarters in Johannesburg, have been investigated with regard to their clinical history, blood biochemistry, urine analysis, and haematology. The number of subjects examined thus far is insufficient to allow conclusions to be drawn either on the aetiology or the significance of this interesting phenomenon.

JOINT C.S.I.R./WITWATERSRAND UNIVERSITY NUTRITION RESEARCH UNIT

Head of the Unit: PROF. J. GILLMAN,
University of the Witwatersrand

This year, the main effort of the Unit has been directed towards assembling all the information concerning the nutritional value of maize, in a variety of settings, accumulated from experiments conducted over the last five years. The report of this work should be published by the end of 1953.

The long-term experiments designed to elucidate the effect of maize on the life track will be completed towards the end of 1954. With the additional information which will become available as a result of the collaborative programme with Dr. Loustalot of Basle and Dr. Saxen of Helsinki some useful leads should be obtained as to the relative importance of climate and genetic factors in modifying the effects of diet on the life track of the rodent.

Animal Nutrition

The analysis of rat nutritional experiments thus far reveals that:—

1. When maize constitutes the main source of carbohydrate in a diet, a minimum level of 2 per cent. added protein is essential for adequate growth and survival.
2. The protein in maize, together with that derived from any other source, cannot be effectively utilised in the absence of additional vitamins A and D and a balanced salt mixture.
3. Soya bean, as a source of additional protein in a maize diet, is very unsatisfactory in the absence of additional salts, and vitamins A and D. Even

—en D. Selfs wanneer 'n geskikte soutmengsel en vitamien A en D in die dieet ingesluit word, kan ernstige beskadiging aan die niere en agteruitgang van die hartbloedvatstelsel verwag word.

4. Hoe waardevol afgeroomde poeiermelk ook al mag wees as aanvulling by die diëte van diere tydens korttermynproewe, sal die niere en lewer onder andere, patologiese veranderinge van 'n wisselende graad toon behalwe as dit met 'n konsentrasie van 20 persent in die dieet voorsien word.
5. Dit moet beklemtoon word dat mielies in verskillende vorms, selfs wanneer dit aangevul word deur poeiermelk (onder 10 persent), sojaboontjies of kaseïen vernietigende gevolge op die geraamte het. In hierdie verband het die Eenheid die aandag gevestig op die besonder hoë voorkoms van rachitis onder Naturellekinders onder die ouderdom van drie jaar. Laasgenoemde waarneming is daarna klinies en radiologies aan die Coronation-hospitaal bevestig.
6. Groei alleen is geensins 'n geskikte aanduiding van die doeltreffendheid vir 'n diëet nie. In 'n sekere voedingsverband, mag die diere afdoende groei en terselfdertyd wydverspreide patologiese veranderinge in die inwendige organe, spiere en geraamte tydens die proses ontwikkel. So lank as mielies die stapelvoedsel van die ekonomies-lae groepe uitmaak, is die uitskakeling van siektes te wyte aan ondervoeding onuitvoerbaar afgesien van die feit dat dit 'n besonder duur onderneming sal wees.

Lewerkarsinoom

Die onderlinge verhouding tussen diëet, beskadiging van die lewer en lewercancer is gedurende 1953 met groot ywer ondersoek. Die volgende is vasgestel deur die navorsing van die Eenheid :—

1. 'n Diëet wat in alle opsigte gebalanseerd is, behalwe dat dit ontbreek aan vette en die vet-oplosbare vitamien (A en D), is in staat om oormatige groei van die galbuis in die lewer te bevorder en kan in sommige gevalle die vergroting van die gewone galbuis veroorsaak.
2. Oormatige groei van die galbuis kan voorkom en genees word deur,
 - (a) die byvoeging van beesvet wat nie bewysbare vitamien A bevat nie, en
 - (b) die toediening van tioürasil of tioüream.

Daar word in laasgenoemde geval gesuggereer dat ensiemstelsels wat gedeeltelike of heeltemal verstop is deur tioürasil of tioüream noodsaaklik is vir die bevordering van oormatige groei van die galbuis. Wanneer tioüream vir 'n lang tyd aan rotte op 'n gebalanseerde rantsoen gegee

when a suitable salt mixture and vitamins A and D are included in the diet, profound kidney damage and cardio-vascular degeneration are still to be expected.

4. However valuable skimmed milk powder may be in supplementing the diets of animals in short range experiments, unless supplied at a concentration of 20 per cent. in the diet, the kidney and the liver, amongst other organs, will show pathological changes of a varying degree of severity.
5. It is to be emphasized that maize, in a variety of different settings, even when supplemented with milk powder (below 10 per cent.) or soya bean or casein produces devastating effects on the skeleton. In this connection the Unit has drawn attention to the very high incidence (over 50 per cent.) of rickets in Bantu children under the age of three years. The latter observation was subsequently confirmed clinically and radiologically at Coronation Hospital.
6. Growth alone is by no means a suitable indicator for assessing the efficiency of a diet. In some nutritional contexts, the animals may grow efficiently and in the process develop widespread pathological changes in the internal organs, in the muscles and in the skeleton. As long as maize constitutes the main food of the low economic groups, the elimination of nutritional disease is impracticable and would be an extremely costly undertaking.

Carcinoma of the Liver

The inter-relationship of diet, liver injury and cancer of the liver has been pursued with great intensity during 1953. The Unit's investigations have established that :—

1. A diet balanced in all respects, except that it lacks fats and the fat-soluble vitamins (A and D), is capable of promoting marked intrahepatic bile duct hyperplasia and, on occasion, enlargement of the common bile duct.
2. Hyperplasia of the bile ducts can be prevented and cured—
 - (a) by the addition of beef fat, which does not contain demonstrable vitamin A, and
 - (b) by the administration of thiouracil or thiourea, suggesting in the latter instance that enzyme systems, partially or completely blocked by thiouracil or thiourea are essential for promoting bile duct hyperplasia. Prolonged feeding of thiourea to rats on a balanced ration promotes the development of a fatty liver, marked dilatation of the intrahepatic bile ducts and an overgrowth of fibrous tissue which is confined to the

word, bevorder dit die ontwikkeling van 'n vet-lewer, veroorsaak opvallende swelling van die galbuise in die lewer en die groei van veselagtige weefsel wat beperk is tot die hiperplastiese en vergrote buise. By die mens word 'n soortgelyke sistiese verandering in die galbuise binne die lewer beskou as van onbekende oorsaak of van erflike oorsprong. Hierdie proewe bring aan die lig dat die sistiese galbuise gladnie van erflike oorsprong hoef te wees nie maar deur voeding veroorsaak word by volwasse rotte.

3. Die inplanting van estrogeenkoeëltjies in rotte wat op 'n vetvrye dieët is, vererger die oormatige groei van die galbuise en prikkel die lewerselle tot sulke veelvormige reaksies dat laasgenoemde ooreenkom met die voorkankertoestand wat beskryf word by rotte wat op 'n dieët van bottergeel is. Manlike rotte word baie ernstiger hierdeur aangetas as vroulike rotte. Hierdie seksuele verskil in reaksievermoë is van besondere belang in die lig van waarneming wat deur dr. Davies in Oeganda gemaak is nl. dat die voorkoms van lewerkarsinoom by die Naturel twintig maal hoër is by mans as by vrouens. Die bewys dat deur eksperimente met rotte gelewer is dui daarop dat buislose sowel as voedingsfaktore op die spel is by die produksie van lewerkarsinoom. 'n Toevallige waarneming is dat thiourea chromatoliese kerns kan voortbring wat soortgelyk is aan dié wat in die lewers van mense wat aan suikersiekte ly, gevind word selfs al word dit beheer deur insulien.

Die Makromolekulêre Simptogroep

Verskeie studies is gedurende 1952-1953 voltooi.

1. 'n Korrelasie tussen die struktuur van kleurstof en sy vermoë om retikulosis te veroorsaak.
2. 'n Spektrometriese studie van die bindende vermoë van plasmaproteïen-kleurstofkomplekse in verskillende diere om vas te stel of dit enige aanduiding kan gee waarom retikulosis reeds vroeg ontwikkel by sommige soorte terwyl ander daarteen bestand is.
3. Die hemolitiese uitwerking van dekstrien, tripanblou en saponien.
4. Die ontstaan van gesigsgebreke wat proefondervindelik veroorsaak is in rotte wat met tripanblou behandel is.

Eksperimentele Fisiologie en Metabolisme van die Bobbejaan

Die groei en ontwikkeling van die bobbejaan en die uitslag van die maandstondsiklus en van swangerskap onder bekende dieettoestande is versigtig gestandaardiseer na byna twintig jaar se arbeid. Die vervolmaking van

hyperplastic and dilated ducts. In man, similar cystic change in the intrahepatic bile ducts is regarded either as having an unknown etiology or as having a congenital origin. These experiments disclose that the cystic bile ducts need not be of congenital origin but can be produced nutritionally in adult rats.

3. The implantation of pellets of oestrogen into rats on a fat-free diet so intensifies the bile duct hyperplasia and stimulates such marked pleiomorphic reactions in the liver cells that the reaction resembles the pre-cancerous state described in butter-yellow fed rats. Male rats are much more seriously affected than female rats. This sexual difference in reactivity is of particular interest in view of the observations made by Dr. Davies in Uganda that the incidence of carcinoma of the liver in the African is twenty times greater in males than in females. The evidence from experiments in rats more than indicates that both nutritional and endocrine factors are at play in the production of hepatic carcinoma. A coincidental observation is that thiourea can produce chromatolytic nuclei similar to those described in the livers of human diabetics, even when controlled by insulin.

The Macromolecular Syndrome

Several studies have been completed during 1952-1953.

1. A correlation between dye structure and the capacity of the dye to produce reticulosis.
2. A spectrophotometric study of the binding capacities of plasma protein-dye complexes in different animals to determine whether this can give any indication as to why some species develop reticulosis early whereas others are immune.
3. The haemolytic effects of dextran, trypan blue and saponin.
4. The pathogenesis of eye defects produced experimentally in trypan-blue treated rats.

Experimental Physiology and Metabolism of the Baboon

The growth and development of the baboon and the events of the menstrual cycle and of pregnancy under known conditions of diet have been carefully standardised after almost twenty years of work. The perfection

tegnieke vir die verwydering van die bynier, skildklier en harsingslymklier (laasgenoemde met die bekwame bystand van dr. E. Epstein) het voorlopige ramings van die uitwerking van sulke veranderings van buislose kliere op die groei en reprodktiewe siklus in mannetjie- en wyfiebobbejane, moontlik gemaak. Die weg is nou geopen vir verdere uitbreiding van hierdie navorsing tot die metaboliese peil met besondere verwysing na die metabolisme van proteïene, koolhidrate, water elektroliete, lipiede en jodium.

Proteïenmetabolisme.—Gedurende die afgelope twee jaar is 'n groot aantal gegewens ingesamel aangaande die faktore wat die plasmaproteïene in wyfiebobbejane reël gedurende die maandstondsiklus en swangerskap by diere waarvan die skildklier en harsingaanhangsel verwyder is, by mannetjie- en wyfiebobbejane wat gekastreer is en by diere onder proefbehandeling, en word nou in monografiese vorm verwerk. Wanneer dit gepubliseer word, sal hierdie monografie 'n fundamentele bydrae lewer tot die verklaring van proteïenmetabolisme.

Jodium- en Lipiedmetabolisme.—'n Omvattende ontleding is gemaak van die jodium- en lipiedmetabolisme gedurende die maandstondsiklus en swangerskap by die bobbejaan. Proefresultate word nou versamel vir publikasie. Gedurende hierdie ondersoek, is distilleertegniese vir die groot hoeveelheid van proteïengebonde jodium krities ontleed en baie moeilikhede wat die roetineskatting van proteïengebonde jodium gestrem het, is opgelos.

Watermetabolisme.—Noukeurige waterbalansstudies is uitgevoer op die bobbejaan tydens die normale maandstondsiklus. Daar is bepaal dat die oormatige urienafskeiding wat net na eieruitstoting voorkom, nie deur die hormone van die agterste slymklier voorkom kan word nie. Bowendien is gevind, in teenstelling met die algemene verwagting, dat die toediening van desoksikortikosteron-asetaat of progesteron gedurende die eerste fase van die siklus, nie alleen die ophoping van water stuit nie maar inderdaad 'n negatiewe waterbalans bespoedig.

Dit is duidelik dat 'n korrelasie tussen die skommeling in die proteïene en in die elektroliete veel lig mag werp op die faktore wat die buitengewone waterskuivings gedurende die maandstondsiklus van die bobbejaan kontroleer. Die verklaring van hierdie probleem sal 'n bydrae lewer tot die kennis van watermetabolisme in die algemeen.

Koolhidraatmetabolisme.—Die studie van koolhidraatmetabolisme het onlangs 'n aanvang geneem met normale bobbejane en bobbejane waarvan die skildklier en harsingaanhangsel verwyder is.

of techniques for removal of the adrenal, thyroid and pituitary (the latter with the skilled assistance of Dr. E. Epstein), has enabled preliminary assessments of the effects of such endocrine ablations on growth and on the reproductive cycle in male and female baboons to be made. The way has been paved now for extending these investigations to the metabolic level with particular reference to the metabolism of protein, carbohydrates, water, electrolytes, lipids and iodine.

